



**Die reaksie van Christene
op veronregting volgens 1 Petrus:
'n Eksegeties-hermeneutiese studie,
toegepas op die Christen in Suid-Afrika**

HC van Rooy

 **orcid.org/0000-0002-2482-6996**

Skripsie aanvaar ter nakoming vir die graad
Magister Theologiae in Nuwe Testament
aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof dr Fika Janse van Rensburg

Gradeplegtigheid: Mei 2020

Studentenommer: 10106928

Voorwoord

Met die bestudering van 1 Petrus het ek al meer onder die indruk gekom van die wonder van ons Here se genade-woord vir elke tyd en situasie, uiteraard ook vir ons in die 21ste eeu. Aan Hom al die eer, vir sy Woord, asook vir die geleentheid om dit te kan bestudeer.

My hartlike dank aan Prof Fika J van Rensburg, my studieleier, vir sy kundige en bekwame leiding, sy geduld en aanmoediging om hierdie studie te kon aanpak en te voltooi.

Ek is dankbaar teenoor die PUK en later die NWU vir nie net my akademiese loopbaan nie, maar ook vir vormingswaarde wat ek in en vanweë die georganiseerde studentelewe ervaar het. Ek is ook dankbaar vir die finansiële ondersteuning deur middel van beurse.

Verskeie Gereformeerde gemeentes van die GKSA het oor jare meegewerk aan my eie teologiese vorming. Besonder dank aan hulle en veral aan die Gereformeerde Kerk Randburg, wat ek tans bedien, vir studieverlof en finansiële ondersteuning om die studie moontlik te kon maak.

Waardering ook aan my gesin, familie, vriende en geloofsgenote vir aansporing, meelewing en voorbidding.

Charl van Rooy

November 2019

Opsomming

Dit blyk dat baie Christene in die post-1994 Suid-Afrika hulle situasie, in die werkplek sowel as in die samelewing in die breë, as diskriminerend beleef. Dit is asof hulle, saam met die politieke oorgang tydens 1994, ook iets van hulle identiteit en gevoel van waarde verloor het.

Die geldigheid al dan nie van hierdie persepsie is nie die fokus van die studie nie. Die Skrif gee duidelike prinsipiële leiding hoe Christene behoort op te tree wanneer hulle veronregting en diskriminasie beleef – ongeag die objektiewe geldigheid van hierdie belewenis.

In hierdie studie word vanuit 1 Petrus (wie se geadresseerdes werklike veronregting deurgemaak het) Skrifperspektiewe afgelei en die resultate daarvan toegepas op die Christen in post-1994 Suid-Afrika.

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om op grond van 1 Petrus prinsipiële leiding te gee hoe Christene wat veronregting in die samelewing ly, behoort te reageer.

Abstract

Many Christians seemingly experience the workplace and society at large of post-1994 South-Africa as discriminating. It feels to them as though they lost part of their identity and sense of value and belonging with the political transition of 1994.

The validity of these perceptions is not the focus of the study. Scripture provides clear guidance on how Christians ought to react in the face of injustice and discrimination – regardless of the objective validity of these experiences.

This study identifies Scriptural perspectives from 1 Peter (whose audience endured true injustice) and applies the results to the post-1994 Christian in South-Africa.

The overall objective of this study is principally to offer guidance, in reference to 1 Peter, on how Christians should respond to injustice.

Sleutelsterme

1 Petrus; Grammaties-histories; Vreemdelinge; Gevestigde uitlanders; Besoekende uitlanders; Veronregting; Reaksie op veronregting

Keywords

1 Peter; Grammatical-historical; Aliens; Resident aliens; Visiting aliens; Discrimination; Response to discrimination

Oorsigtelike inhoudsopgawe

Contents

Hoofstuk 1 Inleiding: oriëntasie en probleemstelling.....	11
Hoofstuk 2 Die tersaaklike sosio-historiese konteks van die geadresseerdes in 1 Petrus.....	15
2.1. Inleiding	15
2.2. Die identiteit en status van die geadresseerdes	15
2.3. Die plek en omstandighede van die geadresseerdes	17
Hoofstuk 3 Bepaling van die Skrifperspektiewe in 1 Petrus vir reaksie teenoor veronregting	23
3.1. Inleiding	23
3.2. Die doel van 1 Petrus.....	23
3.3. Die gedagte-opbou van 1 Petrus.....	23
3.4. Identifisering van riglyne vir reaksie op veronregting, en die plasing daarvan binne die gedagte-opbou van die brief.....	26
3.5. Eksegese van die tersaaklike perikope	30
3.6. Gevolgtrekking.....	77
Hoofstuk 4 Prinsipiële riglyne vanuit 1 Petrus vir Christene wat veronregting ervaar in post-1994 Suid-Afrika	79
4.1. Inleiding	79
4.2. 'n Tipering van die konteks van post-1994 Christene in Suid-Afrika.....	79
4.3. Prinsipiële riglyne vir post-1994 Christene in Suid-Afrika	80
4.4. Samevatting.....	89
Hoofstuk 5 Samevatting en gevolgtrekking	91
5.1. Onderstaande bevat 'n samevatting van die studie:	91
5.2. Gevolgtrekking	93
5.3. Moontlike onderwerpe vir verdere studie.....	93
Bibliografie	95

Volledige Inhoudsopgawe

Contents

Hoofstuk 1 Inleiding: oriëntasie en probleemstelling.....	11
1.1 Titel van studie.....	11
1.2. Agtergrond en probleemstelling	11
1.3. Doelstelling en doelwitte	12
1.4. Die sentrale teoretiese argument	12
1.5. Metodologie	12
Hoofstuk 2 Die tersaaklike sosio-historiese konteks van die geadresseerdes in 1 Petrus.....	15
2.1. Inleiding	15
2.2. Die identiteit en status van die geadresseerdes	15
2.2.1. Παροίκοι.....	16
2.2.2. Παρεπιδήμοι.....	16
2.2.3. Παροικία.....	16
2.2.4. Οικέται.....	17
2.2.5. Samevatting	17
2.3. Die plek en omstandighede van die geadresseerdes	17
2.3.1. Die redes vir hulle veronregting	17
2.3.2 Vorms van lyding waaraan hulle onderwerp is	19
2.3.3. Die uitwerking van die veronregting	20
2.3.4. Samevatting	21
Hoofstuk 3 Bepaling van die Skrifperspektiewe in 1 Petrus vir reaksie teenoor veronregting	23
3.1. Inleiding	23
3.2. Die doel van 1 Petrus.....	23
3.3. Die gedagte-opbou van 1 Petrus.....	23
3.4. Identifisering van riglyne vir reaksie op veronregting, en die plasing daarvan binne die gedagte-opbou van die brief.....	26
3.4.1. Identifisering van riglyne vir reaksie op veronregting	26
3.4.2. Plasing van die betrokke perikope binne die gedagte-opbou van 1 Petrus.....	29
3.5. Eksegese van die tersaaklike perikope	30
3.5.1. Inleiding.....	30
3.5.2. Gerigte eksegese van 1 Petrus 2:11-12	30
3.5.3. Gerigte eksegese van 1 Petrus 2:13-17: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die politieke owerheid	35

3.5.4. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 2:18-25: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die werkgewer.....	41
3.5.5. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 3:1-7: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die huweliksmaat.....	48
3.5.6. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 3:8-12: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die naaste in die algemeen	53
3.5.7. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 3:13 – 4:19: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die houding teenoor- en reaksie op veronregting	59
3.5.8. 'n Samevatting van Skrifperspektiewe as reaksie op veronregting in 1 Petrus	76
3.6. Gevolgtrekking.....	77

Hoofstuk 4 Prinsipiële riglyne vanuit 1 Petrus vir Christene wat veronregting ervaar in post-1994 Suid-Afrika..... 79

4.1. Inleiding	79
4.2. 'n Tipering van die konteks van post-1994 Christene in Suid-Afrika.....	79
4.3. Prinsipiële riglyne vir post-1994 Christene in Suid-Afrika	80
4.3.1. Inleidend	80
4.3.2. 1 Petrus 2:11-12: Die basiese prinsipiële riglyn	81
4.3.3. 1 Petrus 2:13-17: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met die politieke owerheid	82
4.3.4. 1 Petrus 2:18-25: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met hulle werkgewers.....	83
4.3.5. 1 Petrus 3:1-7: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met hulle huweliksmaats.....	84
4.3.6. 1 Petrus 3:8-12: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met hulle naaste in die algemeen.....	85
4.3.7. 1 Petrus 3:13-17: Die prinsipiële riglyn as vertrekpunt vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting.....	86
4.3.8. 1 Petrus 4:1-7a: Die prinsipiële riglyn vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting	87
4.3.9. 1 Petrus 4:7b-11: Die prinsipiële riglyn as plan van aksie vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting.....	88
4.3.10. 1 Petrus 4:12-19: Die samevattende prinsipiële riglyn vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting.....	88
4.4. Samevatting.....	89

Hoofstuk 5 Samevatting en gevolgtrekking 91

5.1. Onderstaande bevat 'n samevatting van die studie:	91
5.1.1. Oriëntasie en probleemstelling (hoofstuk 1).....	91
5.1.2. Die ter saaklike sosio-historiese konteks (hoofstuk 2).	91
5.1.3. Die bepaling van Skrifperspektiewe in 1 Petrus (hoofstuk 3).....	92

5.1.4. Die prinsipiële riglyne (hoofstuk 4)	92
5.2. Gevolgtrekking	93
5.3. Moontlike onderwerpe vir verdere studie.....	93
5.3.1. 'n Vergelykende studie van al die huistafels in die Nuwe Testament om die opdrag aan Christene binne verskillende sosio-historiese kontekste vas te stel – 'n Eksegeties-hermeneutiese studie.....	93
5.3.2. 'n Genesingsproses vir veronregtes en vir die samelewing op grond van die Skrifperspektiewe in 1 Petrus vir Christene wat veronregting ervaar – 'n Bibliologies-sosiologies studie.	93
Bibliografie	95

Hoofstuk 1

Inleiding: oriëntasie en probleemstelling

1.1 Titel van studie

Die reaksie van Christene op veronregting volgens 1 Petrus: 'n Eksegeties-hermeneutiese studie, toegepas op die Christen in post-1994 Suid-Afrika.

1.2. Agtergrond en probleemstelling

Hierdie studie bied prinsipiële leiding op grond van die Skrif oor die reaksie van Christene wanneer hulle onreg ly in 'n samelewing. Die relevansie van die studie spruit uit die beleving van sommige Christene in die post-1994 Suid-Afrika, waarin die politieke mag (grootliks) uit hulle hande geneem is en deur 'n sogenaamde neutrale staat vervang is. Daarmee saam bestaan die persepsie dat Christelike waardes plek gemaak het vir wêreldse pragmatisme en dat Christene boonop hulle leiding ten opsigte van Christelike waardes ingeboet het. 'n Verdere uitvloeisel van die politieke bedeling in Suid-Afrika sedert 1994 is dat baie Christene onderwerp is aan negatiewe gevolge van regstellende aksie in die werkplek, wat op sy beurt weer lei tot ander geestelike en emosionele implikasies, bv die ervaring van veronregting, of dan diskriminasie. Hulle beleving word meermale as 'vreemdelinge in hulle eie land' beskryf (Van Wyk & Van Rensburg 1997:229; Van Rensburg & Pienaar 2005:27).

Volgens Van Rensburg & Pienaar (2005:48) is dit 'n ongeldige persepsie dat Christene (spesifiek Afrikaners), soos die geval met baie ander Suid-Afrikaners, vreemdelinge in hulle eie land geword het, aangesien almal volledig burgers van Suid-Afrika is en daarom die beskerming van die Handves van Menseregte geniet. Hulle (Van Rensburg & Pienaar 2005:48) gee egter toe dat daar 'wel praktyke en omstandighede (is) wat hulle ... 'n gevoel van vervreemding kan laat ervaar'. Die voortdurende aandrag daarop dat Suid-Afrika se demografie weerspieël moet word in (veral) die openbare en korporatiewe sektor, bevestig dit.

Hierdie studie lewer nie in die eerste plek 'n uitspraak oor die geldigheid van dié ervaring van veronregting nie. Dit stel egter wel eksegeties uit die Skrif vas hoe die skrywer van 1 Petrus se oproepe tot sy geadresseerdes oor hoe hulle op hulle veronregting moet reageer, verstaan moet word, en op grond daarvan riglyne bepaal vir hoe Christene in die huidige tyd op die werklikheid en die beleving van veronregting behoort te reageer.

Voorlopige ondersoek (Niebuhr 1951:41,83-85) toon dat daar, deur die eeue heen, verskillende verhoudings tussen Christene en die samelewing bestaan het. Een daarvan is dat Christene al meer *van die wêreld* word in 'n poging om sinvol te oorleef. Dit is waarskynlik waarteen Petrus waarsku: *Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan julle sinlike begeertes toe te gee nie* (1 Pet 2:11b). Dit blyk uit die bereidheid van Christene om te wil konformeer (deur hulle "Christenskap" in sekere opsigte op te skort). 'n Tweede (en die ander uiterste) is om te onttrek uit die onvriendelike en ongunstige samelewing, al is dit bloot om emosioneel te 'emigreer', *teenoor die wêreld* te staan te kom en hulle nie te bemoei met politieke, ekonomiese en sosiale sake nie, slegs met die 'geestelike' (Niebuhr 1951:40-41, 47-49).

Die debat tussen Balch en Elliot onderstreep die aktualiteit van die studie – al was hierdie debat al 'n kwart eeu gelede. Die kern van hierdie debat word vergestalt in die deeglike studies van Balch (1981:119; 1986:81 ev.) waarin hy sy standpunt van akkulturasie uit die huistafels in 1 Petrus begrond en verdedig teenoor Elliot (1981:63; 1986:61-66) se uitgangspunt dat 'the injunctions, contrasts, imagery, and traditions in 1 Peter all served the

common aim of reinforcing a sense of distinctive communal identity, promoting the internal cohesion of the community', wat in die debat bekend geword het as *social separation*.

Wat hierdie studie relevant maak, is die feit dat dit, eerstens, 'n geldige verstaan van die oproepe in 1 Petrus vir sy geadresseerdes se reaksie op veronregting bied. Tweedens, bied dit, op grond van die eksegetiese uitkomst, prinsipiële antwoord op die vraag: Wat is die implikasies van hierdie riglyne vir die hantering van veronregting vir Christene vandag?

Die sentrale navorsingsvraag wat beantwoord word, is: Hoe behoort Christene, volgens 1 Petrus, op te tree wanneer hulle veronregting ly? Om hierdie sentrale navorsingsvraag te beantwoord, word die volgende sub-vrae beantwoord:

1. Wat is die sosio-historiese konteks van die geadresseerdes van 1 Petrus waarbinne hulle veronregting gely het?
2. Watter Skrifperspektiewe word in 1 Petrus gegee vir hulle reaksie op hierdie veronregting?
3. Wat is die implikasies hiervan vir die Christen in Suid-Afrika vandag?

1.3. Doelstelling en doelwitte

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om op grond van 1 Petrus prinsipiële leiding te gee aan Christene wat persepsioneel en/of werklik veronregting in die samelewing ly.

Die spesifieke doelwitte van die studie is om:

- * die relevante sosio-historiese konteks van die geadresseerdes in 1 Petrus te konstrueer;
- * vas te stel watter leiding 1 Petrus aan sy geadresseerdes bied vir die hantering van hulle veronregting;
- * die resultaat van die Skrifperspektiewe toe te pas in die praktyk van Christene wat veronregting in Suid-Afrika vandag beleef.

1.4. Die sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die Skrif, spesifiek 1 Petrus, duidelike voorskrifte aan Christene bied oor hoe om te reageer wanneer hulle veronreg word (Van Rensburg 2006:488-490), en dat hierdie voorskrifte bevrydende implikasies het vir Christene wat veronregting in die post-1994 Suid-Afrika ervaar.

1.5. Metodologie

Hierdie eksegeties-hermeneutiese studie word vanuit die perspektief van die Gereformeerde tradisie gedoen.

Die volgende metodes word gebruik om die verskillende navorsingsvrae te beantwoord:

- Om die sosio-historiese konteks van die geadresseerdes in 1 Petrus te konstrueer, word die sosio-historiese benadering gebruik, soos beskryf en toegepas deur Van Rensburg (2000:568-570). Dit hou onder andere in dat gebruik gemaak word van die inligting wat die

Eerste Petrusbrief self bied. Hiermee saam word ook van literêre bronne wat kontemporêr met 1 Petrus is, gebruik gemaak sowel as van die navorsingsresultate van kundiges op die gebied.

- Om die Skrifperspektiewe uit 1 Petrus vas te stel, word van die grammaties-historiese (insluitend openbarings-historiese) eksegetiese metode gebruik gemaak vanuit die Griekse teks (UBS, Fourth Revised Edition), soos gedefinieer en beskryf deur Breed, Van Rensburg en Jordaan (2008:45). Volgens hierdie eksegetiese model word vasgestel wat in die Bybelteks self geskryf staan. Dit sluit alle grammatiese aspekte daarvan in, waaronder die taal, die literêre genre, die styl en idioom. Met die histories-komponent in grammaties-histories word bedoel dat die Bybelteks binne die historiese konteks van die skrywer en die eerste lesers verstaan word. Dit sluit die openbaringshistoriese (binne die Skrif)-, die geskiedkundige- en kultuur (sosio-) historiese konteks in.
- Om die resultaat van die Skrifperspektiewe toe te pas in die praktyk van Christene wat veronregting in die huidige Suid-Afrika beleef, word van 'n proses gebruik gemaak wat as hermeneuse bekend staan (Breed, Van Rensburg en Jordaan 2008:42-43). Hermeneuse berus op die hermeneutiese uitgangspunt dat die Skrif tydgerig is. Dit wil sê: die Skrif is nie gebonde aan die tyd waarbinne dit ontstaan het nie en het nie alleen betekenis vir die historiese situasie en omstandighede van die eerste lesers nie, maar breek deur die tyd om te praat met mense van alle tye, binne hulle eie konteks. Die verwoording van die veronregting-ervaring van Christene, is hoofsaaklik gebaseer op my eie waarneming tydens my bediening in enkele Gereformeerde gemeentes, en deur gebruik te maak van enkele tersaaklike eietydse bronne (waaronder sosiologies en antropologies).
- Etiese risiko-bepaling: Hierdie studie bevat minimale etiese risiko's. Geen kwesbare deelnemers word by hierdie studie betrek of selfs geïmpliseer nie, aangesien die studie hoofsaaklik eksegeties is eerder as empiriese navorsing.

Hoofstuk 2

Die tersaaklike sosio-historiese konteks van die geadresseerdes in 1 Petrus

2.1. Inleiding

Daar word redelik algemeen aanvaar dat 1 Petrus tydens die tweede helfte van die eerste eeu ontstaan het, ongeveer tussen 65 nC en 70 nC (Van Rensburg 2006:476; Van Unnik 1980a:70). Die geadresseerdes dra die kenmerke van die destydse kultuur en sosiale omstandighede. Dit is uiteraard totaal anders as die Christene in Suid Afrika van die 20/21 ste eeu.

Om 'n geldige verstaan van die woorde en begrippe in 1 Petrus te verkry, is dit noodsaaklik om vas te stel wat dit beteken het in die tyd van die ontstaan van die boek. Dit is dus nodig dat die sosio-historiese konteks van 1 Petrus gekonstrueer moet word. Met sosio-historiese konteks word verstaan dat die gebeure in die boek verweef is met die sosiale en politieke werklikhede van daardie tydperk en nie bloot 'doeie dekor' waarvan interessantheidshalwe kennis geneem kan word nie (Van Rensburg 2000:567).

Vir die konstruksie van die sosio-historiese konteks van 1 Petrus, word primêr gewerk met die teks self omdat dit betroubare getuigenis bevat van die status en identiteit van die geadresseerdes. Die teks self gee aanduidings van die buite-tekstuele konteks, nl die leefwêreld van die geadresseerdes (Malherbe 1983:17-18; Van Rensburg 2000:573). Uiteraard word ook gebruik gemaak van bronne wat kontemporêr met 1 Petrus is, sowel as die navorsings-resultate van kundiges op hierdie gebied.

In hierdie hoofstuk word eerstens die identiteit en status van die geadresseerdes in die samelewing van destyds gekonstrueer. Daarna word die plek en omstandighede waarbinne die geadresseerdes geleef het, beskryf. Die veronregting waarmee hulle in hierdie omstandighede gekonfronteer was, word verder uitgewerk ten opsigte van die redes daarvoor, die vorms wat dit aangeneem het en die effek wat dit op hulle gehad het.

2.2. Die identiteit en status van die geadresseerdes

Petrus gebruik drie Griekse woorde om direk na die identiteit van die geadresseerdes te verwys: *παρεπιδήμιοι* (1 Pet 1:1; 2:11), *παροῖκοι* (1 Pet 2:11) en *παροικία* (1 Pet 1:17). 'n Vierde woord word gebruik om (sommige van) die geadresseerdes se sosiale klas of status in die samelewing van destyds mee aan te dui in 1 Petrus 2:18: *οἰκέται*.

In 1 Petrus 2:11 word *παροῖκοι καὶ παρεπιδήμιοι* saam gebruik om hulle identiteit mee te beskryf. Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal die frase met *julle (is) vreemdelinge en bywoners* en voeg daaraan toe: *in die wêreld*. Dieselfde toevoeging word deur die 1983 Afrikaanse Vertaling in 1 Petrus 1:17 gemaak waar hulle bestaan as *παροικία* beskryf word en dan vertaal word met: *in die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld*. Die woorde *in die wêreld* kom nie in die Griekse teks (UBS 4) voor nie. Die 1983 Afrikaanse Vertaling gee daarmee 'n versmalde betekenis aan die begrippe. Dit gee 'n geestelik-figuurlike betekenis daaraan wat bloot kosmologies te verstaan is, met ander woorde, as sou die Christene bloot vreemd aan die wêreld in 'n soort bo-aardse (hemelse) bestaan op aarde moet leef, aangesien hulle eintlik burgers van die hemel is. Hiervan is Talbert (1986:44) se uitspraak 'n duidelike voorbeeld: *This, I think, is figurative language referring to people who, because they are Christians, do not belong to the present age but live as resident aliens in this world.*

They were outsiders, strangers both socially en religiously (vgl ook Malherbe 1983:52-53; Bolkenstein 1977:12).

Dit word egter algemeen aanvaar dat die geadresseerdes reeds voor hulle bekering tot die Christelike geloof as παροίκοι καὶ παρεπιδήμοι in die letterlike sin van die woord te definieer is. Volgens Van Rensburg (2000:573) is die terme in die Septuagint al gebruik as tegniese terme om die Joodse ballinge se vreemdelingsstatus aan te dui, maar dat dit ook in die eerste eeuse Hellenistiese wêreld terme is wat spesifiek gebruik is om die politieke status van vreemdelinge as uitlanders aan te dui. Daarom is die woorde in die eerste plek 'n beskrywing van hulle sosio-politieke status destyds eerder as hulle geestelik-figuurlike status, wat hoogstens 'n sekondêre betekenis is (Van Rensburg 2006:478).

Die leksikale verklaring van hierdie begrippe volgens Louw en Nida (1989) ondersteun dié standpunt (sien 2.2.1 en 2.2.2 hieronder). Vervolgens word 'n kort betekenis-definisie van elk van die vier woorde hierbo genoem, aangebied:

2.2.1. Παροίκοι

Louw-Nida (1989,85:78) definieer παροικέω (die werkwoord etimologies verwant aan παροίκοι) soos volg: 'to dwell more or less permanently in a place which is not one's own country'. Janse van Rensburg & Pienaar (2005:30) sluit hierby aan en beskryf παροίκοι as *gevestigde uitlanders* (vgl ook Van Rensburg 1992b:300-301). Uitlanders kon παροίκος-status ontvang as hulle lank genoeg in 'n stad gewoon het.

Παροίκοι het hoër sosio-politieke status as ander uitlanders gehad, in die sin dat hulle name net ná die *politai* (burgers) in die registers van 'n stad se inwoners gelys was. Hoewel παροίκοι verblyfreg gehad het, het hulle uitlanders gebly en volgens Berger (1953d:626) geen politieke regte gehad nie. Die status en regte van παροίκοι was noukeurig in die Romeinse Reg gestipuleer (Janse van Rensburg & Pienaar, 2005:30). Hiervolgens kon hulle bv nie aan politieke vergaderings deelneem nie, en sake-transaksies met 'n Romeinse burger kon slegs aangegaan word as die *ius commercii* aan hulle toegeken was.

Hulle was slagoffers van politieke en ekonomiese uitbuiting en het gely onder verdagmakery en minagting deur die burgers.

2.2.2. Παρεπιδήμοι

Παρεπιδήμοι dui ook uitlanders aan, en is volgens Louw-Nida (1989, 11:77) 'a person who for a period of time lives in a place which is not his normal residence'. Van Rensburg & Pienaar (2005:31-32) beskou, in die lig hiervan, παρεπιδήμοι as *besoekende uitlanders*. Dit wil sê: persone wat hulleself slegs vir 'n kort periode in die vreemde bevind. Die παρεπιδήμοι het saam met ξένοι ('a person belonging to a socio-political group other than the reference group' volgens Louw-Nida (1989, 11:73) die laagste sosio-politieke status gehad en het, in teenstelling met die παροίκοι, geen wetlike beskerming geniet en geen regte gehad nie (Van Rensburg & Van Wyk 1997:239). Hulle was die meeste blootgestel aan politieke en ekonomiese uitbuiting, verdagmakery, suspisie en jaloesie (Van Rensburg & Pienaar 2005:30).

2.2.3. Παροικία

Παροικία word deur Louw-Nida (1989, 85:79) gedefinieer as 'the time or occasion of one's living in a place as a foreigner'. Van Rensburg (1998:574) voeg hieraan toe dat dit letterlik te verstaan is, met ander woorde, dat iemand letterlik 'n tydperk van vreemdelingskap beleef, hoewel dit nie beteken dat so iemand nie 'n fisiese verblyfplek gehad het nie.

2.2.4. Οἰκέται

In 1 Petrus 2:18 spreek die outeur (sommige van) sy geadresseerdes aan as οἰκέται. Volgens Louw-Nida (1989, 46:5) dui hierdie benaming op huisbediendes. Die vraag is hoe pas die οἰκέται in by die sosio-politieke status van sy eerste lesers as (gevestigde en besoekende) uitlanders? Wat is die verband, sosio-polities gesproke, tussen die παρεπιδήμοι en die παροῖκοι en die οἰκέται?

Volgens Van Rensburg & Van Wyk (1997:232-234) het huisbediendes waarskynlik hoofsaaklik uit die onderste lae van die sosiale piramide gekom. Hulle maak tereg die volgende gevolgtrekking: 'Dit is moontlik dat daar in welgestelde huishoudings παροῖκοι kon wees, maar dit is onwaarskynlik dat hulle die nederige en selfs minderwaardige werk van huisbediendes gedoen het. Dis is dus meer waarskynlik dat huisbediendes veral uit die laer kategorie ξένοι (wat dieselfde as sosiale kategorie as παρεπιδήμοι aandui) gekom het.'

2.2.5. Samevatting

Die geadresseerdes van 1 Petrus was uitlanders, maar nie bloot in 'n figuurlik-geestelike sin nie. Dit was hulle werklike sosio-politieke status – selfs voordat hulle Christene geword het. Hulle het polities as uitlanders geleef, sonder die regte wat burgers geniet het. Sommige van die uitlanders was gevestigde uitlanders, terwyl ander besoekende uitlanders was. In beide gevalle het hierdie sosio-politieke status hulle van regte en voorregte van burgerskap ontnem, hoewel die gevestigde uitlanders bietjie hoër status geniet het as die besoekende uitlanders. Beide die παροῖκοι en die παρεπιδήμοι is blootgestel aan sosiale en politieke uitbuiting, laasgenoemde meer as eersgenoemde. Dit blyk dat die huisbediendes wat in 1 Petrus 2:18 aangespreek word, hoofsaaklik uit die kategorie van παρεπιδήμοι, die laer sosiale klas, gekom het.

2.3. Die plek en omstandighede van die geadresseerdes

Die geadresseerdes word in hierdie brief geïdentifiseer as gevestigde en besoekende uitlanders (sien 2.2 hierbo), maar daar is geen rede of verduideliking waarom hulle sosio-politieke status so beskryf word nie. Wel dui die outeur van 1 Petrus aan waar hierdie uitlanders hulleself bevind het: παρεπιδήμοις διασποράς Πόντου, Γαλατίας, Καππαδοκίας, Ἀσίας καὶ Βιθυνίας (1 Pet 1:1). Waarskynlik was sy geadresseerdes deel van die verstrooiing van die godsdienstige Jode, van wie daar in Handeling 2:5-10 (veral vers 9) sprake is. Dit is ook moontlik dat die geadresseerdes voorheen nie-Joodse ongelowiges was wat as 'n tussen-fase, voordat hulle tot die Christelike godsdiens bekeer is, as Godvresendes by die Joodse Sinagoge aangesluit het (Van Rensburg 2006:480).

Wat egter uit die boek 1 Petrus bo alle twyfel vasstaan, is dat sy geadresseerdes onder lyding en veronregting gebuk gegaan het (vgl 1 Pet 1:6; 2:12; 3:16; 4:4).

2.3.1. Die redes vir hulle veronregting

In punt 2.2 hierbo is aangetoon dat die sosio-politieke status van die groep Christene in verstrooiing die rede was vir die veronregting en diskriminasie (Van Rensburg 1998:580). Oor hulle uitsluiting van burgerregte, op grond van hulle sosio-politieke status, is reeds gehandel. Van Rensburg (1992:27) vat dit tereg só saam: 'The backdrop rather seems to be the socio-political status of the Christian groups in the diaspora, their daily relationships with Jews and other non-Christians, and the questions which they, as resident and visiting aliens (probably without political rights), tried to answer in their daily lives'.

Daar bestaan eenstemmigheid onder navorsers dat die lyding wat die geadresseerdes moes deurmaak, nie veroorsaak is deur amptelike vervolging van Romeinse staatsweë nie, maar dat dit in die kleiner kring van die huishoudings van destyds plaasgevind het. Dit het veral

bestaan uit uitsluiting, diskriminasie, en veronregting (Van Rensburg 1992:27; Balch 1981:95; Elliot 1986:14; Van Unnik 1980a: 79-80).

2.3.1.1 Die οἶκος in die Romeinse samelewing

Om die aard van hierdie veronregting te verstaan, moet kennis geneem word van hoe die huishouding (οἶκος) gefunksioneer het. Die huishouding is voor en in die tyd van die Nuwe Testament as die basiese politieke bousteen beskou (Van Rensburg 1997:233). Die huishouding het gewoonlik nie net bestaan uit ouers en kinders nie, maar het ook slawe, vrymense, gehuurde werkers en vennote ingesluit (Meeks 1986:75-76).

Die dominante gesagsfiguur binne so 'n huishouding was die eienaar, genoem die *pater familias*. Hierdie *pater familias* het wetlike en volle seggenskap oor die hele huishouding gehad (Van Rensburg 2011:7). Volgens die Romeinse Reg het hierdie seggenskap die mag oor lewe en dood ingesluit (Berger 1953e:704; Bartchy 1992:68). 'n Slaaf het bykans geen beskerming teen sy eienaar se wreedheid gehad nie.

2.3.1.2 Bekering tot die Christelike godsdiens

Behalwe dat die blote feit van die geadresseerdes se sosio-politieke status veronregting vir hulle veroorsaak het, het hulle bekering tot die Christelike godsdiens hulle situasie verder bemoeilik!

Hulle politieke 'vreemdheid' as παροίκοι en παρεπιδήμοι as gevolg waarvan hulle as persone sonder burgerregte behandel is, het verdiep toe hulle hulle met die Christelike godsdiens, wat as 'n 'vreemde afskeidingsbeweging' beskou is, vereenselwig het (Balch 1981:118). Hulle is toe nie meer bloot as 'vreemdelinge en bywoners' in die politieke sin beskou nie, maar ook in 'n godsdienstige sin. Gevolglik het hierdie vreemdheid die druk teen hulle – en lyding vir hulle – laat toeneem (Van Rensburg 2006:481; Horell 2008:54-55).

Wanneer byvoorbeeld vroue (1 Pet 3:1-2) en slawe van hierdie uitlanders tot die Christelike godsdiens bekeer geraak het, het die Romeinse gemeenskap hulle van immorele optrede beskuldig, omdat hulle in verset teen die openbare orde sou gekom het en oproerigheid sou veroorsaak (Balch 1981:95).

Dit het in die praktyk soos volg gebeur: Indien die *pater familias* nie ook tot die Christelike godsdiens bekeer geraak het saam met lede van sy huishouding nie, kon dit uitloop op erge veronregting teen die nuwe Christene in sy οἶκος. 'n Slaaf was veronderstel om in te val, ook by die godsdienstige praktyke van die huishouding waarvan hy deel was (Balch 1981:74). Gevolglik het eienaars teen hulle slawe (insluitend huisbediendes) opgetree en erg gediskrimineer as laasgenoemde van godsdiens sou verander en nie langer deelneem aan die huishouding se bestaande godsdienstige seremonies nie. Die *pater familias* het selfs die reg gehad om sulke slawe te ekskommunikeer, wat beteken het dat sulke slawe en huisbediendes ook hulle woonplek kwyt was (Van Rensburg 2011:7-8).

Uit 1 Petrus is dit duidelik dat hierdie uitlander-Christene nie net 'formeel' onreg onder hulle eienaars gely het nie. Hulle was ook blootgestel aan beswadding en veronregting in die samelewing oor die algemeen, as gevolg van hulle Christenskap. As uitlander-Christene was hulle soveel makliker prooi van die ongelowige samelewing se diskriminasie as gevolg van die 'sigbaarheid' van hulle Christelike leefstyl.

In 1 Petrus 4:3-4 word juis dit beklemtoon:

In die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg en drinkpartye en afskuwelike afgodery. ⁴Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle.

Daarom waarsku Petrus sy lesers om nie verbaas te wees oor die vuurproef waaraan hulle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie (1 Pet 4:12).

2.3.2 Vorms van lyding waaraan hulle onderwerp is

Die brief 1 Petrus gee duidelike aanduidings van die tipe lyding waaraan sy geadresseerdes onderwerp was.

2.3.2.1 Skrifgegewens uit 1 Petrus oor die aard van hulle lyding

Bloot geneem uit die 1983 Afrikaanse Vertaling is daar nie minder nie as een en twintig direkte verwysings na een of ander vorm van lyding, of bloot net genoem 'lyding' (kursief gedruk in die aanhalings hieronder).

- 1 Petrus 2:12: Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, *al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is*, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.
- 1 Petrus 2:18: Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goehartig en vriendelik is, of *onredelik*.
- 1 Petrus 2:19-20: Dit is genade as iemand *die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees*. ²⁰As julle *gestraf (geslaan) word* wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om *lyding te verdra* wanneer julle goed doen, dit is genade van God.
- 1 Petrus 2:21-23: Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle *gely* en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, *sodat julle in sy voetspore kan volg*.
²²Hy het geen sonde gedoen nie
en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie.
²³Toe Hy *beledig* is, het Hy nie terug beledig nie,
toe *Hy gely* het, het Hy nie gedreig nie,
maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.
- 1 Petrus 3:6: Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur *dreigemente* laat afskrik nie, is julle haar dogters.
- 1 Petrus 3:9: Moenie *kwaad* met kwaad vergeld of *belediging* met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënswens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.
- 1 Petrus 3:13: Wie sal julle *kwaad* aandoen as julle julle beywer vir wat goed is?
- 1 Petrus 3:14: Maar selfs as julle sou *ly* omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.
- 1 Petrus 3:16-17: Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus *belaster*, daaroor skaam kan kry dat hulle *kwaad* van julle gepraat het. As dit die wil van God mag wees dat julle moet *ly* wanneer julle goed doen ...
- 1 Petrus 4:1: Omdat Christus dan liggaamlik *gely* het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie *liggaamlik gely* het, met die sonde afgereken het.
- 1 Petrus 4:4: Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle *beswadder julle*.

- 1 Petrus 4:13-16: Wees liever bly hoe meer julle in die *lyding* van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlijkheid. ¹⁴Geseënd is julle wanneer julle *beledig* word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlijkheid behoort, die Gees van God, op julle bly. ¹⁵As een van julle *ly*, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie. ¹⁶Maar wanneer iemand *ly* omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daarvoor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.
- 1 Petrus 5:9: Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort *lyding* verduur.

By bogenoemde voorkomste van lyding word daar ook ten minste drie indirekte verwysings na lyding, as gevolg van hulle politieke status en Christelike identiteit in die samelewing, in 1 Petrus gemaak:

- 1 Petrus 1:6: Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur *allerhande beproewings*.
- 1 Petrus 4:12: Geliefdes, moenie verbaas wees oor die *vuurproef* waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie.
- 1 Petrus 5:8: Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te *verslind*.

2.3.2.2 Afleidings uit bovermelde Skrifgegewens

- i. Hierdie vorms van lyding wat die geadresseerdes verduur het, was (nog) grootliks verbale aggressie, soos beskimping, intimidasie, beswadding, kritiek, afsydigheid, verwerping, beledigings, vernederings, vals beskuldigings, verdagmakery (Van Rensburg 2006:479,481; Smit 1988:23-24).
- ii. Dit blyk egter ook dat dit soms oorgegaan het in fisiese geweld teen hulle (1 Pet 2:20; 4:1) en openlike diskriminasie.
- iii. Die outeur van 1 Petrus maak dit duidelik dat die lyding nie as iets vreemds beskou moet word nie, maar dat dit noodwendig en onlosmaaklik deel is (en sal wees) van die Christelike lewe – in alle tye en omstandighede (1 Pet 5:9).

2.3.3. Die uitwerking van die veronregting

Eerstens word die juridiese uitwerking op *παρεπιδήμιοι* en die *παροίκοι* beskryf en daarna die geestelike uitwerking.

2.3.3.1. Die juridiese uitwerking

Op grond van die sosio-politieke status van die uitlanders, veral die *οἰκέται* (wat teoreties dieselfde status as die *παρεπιδήμιοι/ξένοι* gehad het), het hulle geen wetlike beskerming van die Romeinse howe geniet nie, in teenstelling met die *παροίκοι* se beperkte regte (Berger 1953d:626; Van Rensburg & Van Wyk 1997:238-239). Dit blyk dus dat hierdie Christene-in-Diaspora uitgelewer was aan hulle eienaars, gesagsdraers en die samelewing en dat hulle hulle nie kon beroep op burgerlike juridiese geregtigheid en/of -beskerming wanneer hulle veronreg is nie.

2.3.3.2. Die geestelike uitwerking

Uit die oproepe van die outeur van 1 Petrus aan sy geadresseerdes, blyk dit dat daar veral tweërlei negatief-geestelike uitwerking op hulle was.

Aan die eenkant het die Christene-in-Diaspora in die versoeking gekom om te wil assimileer met die hoofstroom ongelowiges waarteen hulle gewaarsku word in 1 Petrus 1: ¹⁴ὡς τέκνα ὑπακοῆς μὴ συσχηματιζόμενοι ταῖς πρότερον ἐν τῇ ἀγνοίᾳ ὑμῶν ἐπιθυμίαις ¹⁵ἀλλὰ κατὰ τὸν καλέσαντα ὑμᾶς ἅγιον καὶ αὐτοὶ ἅγιοι ἐν πάσῃ ἀναστροφῇ γενήθητε, ¹⁶διότι γέγραπται [ὅτι] **ἅγιοι ἔσεσθε, ὅτι ἐγὼ ἅγιος [εἶμι]** (vgl ook 1 Petrus 4:3-4).

Hulle is selfs, deur die veronregting, so ver gedryf dat hulle aan hulle natuurlike geaardheid wat wil vergeld (ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν), wou toegee (1 Pet 2:11).

Die outeur van 1 Petrus waarsku dat hulle nie volgens hulle natuurlike geaardheid moet reageer nie: *Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie ...* (μὴ ἀποδιδόντες κακὸν ἀντὶ κακοῦ ἢ λοιδορίαν ἀντὶ λοιδορίας) (1 Pet 3:9a). Dit sou dan die implikasie kon hê dat hulle as Christene in sekere opsigte sou konformeer, hulle nuwe verbintenis aan die Christelike godsdiens versaak en nie meer so 'Christelik' in alle opsigte van hulle lewe sou leef nie (1 Pet 3:16) (Niebuhr 1951:41,83-85; Van Rensburg 2009:210). Die geadresseerdes word dan opgeroep om sekere gedragswyses of waardes te aanvaar wat óók deur die Romeinse regering en die Grieks-Romeinse kultuur as 'goed' bestempel word (Balch 1986:87).

Aan die anderkant sou hulle, op grond van die veronregting wat hulle gely het, hulle sosiaal kon onttrek uit die samelewing (Van Rensburg 1990:80; Niebuhr 1951:40-41, 47-49). Prakties sou dit kon beteken dat hulle hulle onttrek aan die samelewing en hulle afsonder in die οἶκος, in die huishouding van God, en eenkant krities-veroordelend en afgesonderd-heilig, teenoor die gemeenskap kon staan. Hierdie standpunt word deur Elliot (1986:65) onderskryf as hy sê dat die strategie van 1 Petrus is om die demoraliserende en afbrekende effek wat die lyding op die nuwe Christene gehad het, teen te werk deur o.a. hulle te verseker van 'the distinctive elect and holy community to which they belonged and the new dignity they shared by virtue of their call by God ...'

Die eerste scenario is waarin Balch (1981:119; 1986:81 ev.) sy standpunt van akkulturasie uit die huistafels in 1 Petrus aflei (veral op grond van 1 Pet 2:12-17), terwyl die tweede dié van Elliot (1981:63; 1986:61-66) is wat bekend geword het as *social separation*.

Myns insiens sou dit presies die teenoorgestelde effek gehad het as waartoe Petrus sy geadresseerdes in 1 Petrus 2:9-10 oproep:

⁹Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. ¹⁰Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

In beide gevalle sou hulle nie meer geloofwaardige getuies wees van die Here Jesus soos waartoe Hy hulle geroep en gered het nie (1 Pet 4:16). Daarmee het hulle dan hulle goddelike roeping versaak: om, wanneer hulle ly, God te verheerlik oor hierdie Naam (εἰ δὲ ὡς Χριστιανός, μὴ αἰσχυνέσθω, δοξαζέτω δὲ τὸν θεὸν ἐν τῷ ὀνόματι τούτῳ) (Van Rensburg 1998:580).

2.3.4. Samevatting

Behalwe dat die geadresseerdes, vanweë hulle politieke status, lyding in die vorm van veronregting verduur het, is hierdie veronregting vererger nadat hulle hulle tot die Christelike godsdiens bekeer het. Dit blyk uit die brief self dat die vorms van lyding waaraan hulle

onderwerp is (nog) grootliks verbale aggressie, soos beskimping, intimidasie, beswadding, kritiek, afsydigheid, verwerping, beledigings, vernederings, vals beskuldigings, verdagmakery behels het. In die brief is daar egter ook aanduidings dat die veronregting oorgegaan het in fisiese geweld teen hulle. Die veronregting en gepaardgaande lyding was nog nie as gevolg van amptelike vervolging deur die Romeinse owerheid nie, maar het meer 'informeel' in die huishoudings en breër samelewing voorgekom.

Hierdie lyding het tweërlei uitwerking op die geadresseerdes gehad: Enersyds 'n juridies-politieke uitwerking, aangesien hulle bykans geen (of min) wetlike beskerming geniet het. Andersyds, 'n geestelik-politieke effek: om óf in sekere opsigte met die Grieks-Romeinse samelewing te konformeer (akkulturasie), óf om hulle te onttrek uit die samelewing in die οἶκος (sosiale afskeiding).

Die Skrifperspektiewe wat Petrus aan sy geadresseerdes gee hoe om op tree wanneer hulle deur veronregting ly, word in die volgende hoofstuk (3) ondersoek.

Hoofstuk 3

Bepaling van die Skrifperspektiewe in 1 Petrus vir reaksie teenoor veronregting

3.1. Inleiding

Die eerste eeuse Christene het in 'n samelewing geleef wat ingerig en bepaal is volgens die heersende Grieks-Romeinse kultuur. 'n Sosio-historiese konstruksie van daardie tyd is reeds gedoen (sien hoofstuk 2), sowel as die status van 1 Petrus se geadresseerdes: παροίκοι καὶ παρεπιδήμοι.

In hierdie hoofstuk word bepaal watter Skrifperspektiewe 1 Petrus bied aan die eerste lesers/hoorders wat onder sulke omstandighede geleef het en veronregting en diskriminasie moes verduur. Hierdie vraag te beantwoord deur:

- die gedagte-opbou van die brief te bepaal;
- die tersaaklike Skrifdele in 1 Petrus te identifiseer en binne die gedagte-opbou van die brief te plaas;
- hierdie Skrifdele te eksegetiseer;
- die beginsel-voorskrifte hieruit as Skrifperspektiewe vir reaksie teenoor veronregting te formuleer.

3.2. Die doel van 1 Petrus

Die skrywer wil sy lesers begelei om op 'n Christelike wyse die sosiale druk, verwerping en veronregting te hanteer (Van Rensburg 1990:79), deur heilig te leef (1 Pet 1:13-16), en aan te hou goed doen (1 Pet 2:11-12; 4:19) ten spyte van en te midde van die lyding wat hulle verduur (Greijdanus 1929:18-19; Van Rensburg 2006: 481; Vinson, Wilson & Mills 2010:22).

Uit die gedagte-opbou van die brief (sien hieronder) word dit duidelik dat die skrywer 'n uitgebreide paranetiese gedeelte aanbied as voorskrifte vir hulle optrede onder sulke omstandighede.

3.3. Die gedagte-opbou van 1 Petrus

Volgens Talbert (1986:141) word die brief nie volgens 'n bepaalde struktuur of 'n logiese opbou van gedagte-eenhede saamgestel nie. Joseph (2012:50-51) kom tot dieselfde konklusie op grond van 'n uitgebreide soeke na 'n sentrale tema of 'controlling metaphor' in 1 Petrus. Hy self stel egter, op grond van die teks van 1 Petrus, voor dat daar vier elemente is waaruit die *'fabula'* van die brief opgebou word, nl verkiesing/weergeboorte (1), lyding en veronregting (2), gelowige reaksie daarop (3) en vindikasie (4).

Van Rensburg (2006:482-483) lewer myns insiens 'n geldige bydrae tot die debat deur sintaktiese merkers in die Griekse teks te identifiseer. In 'n poging om die hoofargument van 1 Petrus te konstrueer en te motiveer, fokus hy dan op relasie-merkers (voegwoordelike partikels) tussen sinne en perikope (Van Rensburg 1992:28). Die makro-argument wat die skrywer aan sy geadresseerdes wil kommunikeer, bepaal dus hoe hy dit, deur middel van die gedagte-opbou op mikro-vlak (die inter-relasies van die gedagte-komponente van die teks) saamstel.

Van Rensburg (2006:482-483) neem 1 Petrus 1:3-12 as die inleiding van die brief asook as die basis vir die res van die brief wat uit 'n uitgebreide vierledige paranese bestaan (1:13-25, 2:1-10, 2:11 – 4:19 en 5:1-11). Die paranetiese gedeelte van die brief volg nie net op die inleiding (1:3-12) nie, maar hierdie inleiding vorm ook die begroning vir die paranese in die res (vgl ook Stibbs & Walls 1968:83; Bolkenstein 1977:89).

Die kern-begroning van die vier opdragte word spesifiek verwoord in 1 Petrus 1:3:

Εὐλογητὸς ὁ θεὸς καὶ πατὴρ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ, ὁ κατὰ τὸ πολὺ αὐτοῦ ἔλεος ἀναγεννήσας ἡμᾶς εἰς ἐλπίδα ζῶσαν δι' ἀναστάσεως Ἰησοῦ Χριστοῦ ἐκ νεκρῶν (*Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop ...*) (1983 Afrikaanse Vertaling).

Die Griekse teks (UBS, Fourth Revised Edition) gee, na hierdie inleidende paragraaf, duidelike sintaktiese merkers hoe die daaropvolgende perikope (die vier opdragte) aan hierdie begroning verbind word (in aansluiting by Van Rensburg 1992:36-37):

- Die eerste perikoop (1:13-25) word met die kousaal-voegwoordelike partikel διό (daarom) aan die voorafgaande perikoop (1:3-12) verbind, gevolg deur 'n imperatief (ἐλπίζσατε). Διό dui die implikasie op grond van die voorafgaande aan. Die perikoop 1:3-12 dien dus as die rede (motivering) vir die opdrag in 1:13-25 (Blass & Debrunner 1961:238).

Die implikasie kan soos volg vertaal word: *God het ons weergebore laat word, **daarom** is die implikasie dat ons ons hoop volkome moet vestig op die genade ...*

Anders verwoord: ***Op grond** van die feit dat God ons weergebore laat word het, moet ons ons hoop volkome vestig ...*

- 1 Petrus 2:1-10 word ingelei deur die relasiepartikel οὖν wat 'n gevolgtrekking op grond van die voorafgaande aandui (Blass & Debrunner 1961:234). Hierdie partikel merk die perikoop as ondergeskik aan 1:3-12, soos 1 Petrus 1:13-25. 1 Petrus 2:1-10 vorm dan 'n tweede opdrag op grond van 1 Petrus 1:3-12.

Die perikoop word opgebou deur twee hoofwerkwoorde wat neweskikkend geïnterpreteer word, naamlik die imperatiewe ἐπιποθήσατε (*julle moet smag*) (2:2) en οἰκοδομήσατε (*laat julle opbou*) (2:5) (Van Rensburg 1990:87).

Hierdie tweeledige opdrag, word dus verstaan as gevolgtrekkings (soos gemerk deur οὖν) met 1 Petrus 1:3-12 as basis. Die opdragte se relasie met 1:3 kan in Afrikaans goed weergegee word met 'daarom': *Smag **daarom** na die suiwer geestelike melk (vgl NLV) (2:2) Laat julle **daarom** ook opbou (2:5).*

- Die relasie van die volgende gedeelte, 1 Petrus 2:11 – 4:19, word nie deur 'n relasie-partikel (soos διό of οὖν) gemerk nie. Die indikatiewe hoofwerkwoord παρακαλῶ het dus geen relasie-partikel nie. Ek is dit eens met Van Rensburg (1990:88-89) dat op grond van inhoudelike oorwegings uit te maak is dat die hele gedeelte 2:11 – 4:19 as die derde opdrag op grond van God se wederbaring (dus op een vlak met 1:13-25 en 2:1-10) geïnterpreteer moet word. 'n Formele literêre analise toon aan dat παρακαλῶ-sinne 'n oorgangsfunksie kan hê wat 'n temaverandering merk (vgl ook Michaels 1988:115). Die afleiding word dus gemaak dat παρακαλῶ in 1 Petrus 2:11 as 'n oorgangsformule na die volgende gedagte-eenheid funksioneer, met 'n duidelike temaverandering.

'n Verdere oorweging om die verhouding van 2:11 – 4:19 met 1:3-12 so te sien, is die feit dat παρακαλῶ inhou dat 'n dringende appèl gemaak word (Louw & Nida 1989:408) en dieselfde gevoelswaarde dra as 'n opdrag (imperatief). Hierdie

opdrag kan dus soos volg vertaal word: *Ek vermaan julle daarom (op grond van julle wederbaring) ... om nie toe te gee nie...* (παρακαλῶ ... ἀπέχεσθαι).

Van Rensburg (1992:37) oortuig met sy uiteensetting van die gedagte-opbou van 2:11 – 4:19. Hiervolgens dien 1 Petrus 2:11-12 as die inleidende en basiese opdrag, waaruit 'n reeks verdere opdragte vanaf 1 Petrus 2:13 tot 4:19 voortvloei (vgl ook Greijdanus 1929:128).

Hiervolgens word die gedagte-opbou van 1 Petrus 2:11 – 4:19 soos volg geïnterpreteer:

Moenie, as vreemdelinge en bywoners, toegee aan julle sinlike begeertes nie, maar gedra julle goed (2:11-12)

- Toegepas op die verhouding met die owerheid (2:13-17)
- Toegepas op die verhouding met werkgewers (2:18-25)
- Toegepas op die verhouding met huweliksmaat (3:1-7)
- Toegepas op die verhouding met die naaste in die algemeen (3:8-12)
- Toegepas op die houding teenoor en reaksie op veronregting (3:13 – 4:19)

Die gedagte-opbou van 1 Petrus kan soos volg grafies voorgestel word:

Briefaanhef

1:1-2: *Outeur, geadresseerdes en groet*

Inleiding tot die brief

1:3-12: *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe. In sy groot ontferming het Hy ons weer gebore laat word ...*

Briefliggaam

1:13 – 5:11: **Die paranetiese gedeelte** (opdragte met 1:3-12 as basis)

Opdrag 1: 1:13-25: *Vestig julle hoop volkome op die genade en leef heilig*

Opdrag 2: 1-10: *Die plig op iemand wat weergebore is om geestelik te groei – individueel sowel as gesamentlik*

Opdrag 3: 2:11 – 4:19: *Gedragkode vir “uitlanders”*

2:11-12:	Die basiese oproep
2:13-17:	In verhouding met politieke owerhede
2:18-25:	In verhouding met werkgewers
3:1-7:	In verhouding met huweliksmaat
3:8-12:	In verhouding met naaste in algemeen
3:13 – 4:19:	Houding teenoor en reaksie op veronregting

3:13-17: Vertrekpunt: met aanhou goeddoen moet jy wys dat Christus Baas is in jou lewe

3:18-22: Motivering: dit hou geen risiko in om net Christus as Baas te erken nie

4:1-7a: Gevolgtrekking: onverdiende lyding is vir die gelowige onafwendbaar

4:7b-11: Die gelowige se plan van aksie tot die nabye einde van alle dinge

4:12-19: Samevattende oproep oor houding teenoor en reaksie op veronregting

Opdrag 4: 5:1-11: Gedragskode binne die kerk

Briefslot

5:12-14: *Doel met brief, en groete-wense*

Vervolgens word die Skrifdele in 1 Petrus waar sprake is van riglyne vir reaksie op veronregting, geïdentifiseer (3.4.1) en binne die gedagte-opbou van die brief geplaas (3.4.2).

3.4. Identifisering van riglyne vir reaksie op veronregting, en die plasing daarvan binne die gedagte-opbou van die brief

3.4.1. Identifisering van riglyne vir reaksie op veronregting

’n Deurwerk van die teks van 1 Petrus laat blyk dat die volgende perikope riglyne vir die geadresseerdes se reaksie op veronregting bevat, en ook die veronregting vermeld of impliseer.

Hieronder word die riglyn vir die reaksie telkens in die linkerkolom gegee, en in die regterkolom die eksplisiet-vermelde veronregting:

3.4.1.1. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 2:11-12

Riglyn	Veronregting
¹¹ παρακαλῶ ... ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν ... Ek dring by julle daarop aan om nie aan julle sinlike begeertes toe te gee nie.	¹² ἐν ᾧ καταλαοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν ^{12a} al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is...
¹² τὴν ἀναστροφὴν ὑμῶν ἐν τοῖς ἔθνεσιν ἔχοντες καλήν Gedra julle altyd goed onder die heidene	

3.4.1.2. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 2:13-17

Riglyn	Veronregting
¹³ ὑποτάγητε πάσῃ ἀνθρωπίνῃ κτίσει ... ¹³ Onderwerp julle aan elke menslike owerheid	
¹⁵ οὕτως ἐστὶν τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ ἀγαθοποιούντας ¹⁵ Dit is die wil van God dat julle ... goed doen	¹⁵ τὴν τῶν ἀφρόνων ἀνθρώπων ἀγνωσίαν ¹⁵ die onkunde van dwase mense
¹⁷ πάντας τιμήσατε, τὴν ἀδελφότητα ἀγαπάτε, τὸν θεὸν φοβεῖσθε, τὸν βασιλέα τιμάτε.	

<p>¹⁷Julle moet alle mense respekteer, julle medegelowiges liefhê. Vrees God, eer die keiser</p>	
---	--

3.4.1.3. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 2:18-25

Riglyn	Veronregting
<p>¹⁸ Οἱ οἰκέται ὑποτασσόμενοι ἐν παντὶ φόβῳ τοῖς δεσπόταις, οὐ μόνον τοῖς ἀγαθοῖς καὶ ἐπιεικέσιν</p> <p>¹⁸Huisbediendes, onderwerp julle in alle eerbied aan julle werkgewer, of hulle nou goedhartig en vriendelik is</p>	<p>¹⁸ ἀλλὰ καὶ τοῖς σκολιοῖς ... of onredelik is</p> <p>¹⁹τοῦτο γὰρ χάρις εἰ διὰ συνείδησιν θεοῦ ὑποφέρει τις λύπας πάσχων ἀδίκως. ¹⁹Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur</p> <p>²⁰ ἀλλ' εἰ ἀγαθοποιοῦντες καὶ πάσχοντες ὑπομενεῖτε, ²⁰Maar as julle goed doen en lyding verduur</p>

3.4.1.4. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 3:1-7

Riglyn	Veronregting
<p>¹Ὁμοίως [αἱ] γυναῖκες, ὑποτασσόμεναι τοῖς ἰδίοις ἀνδράσιν ... διὰ τῆς τῶν γυναικῶν ἀναστροφῆς ἄνευ λόγου κερδηθήσονται, ² ἐπιπτεύσαντες τὴν ἐν φόβῳ ἀγνῆν ἀναστροφὴν ὑμῶν.</p> <p>¹⁻²Net so, moet julle, vroue, aan julle eie mans onderdanig wees ... die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vroue. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.</p> <p>⁶ἀγαθοποιοῦσαι καὶ μὴ φοβούμεναι μηδεμίαν πτόησιν</p> <p>⁶julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie</p>	<p>¹τινες ἀπειθοῦσιν τῷ λόγῳ ¹mans wat nie die woord glo nie ...</p> <p>καὶ μὴ φοβούμεναι μηδεμίαν πτόησιν en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie</p>

3.4.1.5. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 3:8-12

<p>Riglyn ⁸Τὸ δὲ τέλος πάντες ὁμόφρονες, συμπαθεῖς, φιλάδελφοι, εὐσπλαγχοὶ, ταπεινόφρονες, ⁹μὴ ἀποδιδόντες κακὸν ἀντὶ κακοῦ ἢ λοιδορίαν ἀντὶ λοιδορίας, τουναντίον δὲ εὐλογοῦντες ⁸Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goeðhartig, nederig. ⁹Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens...</p>	<p>Veronregting</p> <p>⁹ κακὸν ἀντὶ κακοῦ ἢ λοιδορίαν ἀντὶ λοιδορίας ⁹ kwaad en belediging (aangedoen)</p>
--	--

3.4.1.6. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 3:13-17

<p>Riglyn</p> <p>¹⁴τὸν δὲ φόβον αὐτῶν μὴ φοβηθῆτε μηδὲ παραθῆτε, ¹⁵κύριον δὲ τὸν Χριστὸν ἀγιάσατε ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν ¹⁴Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. ¹⁵In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here.</p>	<p>Veronregting ¹⁴ἀλλ' εἰ καὶ πάσχοιτε διὰ δικαιοσύνην... ¹⁴Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is...</p> <p>¹⁴τὸν δὲ φόβον αὐτῶν μὴ φοβηθῆτε μηδὲ παραθῆτε ¹⁴Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.</p>
--	---

3.4.1.7. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 4:1-7

<p>Riglyn ^{4:1}Χριστοῦ οὖν παθόντος σαρκὶ καὶ ὑμεῖς τὴν αὐτὴν ἔννοιαν ὀπλίσασθε, ὅτι ὁ παθὼν σαρκὶ πέπταται ἁμαρτίας ^{4:1}Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het.</p>	<p>Veronregting</p> <p>ὁ παθὼν σαρκὶ wie liggaamlik gely het,</p> <p>⁴ἐν ᾧ ξενίζονται μὴ συντρεχόντων ὑμῶν εἰς τὴν αὐτὴν τῆς ἀσωτίας ἀνάχυσιν βλασφημοῦντες ⁴Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle.</p>
---	--

3.4.1.8. Riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Pet 4:12-19

Riglyn	Veronregting
<p>¹² μὴ ξενίζεσθε τῇ ἐν ὑμῖν πυρώσει ... ¹² ... moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. ¹³ ἀλλὰ καθὼς κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίrete ¹³ Wees liefier bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel</p>	<p>τῇ ἐν ὑμῖν πυρώσει die vuurproef waaraan julle onderwerp word</p>
<p>¹⁶ εἰ δὲ (πασχέτω) ὡς Χριστιανός, μὴ αἰσχυνέσθω ... ¹⁶ Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daarvoor skaam nie.</p>	<p>¹⁴ εἰ ὀνειδίξεσθε ἐν ὀνόματι Χριστοῦ ... ¹⁴ ... beledig word ter wille van die Naam van Christus</p>
<p>¹⁹ ὥστε καὶ οἱ πάσχοντες ... παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν ἐν ἀγαθοποιίᾳ. ¹⁹ Daarom moet dié wat ly ... hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.</p>	<p>¹⁹ οἱ πάσχοντες κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ dié wat ly omdat God dit wil</p>

3.4.2. Plasing van die betrokke perikope binne die gedagte-opbou van 1 Petrus

Uit die identifisering van oproepe as reaksie op veronregting blyk dat al hierdie opdragte binne Opdrag 3 van die paranetiese gedeelte van die brief val, nl 2:11 – 4:19. Die agt perikope waarin riglyne vir veronregting (en dus implisiete of eksplisiete vermelding van die veronregting self) voorkom, word hieronder met 'n pyl aan die linkerkant van die teks gemerk:

Opdrag 3: 2:11 – 4:19: Gedragskode vir "uitlanders"

- ➡ 2:11-12: Die basiese oproep
 - ➡ 2:13-17: In verhouding met politieke owerhede
 - ➡ 2:18-25: In verhouding met werkgewers
 - ➡ 3:1-7: In verhouding met huweliksmaat
 - ➡ 3:8-12: In verhouding met naaste in algemeen
 - ➡ 3:13 – 4:19: Houding teenoor en reaksie op veronregting
-
- ➡ 3:13-17: Vertrekpunt: met aanhou goeddoen moet jy wys dat Christus Baas is in jou lewe
 - ➡ 3:18-22: Motivering: dit hou geen risiko in om net Christus as Baas te erken nie
 - ➡ 4:1-7a: Gevolgtrekking: onverdiende lyding is vir die gelowige onafwendbaar
 - ➡ 4:7b-11: Die gelowige se plan van aksie tot die einde van alle dinge
 - ➡ 4:12-19: Samevattende oproep oor houding teenoor en reaksie op veronregting

Hierdie agt perikope word vervolgens geëksegetiseer met die oog daarop om die riglyne vir reaksie op veronregting te verstaan en die Skrifperspektiewe te formuleer.

3.5. Eksegese van die tersaaklike perikope

3.5.1. Inleiding

Om die riglyne vir reaksie op veronregting te verstaan en die Skrifperspektiewe te formuleer, word van die grammaties-historiese eksegetiese metode gebruik gemaak (sien 1.5 hierbo).

Hiervolgens word die volgende ses stappe gevolg, soos gebruik deur Van Rensburg *et al* (2012:56):

1. **Die grondteks van die perikoop:** Daar word bepaal of die gebruikte grondteks (UBS, Fourth Revised Edition) onsekerheid aandui oor die Griekse teks van die perikoop, en op hierdie manier word die grondteks vasgestel.
2. **Die vertaling van die perikoop in Afrikaans:** Die 1983 Afrikaanse Vertaling word as vertrekpunt geneem en geëvalueer, en indien nodig word alternatiewe formulering van onderdele wat impakteer op die verstaan van die riglyn vir reaksie op veronregting, voorgestel.
3. **Die gedagte-opbou van die perikoop:** Die gedagte-opbou van die perikoop word bepaal deur 'n ontleding van die relasies tussen die komponente van die teks te maak, op sowel mikro- (die relasies tussen woorde) as makrovlak (die relasies tussen sinne en bysinne en tussen perikope).
4. **Woordstudie van tersaaklike kernbegrippe in die perikoop:** 'n In diepte woordstudie van die kernwoorde in die riglyn vir reaksie op veronregting word gedoen.¹
5. **Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting:** Die riglyn vir reaksie op veronregting word binne die openbaringshistoriese verband van die Skrif verklaar.²
6. **Gevolgtrekking: Skrifperspektief uit 1 Petrus 2:11-12 as reaksie op veronregting:** Die verkondigingsdoel met elke riglyn vir reaksie op veronregting word verwoord. Dit bied dan die Skrifperspektief as reaksie op veronregting.

3.5.2. Gerigte eksegese van 1 Petrus 2:11-12

3.5.2.1. Die grondteks van 1 Petrus 2:11-12

Volgens die UBS (Fourth Revised Edition) is daar geen onsekerheid oor die grondteks van hierdie perikoop nie. Vir die volledige grondteks, vgl hieronder by 3.5.2.2.

¹ Hierdie woordstudie behels 'n noukeurige bestudering van die manier waarop woorde of konsepte deur die sprekers van die Griekse taal in die wêreld wat die agtergrond vorm vir die betrokke taal, verstaan is en hoe hierdie woorde/konsepte oorgedra is in semantiese vorms (Van Rensburg *et al* 2011:165).

² Hierdie stap wil antwoorde bied op die vrae: Watter addisionele lig werp ander tersaaklike Skrifdele op die betrokke tema? Waar pas hierdie perikoop se openbaring oor die betrokke tema in binne die geheel van God se Skrifopenbaring oor die betrokke tema? Wat is die openbaringshistoriese betekenis van die betrokke perikoop (met ander woorde, wat dra die betrokke perikoop by tot ons verstaan van God se openbaring oor die betrokke tema)? (Van Rensburg *et al* 2011:213-214).

3.5.2.2. Die vertaling van 1 Petrus 2:11-12 in Afrikaans

UBS (4th Revised Edition)	1983 Afrikaanse Vertaling	Eie vertaling
<p>¹¹ Ἀγαπητοί, παρακαλῶ ὡς παροίκους καὶ παρεπιδήμους ἀπέχεσθαι τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν αἵτινες στρατεύονται κατὰ τῆς ψυχῆς·</p> <p>¹² τὴν ἀναστροφὴν ὑμῶν ἐν τοῖς ἔθνεσιν ἔχοντες καλήν, ἵνα, ἐν ᾧ καταλαλοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν ἐκ τῶν καλῶν ἔργων ἐποπτεύοντες δοξάσωσιν τὸν θεὸν ἐν ἡμέρᾳ ἐπισκοπῆς.</p>	<p>¹¹ Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe.</p> <p>¹² Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.</p>	<p>¹¹ Geliefdes, aangesien julle vreemdelinge en bywoners is, dring ek by julle daarop aan om nie aan julle natuurlike geaardheid toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe.</p> <p>¹² Gedra julle daarom altyd goed onder die heidene, sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.</p>

Motivering vir die veranderinge aan die 1983 Afrikaanse Vertaling

2:11: Die 1983 Afrikaanse Vertaling het: 'in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners' ingevoeg. In die oorspronklike staan daar slegs ὡς παροίκους καὶ παρεπιδήμους (*aangesien julle vreemdelinge en bywoners is*). Die toevoeging van 'in die wêreld' gee 'n eensydig figuurlike betekenis aan vreemdelingskap, en derhalwe is dit beter om die woorde 'in die wêreld' weg te laat.

2:11: Die 1983 Afrikaanse Vertaling merk die logiese verhouding tussen die eerste sin ('in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners') en die tweede sin ('daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie') as Rede-Gevolg. In die Grieks is die tweede sin egter sintakties die hoofsin, en die eerste een die bysin. 'n Afrikaanse weergawe wat hieraan reg laat geskied, is die volgende: 'Aangesien julle vreemdelinge en bywoners is, dring ek by julle daarop aan ...'

2:11: 'Sinlike begeertes' (τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν) kan ook vertaal word: 'julle natuurlike geaardheid'. Vgl ook 'sondige natuur' (ἐν ταῖς ἐπιθυμίαις τῆς σαρκὸς) in Efesiërs 2:3.

2:12: Die partisipium ἔχοντες funksioneer hier as 'n imperatief (Michaels 1988:117; Kistemaker, 1987:97). Die feit dat dit 'n partisipium is, merk die aard van die verhouding met παρακαλῶ ... ἀπέχεσθαι. Dit word geïnterpreteer as voortvloeiend uit die opdrag dat hulle nie aan hulle τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν moet toegee nie, nl deur 'n goeie lewenswyse te handhaaf (vgl Vinson, Wilson & Mills 2010:115). Daarom word die vertaling van 12:12 verander na: ... *gedra julle daarom altyd goed onder die heidene*.


3.5.2.3. Die gedagte-opbou van 1 Petrus 2:11-12

Die hoofgedagte in hierdie oproep word in 1 Petrus 2:11 deur die werkwoord παρακαλῶ verwoord. Hierdie aandrang het dieselfde drakrag as 'n imperatief (Louw & Nida 1989:408) en word daarom as opdrag geïnterpreteer.

1 Petrus 2:12 word sintakties aan 2:11 verbind deur die partisipium ἔχοντες en word geïnterpreteer as ondergeskikte opdrag voortvloeiend uit die opdrag dat hulle nie aan hulle τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν moet toegee nie, nl deur 'n goeie lewenswyse te handhaaf (vgl Vinson, Wilson & Mills 2010:115).

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:49):

1 Petrus 2:11-12: Die basiese oproep vir vreemdelinge en bywoners



3.5.2.4. Woordstudie van tersaaklike kernbegrippe in 1 Petrus 2:11-12

Die kernbegrippe wat nadere verklarings vereis, is τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν (2:11), τὴν ἀναστροφὴν ... καλὴν (2:12), en καταλαλοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν (2:12).

- **Τῶν σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν** (natuurlike geaardheid)

Volgens Louw & Nida (1989:220) beteken σαρκικῶν dit wat kenmerkend van die menslike natuur is ('human, natural'), wat tipies menslike gedrag insluit (Louw & Nida, 1989:694-695; Jobes 2005:107; Donelson 2010:69), spesifiek gefokus op liggaamlike begeertes (as 'n teenpool van geestelike mense soos in 1 Korintiërs 3:1).

Volgens Louw & Nida (1989:290-291) wys ἐπιθυμιῶν onder andere op 'n baie sterk begeerte om betrokke te raak in 'n aksie/aktiwiteit wat moreel verkeerd is.

Dauids (1990:95-96) sluit hierby aan en verklaar 'sinlike begeertes' as iets wat behoort tot die in-sonde-gevalle natuur van die mens, nl die *self-centeredness of human beings*, en nie bloot seksuele begeertes nie, aangesien laasgenoemde nie ter sprake is in die konteks van 1 Petrus 2 nie.

Σαρκικῶν ἐπιθυμιῶν sou dan die menslike/liggaamlike drange beskryf, die sondige geaardheid wat 'n mens van nature is, en wat lei tot ongehoorsaamheid aan die

gebooe van God (Grudem 1990:78,115). Dit is teen hierdie natuurlike sondige geaardheid wat Paulus ook in Galasiërs 5 waarsku:

¹⁶Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. ¹⁷Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.

Dit is teen hierdie begeertes van die natuurlike geaardheid waaraan die gelowiges aan wie Petrus skryf, nie mag toegee nie! En die spesifieke faset van die natuurlike geaardheid wat hier aan die orde is, is die natuurlike neiging om te wil vergeld, om die kwaad wat ander aan jou doen, terug te doen.

- **Τὴν ἀναστροφὴν ... καλήν**

Hierteenoor stel die outeur van 1 Petrus hoe hulle nie moet toegee aan die begeertes van die natuurlike geaardheid nie. Hulle moenie wil vergeld nie, maar eerder 'n goeie lewenswyse (τὴν ἀναστροφὴν ... καλήν) handhaaf.

Louw & Nida (1989:504 & 743) beskryf die goeie lewenswyse as 'n manier hoe hulle hulleself moet gedra, nl dat hulle optrede 'n positiewe morele waarde dra, met die implikasie dat dié optrede gunstige/prysenswaardige gevolge het (vgl ook 1 Pet 3:16; Kistemaker 1987:96; Davids 1990:96-97). Dit wys op hulle daaglikse lewenswyse (ἀναστροφήν) waarin hulle dae (ἔργων) heilig is, wat prakties beteken dat hulle nie hulle lewe inrig volgens hulle begeertes wat hulle vroeër gehad het toe hulle God nie geken het nie (1 Pet 1:13-16; Davids 1990:96).

Die gebruik van die byvoeglike naamwoord καλή in onderskeiding van ἀγαθή (goed) soos in 1 Petrus 2:15 beklemtoon 'n eerbare lewe, nl dat hulle optrede as Christene moreel aanvaarbaar sal wees. Die fokus val hier veral op hulle optrede wat sodanig is dat dit gesien en waardeer word selfs deur ander wat nie Christene is nie (Michaels 1988:117; Walls & Stibbs 1968:107; Kistemaker 1987:96).

- **καταλαλοῦσιν ὑμῶν ὡς κακοποιῶν**

Die kwaadpratery waarna in 1 Petrus 2:12 verwys word, is duidelik die nie-Christene tussen wie hulle geleef het. Met καταλαλοῦσιν word nie bedoel (geregtelike) aanklagte wat teen die Christene aanhangig gemaak is nie, maar skinder, kwaadpratery en laster (Michaels 1988:117,118; Louw & Nida 1989:433).

Daaragter sit slegte bedoelings, nl om die Christene as misdadigers verdag te maak en te brandmerk. (vgl ook Selwyn 1947:170). Hoewel in 1 Petrus 2:12 nie aanduidings gegee word wat die inhoud van die skinder en kwaadpraat was nie, kan die volgende uit 1 Petrus 4:15 hieroor afgelei word, nl μή γάρ τις ὑμῶν πασχέτω ὡς φονεὺς ἢ κλέπτης ἢ κακοποιὸς ἢ ὡς ἀλλοτριεπίσκοπος (*As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie*). Die beskuldiging van die heidene was, na alle waarskynlikheid, dat die Christene *moordenaars of diewe of misdadigers of kwaadstokers was*, wat uiteraard swaarkry vir hulle meebring het.

Christene se goeie gedrag wat sigbaar word in goeie dae moet die nie-Christene oortuig dat hulle beswadding, nl dat die Christene misdadigers is, ongegrond is.

3.5.2.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting

Die outeur waarsku sy geadresseerdes dat daar vir hulle as παροίκοι καὶ παρεπιδήμοι noodwendig konfrontasie sal wees met die Romeinse gemeenskap waarbinne hulle leef. Dit is in lyn met die Here Jesus se waarskuwing en aanmoediging in Johannes 15:

¹⁸As die wêreld julle haat, onthou: Hy het my voor julle gehaat. ¹⁹As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle (vgl ook Joh 16:33; Matt 5:10-12).

Wat egter in 1 Petrus 2:11–12 as nuwe insig uitgelig word, is dat hierdie konfrontasie in die eerste plek 'n innerlike geestelike stryd is – teen hulle natuurlike geaardheid. Daarom dring hy ernstig by sy lesers, wat veronregting beleef as gevolg van hulle politieke status en Christelike leefwyse, daarop aan om hulle te weerhou van optrede wat sou voortspruit uit die natuurlike geaardheid van die mens. Trouens, hulle word opgeroep om, teen hulle natuurlike geaardheid, wat veronregting wil vergeld, te stry.

Romeine 6:1-12 sluit by hierdie oproep aan en bied 'n motivering waarom hierdie stryd nie alleen reg is nie, maar ook waarom dit vir Christene moontlik is (in lyn met 1 Petrus 1:3):

Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? ²Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? ... ¹²Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie.

Die feit is, hierdie veronregting deur die nie-Christene word nie opgelos deur vergelding nie. Hulle moet eerder aanhou om 'n moreel goeie leefwyse tussen die nie-Christene te handhaaf – hulle moet aanhou goed-doen, ten spyte daarvan dat dieselfde nie-Christene van hulle kwaadpraat asof hulle misdadigers is. Hierdie soort optrede is 'n bevestiging van Jesus se woorde in Matteus 5:38-48 waar Hy die optrede van sy dissipels vir hulle verhouding met hulle vyande en ten opsigte van vergelding in die Bergpreek reël.

Die effek van hierdie moreel goeie leefwyse in 1 Petrus 2:12 word deur Jesus geleer in Matteus 5:11,16:

¹¹Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. ... ¹⁶Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

Hierdie opdrag vind 'n parallel in die Ou Testament, in die geskiedenis van Abraham, in Genesis 23:3-4 waarin Abraham sy politieke status in Kanaan beskryf (Kistemaker 1987:95). Sy toekoms lê nie in Haran tussen sy familie nie, maar in gehoorsaamheid aan die Here se opdrag en belofte van die beloofde land. Die beskrywing lees soos volg:

⁴“Ek is 'n vreemdeling, 'n bywoner by julle. Gee vir my 'n vaste besitting as graf hier by julle sodat ek my vrou daarin kan begrawe (vgl ook Heb 11:8-9).

Ook die optrede van Josef in die 'vreemde' (Egipte) getuig hiervan. Weliswaar was dit nie heidene nie, maar sy broers wat hom veronreg het deur hom as slaaf aan die Ismaelitiese handelaars te verkoop. Daar was egter geen vergelding toe hy sy broers later ontmoet nie (Gen 45:4-5). Dieselfde moreel goeie gedrag word ook by hom gevind toe Potifar se vrou hom seksueel wou verlei (Gen 39), hy geweier het en hy, as gevolg van beswadding, in die tronk gegooi is. Hy het hom nie tot vergelding laat dring nie.

3.5.2.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektief uit 1 Petrus 2:11-12 as reaksie op veronregting

Die perikoop 1 Petrus 2:11-12 dien as die inleidende en basiese opdrag van die hele paranetiese gedeelte wat oor die houding teenoor en reaksie op veronregting handel (1 Pet 2:13 – 4:19; vgl ook Michaels 1988:117). Deur hierdie opdrag word die Christene se optrede in al die genoemde verhoudings en omstandighede bepaal.

Die opdrag is níe dat hulle hulleself moet onttrek uit die nie-Christelike samelewing nie, maar eerder, dat hulle, in en ten spyte van hulle lae sosio-politieke status, nie moet toegee aan en gedikteer word deur hulle natuurlike geaardheid wat veronregting wil vergeld, nie. Dit beteken dat hulle nie, wanneer onreg (beswadding) teenoor hulle gepleeg word, aan hulle (natuurlike) geaardheid moet toegee om te doen wat 'n mens se sondige natuur so graag wil doen nie, nl om terug te beswadder. Inteendeel, óók dan en juis dan moet hulle aanhou om goed te doen, sodat selfs die nie-Christene waardering daarvoor sal hê – al is dit eers op 'die dag van afrekening' in die verre toekoms.

Wanneer in ag geneem word dat hierdie paranese 1 Petrus 1:3 as grond het, nl dat God deur die opstanding van Jesus Christus aan Christene 'n nuwe lewe geskenk het (hulle opnuut verwek het), is die implikasie dat hulle nie aan hulle natuurlike geaardheid mag toegee nie. Christene se volgehoue goeie gedrag ten spyte van veronregting moet sonder woorde die nie-Christene oortuig – al is dit eers by die terugkeer van Jesus Christus – dat hulle beskuldigings en beswadding sonder gronde is en gevolglik vals.

Hierdie Skrifperspektief kan soos volg saamgevat word:

Die basiese beginsel vir mense wat veronreg word, is nie om vanuit jou natuurlike (sondige) geaardheid te reageer nie, maar om aan te hou goed doen.

Die handhawing van hierdie moreel goeie leefwyse, in teenstelling met die natuurlike geaardheid, word in die oproepe in 1 Petrus 2:13-4:19 verder gekonkretiseer (Michaels 1988:117; Greijdanus 1929:107).

3.5.3. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 2:13-17: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die politieke owerheid

Oproep 2 (1 Pet 2:13-17) volg uit die basiese opdrag van 1 Petrus 2:11-12 en beskryf vervolgens hoe dat die geadresseerdes van 1 Petrus 'n goeie lewenswyse onder die heidene moet handhaaf (1 Pet 2:12) – hier in hulle verhouding met die politieke owerheid.

3.5.3.1. Die grondteks van 1 Petrus 2:13-17

Geen variante lesings vir die grondteks van die betrokke verse word in die tekstkritiese apparaat van die UBS teks (Fourth Revised Edition) voorgestel nie. Vir die volledige grondteks, vgl hieronder by 3.5.3.2.

3.5.3.2. Die vertaling van 1 Petrus 2:13-17

UBS (4th Revised Edition)	1983 Afrikaanse Vertaling	Eie vertaling
<p>¹³Υποτάγητε πάση ἀνθρωπίνῃ κτίσει διὰ τὸν κύριον, εἴτε βασιλεὺς ὡς ὑπερέχοντι, ¹⁴εἴτε ἡγεμόσιν ὡς δι' αὐτοῦ πεμπτομένοις εἰς ἐκδίκησιν κακοποιῶν ἔπαινον δὲ ἀγαθοποιῶν·</p> <p>¹⁵ὅτι οὕτως ἐστὶν τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ ἀγαθοποιούντας φιμοῦν τὴν τῶν ἀφρόνων ἀνθρώπων ἀγνωσίαν,</p> <p>¹⁶ὡς ἐλεύθεροι καὶ μὴ ὡς ἐπικάλυμμα ἔχοντες τῆς κακίας τὴν ἐλευθερίαν ἀλλ' ὡς θεοῦ δοῦλοι.</p> <p>¹⁷πάντας τιμήσατε, τὴν ἀδελφότητα ἀγαπάτε, τὸν θεὸν φοβεῖσθε, τὸν βασιλέα τιμᾶτε.</p>	<p>¹³Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is ¹⁴of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys. ¹⁵Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat.</p> <p>¹⁶Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien.</p> <p>¹⁷Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.</p>	<p>¹³Onderwerp julle aan elke menslike instelling omdat die Here dit wil, of dit aan die keiser as hoogste gesag is ¹⁴of aan die goewerneurs as dié wat deur hom gestuur is om die dié wat kwaad doen, te straf, maar dié wat goed doen, te prys. ¹⁵Want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen, die onkunde van dwase mense stil maak.</p> <p>¹⁶So is julle vry mense, en moenie julle vryheid misbruik as dekmantel van die kwaad nie, maar as slawe van God.</p> <p>¹⁷Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Respekteer die keiser.</p>

Motivering vir die veranderinge aan die 1983 Afrikaanse Vertaling

2:13: Die 1983 Afrikaanse Vertaling se woordorde maak die hoofgedagte van die sin 'omdat die Here dit wil', terwyl dit in die Grieks 'n ondergeskikte voorsetselfrase is. 'n Afrikaanse vertaling wat die hoofgedagte regstel, is om die sin – soos in die Grieks – te begin met: 'Onderwerp julle aan'

2:15: In die 1983 Afrikaanse Vertaling is daar geen eksplisiete aanduiding van die verhouding tussen 2:15v en die voorafgaande nie. In die Grieks begin hierdie vers met 'n redegewende voegwoord ὅτι (want). Die invoeging *want* (ook te vertaal as: *immers*) maak die semantiese inhoud van die verhouding tussen 2:15 en die voorafgaande eksplisiet redegewend: *Want dit is die wil van God*

2:17: In die 1983 Afrikaanse Vertaling word die laaste opdrag ten opsigte van die keiser met 'Eer die keiser' vertaal, terwyl presies dieselfde woord in Grieks gebruik word as in die eerste imperatief vir die houding teenoor alle mense waar dit vertaal is met 'respekteer'. Daar is geen rede om dieselfde Grieks woord hier verskillend te vertaal nie, en daarom word 'respekteer vir albei gebruik.

3.5.3.3. Die gedagte-opbou van 1 Petrus 2:13-17

Hierdie oproep word ingelei deur 'n bevelsvorm, ὑποτάγητε (Aoristus Imperatief, 2de pers meervoud). Hoewel die opdrag nie deur 'n relasiemerker aan die vorige verse verbind word nie, word dit semanties as 'n eerste toepassing van die basiese opdrag van 1 Petrus 2:11-12 geïnterpreteer (Donelson 2010:70; sien ook 3.4.2 hierbo).

Hierdie opdrag tot onderwerping aan die owerheid word in die res van 1 Petrus 2:13-17 gemotiveer deur drie redes:

Eerstens: διὰ τὸν κύριον (letterlik vertaal: 'ter wille van/vanweë die Here') (1 Pet 2:13). Al die vertalings wat geraadpleeg is (uitgesonderd die 1983 Afrikaanse Vertaling en Nuwe Lewende Vertaling wat die frase vertaal met *omdat die Here dit (so) wil*), gee dit weer met 'ter wille van die Here'. Die voorsetsel διὰ saam met die akkusatief kan as redegewend verklaar word (Blass & Debrunner 1961:119). Die eerste lesers/hoorders van 1 Petrus word dus opgeroep om hulle aan elke menslike gesagsinstellings te onderwerp omdat hulle daardeur aan die Here se wil gehoorsaam moet wees. Anders gesê: omdat onderwerping daaraan, ontsag aan en navolging van die Here beteken (Walls & Stibbs 1968:110; Greijdanus 1929:108; Michaels 1988:124).

Die tweede rede word ingelei deur die redegewende partikel ὅτι in 1 Petrus 2:15: ὅτι οὕτως ἐστὶν τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ ἀγαθοποιοῦντας φιμοῦν τὴν τῶν ἀφρόνων ἀνθρώπων ἀγνωσίαν (want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase mense stil maak). Duidelik is dit die Here se wil dat Christene nie die kwaad wat die owerhede hulle aandoen met kwaad mag beantwoord nie. Inteendeel, dit is die wil van God dat hulle, deur goed te doen, die kwaad waarvan hulle beskuldig word (1 Pet 2:12) en wat hulle aangedoen word, stop sit (1 Pet 2:15).

Die derde rede waarom Christene hulle aan elke menslike gesagsinstelling moet onderwerp, word in 1 Petrus 2:16 gegee: ὡς ἐλεύθεροι καὶ μὴ ὡς ἐπικάλυμμα ἔχοντες τῆς κακίας τὴν ἐλευθερίαν ἀλλ' ὡς θεοῦ δούλοι (julle is dus vrymense, en julle moenie die vryheid hê as dekmantel van die kwaad nie, maar as slawe van God). Die nominatief (manlik meervoud) van ἐλεύθεροι (en nie die akkusatiwe vorm nie), koppel die ἐλεύθεροι aan die implisiete subjek van ὑποτάγητε in 1 Pet 2:13, nl 'julle'. Die moontlikheid dat die eerste lesers/hoorders van 1 Petrus hulle Christelike vryheid sou wou gebruik as argument om hulle nie aan nie-Christelike owerhede te onderwerp nie, word hiermee in die kiem gesmoor. Hierdie vryheid was immers die resultaat van die feit dat hulle losgekoop is (ἐλυτρώθητε, 1 Pet 1:18-19) deur die bloed van Christus. Hulle vryheid in Christus maak hulle egter nie vry van die opdrag van die Here nie, ἀλλ' ὡς θεοῦ δούλοι – maar as slawe van God wat dus in sy diens staan.

Die opdragte in 1 Petrus 2:17 vorm 'n kragtige gevolgtrekkende afsluiting vir Christene se optrede teenoor owerhede en teenoor mense in die gemeenskap: πάντας τιμήσατε, τὴν ἀδελφότητα ἀγαπάτε, τὸν θεὸν φοβείσθε, τὸν βασιλέα τιμᾶτε (Respekteer almal; julle moet julle medegelowiges liefhê; julle moet vir God ontsag hê; respekteer die keiser).

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:54):

Die basiese opdrag aan gelowiges vir hulle verhouding met die owerheid

2:13a: Julle moet julle onderwerp aan elke menslike owerheid

Eerste rede vir die “onderwerp”-opdrag

2:13b: omdat die Here dit wil

Die “owerhede” nader beskryf

• **2:14a: die goewerneurs as sy gevolmagtigdes**

Die taak van die owerhede

- **2:14b: om dié wat kwaad doen, te straf**
- **2:14c: maar om dié wat goed doen, te prys**

Tweede rede vir die “onderwerp”-opdrag

2:15a: Want dit is die wil van God dat julle ‘n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat

Die wyse waarop julle die kwaadpraat moet beëindig

2:15b: deur goed te doen

Derde rede vir die “onderwerp”-opdrag

2:16a: Julle is immers vrymense

Hoe die vryheid gebruik moet word

- **2:16b: Negatief: moenie dit gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie**
- **2:16c: Positief: Gebruik dit om God as sy slawe te dien**

Samevattende gevolgtrekkende opdrag

- **2:17a: Dus moet julle alle mense respekteer**
- **2:17b: en julle medegelowiges liefhê**
- **2:17c: Vrees God**
- **2:17d: Respekteer die keiser**

3.5.3.4. Woordstudie van tersaaklike kernbegrippe in 1 Petrus 2:13-17

Om die oproep aan die geadresseerdes te verstaan, verg die volgende begrippe nadere verklaring: Ὑποτάγητε; πάση ἀνθρωπίνῃ κτίσει, βασιλεῖ (2:13), en ἀγαθοποιῶν (2:14).

- Ὑποτάγητε

Louw & Nida (1989:468) definieer dit gewoon as onderwerping aan 'n bevel, instruksies en leiding van iemand, gehoorsaamheid aan gesag, jou stel onder iemand. In die passiewe werkwoordsvorm (soos wat dit in Ὑποτάγητε voorkom), is dit iets wat jy met jousef laat gebeur, nl jy stel jousef ondergeskik, jy laat jou lei. Walls & Stibbs (1968:110) sluit hierby aan nl dat dit wys op 'n doelbewuste keuse en die vrywillige aard van die onderwerping.

Michaels (1988:124) kies eerder vir eerbied hê of ontsag hê (en nie onderwerping nie), juis omdat Petrus nie ὑπακοή gebruik wat 'n primêre radikale verbintenis/verpligting vra, nie, maar ὑποτάγητε.

Die opdrag vir die houding teenoor die keiser in 1 Petrus 2:17, nl τὸν βασιλέα τιμᾶτε (respekteer die keiser), anders as ὑποτάγητε (gehoorsame onderwerping aan) in 1 Petrus 2:13 gee gewig aan Michaels se argument. Ook die 'binne'-opdragte van die *inclusio*-struktuur, veral τὸν θεὸν φοβεῖσθε (vrees God), sou as 'n versoberende beperkende voorskrif kon dien van hoe aan die keiser onderwerp moet word, nie onbeperkte onderwerping nie, maar respek – uit- en op grond van die vrees vir die Here (Davids 1990:99).

- πάση ἀνθρωπίνῃ κτίσει

In die Bybelse Grieks verwys κτίσις uitsluitlik na skepping as produk of aktiwiteit van God en nie van 'n mens nie (Louw & Nida, 1989:515;). Die vraag is egter hoe die verbinding πάση ἀνθρωπίνῃ κτίσει (elke menslike skepping) verstaan moet word?

Die bedoeling is nie om dit (die owerheid) as 'n menslike skepping of instelling, in teenstelling met 'n goddelike, te definieer nie. Die frase wil eerder die fokus plaas op die menslike (in onderskeiding van die natuurlike) instelling maar as skepping/ordening van God (Michaels 1988:124). Walls & Stibbs (1968:109) stel 'n vertaling voor wat die goddelike en menslike soos volg verbind: 'elke goddelike instelling onder die mense'. Met ander woorde: die oorsprong van menslike owerhede lê in goddelike skepping, terwyl die gebied waar die ordening geld, die menslike bestaan is (Greijdanus 1929:107). Sodanige verklaring is in lyn met Romeine 13:1-2: *Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.* ²Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God.

- εἴτε βασιλεῖ ὡς ὑπερέχοντι, ⁴εἴτε ἡγεμόσιν ὡς δι' αὐτοῦ πεμπόμενοις

Anders as in Matteus 22:17 word die keiser hier as βασιλεῖ ὡς ὑπερέχοντι aangedui, dus as koning. Dit was die titel waarmee die Keiser as die hoogste gesag in die Romeinse Ryk aangedui is.

Opvallend dat hierdie opdrag aan die geadresseerdes ook geldig is teenoor sy gesante. Dit sluit dus alle gesagsdraers in. Dit is immers onwaarskynlik dat die geadresseerdes met die keiser persoonlik te make sou kry en dis gewoonlik maklik om iemand op 'n afstand te respekteer. Daarom die byvoeging dat hulle hulle moet onderwerp aan die goewerneurs wat deur hom gestuur is. Εἴτε ἡγεμόσιν ὡς δι'

αὐτοῦ πεμπόμενοι word verstaan as plaaslike verteenwoordigers van die hoogste gesag, nl magistrate, prokurators of prokonsuls (Michaels 1988:125).

- ¹⁴εἴτε ἡγεμόσιν ὡς δι' αὐτοῦ πεμπόμενοι εἰς ἐκδίκησιν κακοποιῶν ἔπαινον δὲ **ἀγαθοποιῶν**

Die woord ἀγαθοποιῶν is 'n sleutelbegrip in 1 Petrus. Hierdie werkwoord word in verskillende morfologiese verwante van ἀγαθοποιέω aangetref in 1 Petrus 2:14, 15 en 20; in 1 Petrus 3:6,17 en in 1 Petrus 4:19. In al die geraadpleegde vertalings word die begrip konsekwent met *goed doen* vertaal.

Opvallend dat hierdie bewoording vir *goed doen* anders is as wat in 1 Petrus 2:12 gebruik word vir "goed doen" (*gedra julle goed* (τὴν ἀναστροφὴν ... καλήν) (vir die verklaring daarvan sien 5.2.4 hierbo).

Volgens Jobes (2005:175) definieer ἀγαθοποιέω in 1 Petrus 'goed doen' as optrede wat teen die normale verwagting van optrede binne 'n sekere omstandigheid ingaan en wat daarom deur die persoon teenoor wie opgetree word, raakgesien word.

By ἀγαθοποιέω gaan dit dus nie soseer oor moreel goeie werke, nl om nie toe te gee aan die drifte van die sondige geaardheid nie (soos in 1 Pet 2:11-12), maar oor onbesproke dade as 'n uitvloeisel van en praktiese toepassing van die algemeen morele opdrag in 1 Petrus 2:12 (τὴν ἀναστροφὴν ... καλήν), hier virdie verhouding met die landsowerhede, hoe hulle alle mense respekteer en hulle medegelowiges liefhet.

Daar is nie 'n spanning tussen die opdrag om God te vrees en die keiser te eer asof eersgenoemde laasgenoemde sou uitsluit nie – selfs nie eers wanneer die owerhede hulle onreg aandoen nie. Trouens, deur die keiser te eer, bewys hulle dat hulle God vrees, aangesien dit in lyn is met wat God wil hê.

Die opdrag om medegelowiges lief te hê beteken ook nie dat ander mense (wat hulle onreg aandoen) met kwaad beantwoord mag word nie, maar versterk die beginsel dat alle mense met respek behandel moet word.

Hulle optrede in die geheel en in die algemeen moet van so 'n aard wees dat dit bo verdenking staan en niemand enige aanmerking of kritiek daarteen kan in bring nie (vgl 1 Pet 3:16; Bolkenstein 1977:95; Davids 1990:101; Van Unnik 1954-55: 92-110).

Deur dit te doen, doen hulle goed, en daardeur sal hulle 'n einde maak aan die onkunde wat dwase mense oor hulle praat. Die 'onkunde van dwase mense' (τὴν τῶν ἀφρόνων ἀνθρώπων ἀγνωσίαν), verwys na die berekende kwaadpraat deur die ongelowiges van die Christene om hulle in 'n swak lig te stel by die owerheid (Walls & Stibbs 1968:111; Davids 1990:101).

3.5.3.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting

Die opdrag aan die eerste lesers van 1 Petrus, nl om hulle te onderwerp aan die keiser en sy gevolmaggiges, sowel as die stelling dat owerhede 'n instelling van God is, kom ook in Romeine 13:1 voor: *Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.* Hierdie opdrag is 'n naspreek van wat die Here Self gesê het volgens Markus 12:17: *Jesus sê toe vir hulle: "Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.*

Die kombinasie van die opdrag om aan die owerheid se gesag te onderwerp en die bereidheid om goed te doen, word ook in Titus 3:1 beskryf: ¹*Herinner die mense nadruklik*

daaraan dat hulle hulle aan owerheid en gesag moet onderwerp, daaraan gehoorsaam moet wees en bereid moet wees om alles te doen wat goed is.

Ook die implisiete opdrag aan die owerhede, nl dat hulle die kwaaddoener moet straf en die een wat goed doen, moet prys, word in Romeine 13:3-4 teruggevind.

Die gedagte van vryheid in Christus waarin die geadresseerdes kan leef, wat nie mag aanleiding gee tot ongehoorsaamheid aan God nie (1 Pet 2:16), word ook in Galasiërs 5:13 gevind: *Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.*

Oproep 2 korreleer dus met die res van die openbaring hieroor in die Woord van God.

3.5.3.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektief uit 1 Petrus 2:13-17 as reaksie op veronregting

Die Here gee aan die geadresseerdes van 1 Petrus die opdrag om hulle te onderwerp aan die draers van politieke mag.

Dus, al besit hulle as παροίκοι καὶ παρεπιδήμοι geen politieke regte nie, verskoon dit hulle hoegenaamd nie om hulle nie aan die politieke owerheid van die dag te onderwerp nie. Hulle mag nie in opstand kom teen die owerheid of anargie stook en sodoende 'skietgoed' vir die ongelowiges gee om teen hulle te gebruik nie.

Weliswaar word die opdrag tot onderwerping aan die keiser getemper deur die Christene se vrees van God en hulle liefde vir hulle medegelowiges. 'n Bevestiging hiervan is die sg *inclusio*-struktuur: Vers 13 begin met onderwerping aan die keiser as hoogste gesag (βασιλεὺς ὡς ὑπερέχοντι) en 2:17 eindig met die opdrag (imperatief) respekteer almal, ook die keiser (πάντας τιμήσατε ... τὸν βασιλέα τιμᾶτε). Die middelste gedeelte van die *inclusio*-struktuur (2:15-17c) verwoord die opdrag om as vry mense te leef wat God as sy slawe dien.

Hierdie Skrifperspektief kan soos volg saamgevat word:

Onderwerp jou, as slaaf van God wat in sy diens staan, aan die landsowerheid, in al sy gestaltes, al word jy nie as landsburger erken en/of sodanig behandel nie.

3.5.4. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 2:18-25: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die werkgewer

3.5.4.1. Die grondteks van 1 Petrus 2:18-25

Geen variante lesings vir die reaksie op veronregting word in die grondteks van die betrokke verse in die tekskritiese apparaat van die UBS teks aangebied nie. Daar word slegs in 2:21 variante lesings aangedui, maar dit val buite die skopus van die studie. Vir die volledige grondteks, vergelyk hieronder by 3.5.4.2.

3.5.4.2. Die vertaling van 1 Petrus 2:18-25

UBS (4th Revised Edition)	1983 Afrikaanse vertaling	Eie vertaling
<p>¹⁸Οἱ οἰκέται ὑποτασσόμενοι ἐν παντὶ φόβῳ τοῖς δεσπότησι, οὐ μόνον τοῖς ἀγαθοῖς καὶ ἐπιεικέσιν ἀλλὰ καὶ τοῖς σκολιοῖς.</p> <p>¹⁹τοῦτο γὰρ χάρις εἰ διὰ συνείδησιν θεοῦ ὑποφέρει τις λύπας πάσχων ἀδίκως.</p> <p>²⁰ποῖον γὰρ κλέος εἰ ἁμαρτάνοντες καὶ κολαφιζόμενοι ὑπομενεῖτε; ἀλλ' εἰ ἀγαθοποιοῦντες καὶ πάσχοντες ὑπομενεῖτε, τοῦτο χάρις παρὰ θεῶ.</p> <p>²¹εἰς τοῦτο γὰρ ἐκλήθητε, ὅτι καὶ Χριστὸς ἔπαθεν ὑπὲρ ὑμῶν ὑμῖν ὑπολιμπάνων ὑπογραμμὸν ἵνα ἐπακολουθήσητε τοῖς ἴχνεσιν αὐτοῦ,</p> <p>²²ὃς ἁμαρτίαν οὐκ ἐποίησεν οὐδὲ εὐρέθη δόλος ἐν τῷ στόματι αὐτοῦ,</p> <p>²³ὃς λοιδορούμενος οὐκ ἀντελοιδόρει, πάσχων οὐκ ἠπείλει, παρεδίδου δὲ τῷ κρίνοντι δικαίως.</p> <p>²⁴ὃς τὰς ἁμαρτίας ἡμῶν αὐτὸς ἀνήνεγκεν ἐν τῷ σώματι αὐτοῦ ἐπὶ τὸ ξύλον, ἵνα ταῖς ἁμαρτίαις ἀπογενόμενοι τῇ δικαιοσύνῃ ζήσωμεν, οὗ τῷ μύλωπι ἰάθητε.</p> <p>²⁵ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι, ἀλλὰ ἐπεστράφητε νῦν ἐπὶ τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν.</p>	<p>¹⁸Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.</p> <p>¹⁹Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.</p> <p>²⁰As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God.</p> <p>²¹Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.</p> <p>²²“Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie.</p> <p>²³Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.</p> <p>²⁴Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.</p> <p>²⁵Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.</p>	<p>¹⁸Huisbediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.</p> <p>¹⁹Dit is immers genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees. ²⁰Want as julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade by God.</p> <p>²¹Juis hiervoor is julle immers ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.</p> <p>²²“Hy het geen sonde gedoen nie, ja, uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie.”</p> <p>²³Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.</p> <p>²⁴Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wond is julle genees.</p> <p>²⁵Want julle het soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.</p>

Motivering vir die veranderinge aan die 1983 Afrikaanse Vertaling

2:18: Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal οἰκέται met 'bediendes'. Hierdie benaming was gebruik vir huisbediendes (sien 2.2.4) en daarom word die vertaling, nl *huisbediendes* verkies.

2:19-21: Die Griekse teks (UBS Fourth Revised Edition) voeg die redegewende partikel γάρ by al drie genoemde verse in, terwyl die 1983 Afrikaanse vertaling dit nie eksplisiet vertaal nie. Daarom word 'immers' in die eie vertaling van 1 Petrus 2:19 ingevoeg as rede vir die opdrag in 1 Petrus 2:18, 'want' by 1 Petrus 2:20 (as verduideliking van die rede in 1 Petrus 2:19) en 'immers' by 1 Petrus 2:21 as tweede rede van die opdrag in 1 Petrus 2:18.

2:20: Die 1983 Afrikaanse Vertaling gee die frase van 2:20 weer met: *dit is genade van God*. Die voorsetselfrase in Grieks kan nie anders vertaal word nie as met: *by God*. Daarom word hierdie frase van 2:20 vertaal as: *dit is genade by God*.

2:22: Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal asof hier na twee selfstandige handeling van Jesus verwys word: (a) Hy het nooit sonde gedoen nie, en (b) daar het nooit 'n leuen uit sy mond gekom nie. Die tweede sinsdeel is egter waarskynlik 'n nadere verklaring van die eerste een. Daarom word die volgende vertaling gemaak: *Hy het geen sonde gedoen nie, ja, uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie*.

2:24: Die 1983 Afrikaanse Vertaling gee die enkelvoud vir *wond* weer met die meervoud: *wonde*. Daar is geen rede om die enkelvoud na meervoud te verander nie. Daarom die vertaling: *Deur sy wond is julle nou gesond*.

3.5.4.3. Die gedagte opbou van 1 Petrus 2:18-25

Oproep 3 (1 Pet 2:18-25) volg eweneens, neweskikkend met oproep 2 (1 Pet 2:13-17), uit die basiese opdrag van 1 Petrus 2:11-12. Die oproep in 1 Petrus 2:18 beskryf vervolgens hoe die geadresseerdes van 1 Petrus in hulle verhouding met hulle werkgewers 'n goeie lewenswyse onder die nie-Christene moet handhaaf (1 Pet 2:12).

Die oproep aan huisbediendes kan in drie dele ingedeel word (vgl ook Michaels 1988:155):

- Die oproep om te onderwerp (1 Pet 2:18)
- 'n Motivering as aanmoediging vir die oproep (1 Pet 2:19-21a)
- Christus se voorbeeld as aanmoediging om hierdie oproep na te kom (1 Pet 2:21b-25)

Die oproep aan die οἰκέται word nie in 'n imperatiewe werkswoordsvorm gegee nie, maar as 'n partisipium ὑποτασσόμενοι (Praesens, nominatief, manlik, meervoud). Dit koppel sintakties aan die imperatief ὑποτάγητε in 1 Petrus 2:13 en verteenwoordig 'n verdere uitbreiding van die opdrag aan die geadresseerdes om hulle te onderwerp aan elke menslike instelling (πάση ἀνθρωπίνῃ κτίσει) (Michaels 1988:135; Donelson 2010:80). Hulle moet hulle, dus, nie net aan die keiser en sy gesante onderwerp nie (2:13-17), maar ook aan werkgewers, ongeag of hulle goedgehartig en vriendelik of onredelik is (2:18-25).

Hierdie oproep word in 1 Petrus 2:19-21 gemotiveer, drie keer gemerk deur dieselfde redegewende neweskikkende partikel γάρ (Blass & Debrunner, 1961:235).

1 Petrus 2:19 gee die eerste rede vir die opdrag in 1 Petrus 2:18, terwyl 1 Petrus 2:20 semanties as 'n verdere verduideliking van die rede in 1 Petrus 2:19 geïnterpreteer word. 1 Petrus 2:21 bied die tweede rede aan vir die opdrag in 1 Petrus 2:18, verder gemotiveer deur die onderskikkende redegewende partikel ὅτι (Blass & Debrunner 1961:238):

¹⁹τούτο γὰρ χάρις εἰ διὰ συνείδησιν θεοῦ ὑποφέρει τις λύπας πάσχων ἀδίκως.

²⁰ποῖον γὰρ κλέος εἰ ἁμαρτάνοντες καὶ κολαφιζόμενοι ὑπομενεῖτε; ἀλλ' εἰ ἀγαθοποιούμενοι καὶ πάσχοντες ὑπομενεῖτε, τούτο χάρις παρὰ θεῶν.

²¹εἰς τοῦτο γὰρ ἐκλήθητε, ὅτι καὶ Χριστὸς ἔπαθεν ὑπὲρ ὑμῶν ὑμῖν ὑπολιμπάνων ὑπογραμμὸν ἵνα ἐπακολουθήσητε τοῖς ἴχνεσιν αὐτοῦ.

Hierdie motiverings kan soos volg vertaal word:

- ¹⁹ Dit is immers genade as iemand, omdat hy met God rekening hou, onregverdige lyding verduur.
- ²⁰ Want watter aanprysing is daar vir julle wanneer julle oortree, en lyfstraf ontvang, en nogtans dit verduur. Maar as julle dit verduur wanneer julle goed doen en ly, is dit genade by God.
- ²¹ Hiervoor is julle immers geroep, omdat Christus ook ter wille van julle gely het...

Vanaf 1 Petrus 2:22-23 volg die uitbreiding van Christus se reaksie op onregverdige lyding as voorbeeld vir die geadresseerdes:

²²*Hy het geen sonde gedoen nie, ja - uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie."*

²³*Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.*

Hierdie oproep word afgesluit met 'n opsomming van die redding in Christus, as aanmoediging vir die geadresseerdes geld (1 Pet 2:24-25):

²⁴*Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.* ²⁵*Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.*

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:58):

Die basiese opdrag aan huisbediendes vir hulle verhouding met hulle werkgewers

2:18: Huisbediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is of onredelik

Die eerste rede vir die opdrag om jou ook aan onredelike base te onderwerp

2:19: Om onverdiende lyding te verduur vanweë getrouheid aan God, is immers genade

Die rede verder verduidelik

- 2:20a: **Want as julle dit verdra wanneer julle oortree het, en dan gestraf word, watter verdienste is daarin?**
- 2:20b: **As iemand dit egter verdra wanneer hy goed doen, en dan ly, dit is genade by God**

Die tweede rede vir die opdrag om jou aan (ook onredelike) base te onderwerp

2:21a: Juis hiervoor is julle immers ook geroep

Die rede vir julle roeping hiertoe

2:21b: omdat Christus ter wille van julle gely en sodoende vir julle 'n voorbeeld gestel het

Die doel met Christus se voorbeeld

2:21c: sodat julle in sy voetspore kan volg

Christus se "voetspore" uitgespel

- 2:22a: **Hy het geen sonde gedoen nie, ja, uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie**
- 2:23a: **Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie**
- 2:23b: **toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie**
- 2:23c: **maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel**

Eerste faset van Christus se lyding

2:24a: Hy het self julle sondes in sy liggaam aan die kruis gedra

Die gevolge van Christus se kruisdood

- 2:24b: **en gevolglik is julle vir sondes dood**
- 2:24c: **en kan julle in gehoorsaamheid aan die wil van God lewe**

Tweede faset van Christus se lyding

2:24d: Deur sy wond is julle nou gesond

Rede vir die opdrag om in Jesus se spore te volg

2:25: Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekam na die Herder en Bewaker van julle lewe
(en julle moet dus nou in sy voetspore volg)

3.5.4.4. Woordstudie van tersaaklike kernbegrippe in 1 Petrus 2:18-25

Die volgende begrippe verg nadere verklarings:

- **οἱ οἰκέται** is reeds in 2.2.4 behandel. Hulle was huisbediendes, wat waarskynlik veral uit die laer sosiale kategorie ξένοι (wat dieselfde sosiale status as παρεπιδήμιοι gehad het), gekom het.
- **ὁ δεσπότης** was iemand wat slawe besit het en volledige mag en gesag oor hierdie ondergeskiktes gehad het; ook wat hulle aktiwiteite betref het hy volledige beheer gehad (Louw & Nida 1989:479, 559; Walls & Stibbs 1968:114).
- **ὑποτασσόμενοι** is reeds verklaar (sien 3.5.3.4 hierbo). Wat egter in 1 Petrus 2:18 bygevoeg word, is (ὑποτασσόμενοι) ἐν παντὶ φόβῳ, wat vertaal kan word met (*onderwerp julle*) *met alle ontsag*.

Die **ἐν παντὶ φόβῳ**-bywoordelike bepaling kom van dieselfde stam as die imperatief in 1 Petrus 2:17 waar die opdrag gegee word τὸν θεὸν φοβεῖσθε (vrees God). Die vraag is natuurlik of *ontsag vir God en onderwerping aan werkgewers met alle ontsag* op dieselfde vlak verstaan moet word; of werkgewers, en daarby onredelikes, dieselfde ontsag waardig is as God?

Volgens Walls & Stibbs (1968:114) en Greijdanus (1929:112) kan die bepaling verstaan word as 'n oproep om die werkgewers se posisie as gesagsdraers te respekteer. Die 1983 Afrikaanse Vertaling (*Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers*), die Afrikaanse Standaard Vertaling (*Huisbediendes, erken die gesag van die eienaars ... en respekteer hulle volkome*) en die Nuwe Lewende Vertaling (*Huiswerkers, julle moet die gesag van julle werkgewers volledig aanvaar*) kies vir hierdie verstaan.

Die woordjie *vrees/ontsag* (φόβος) word egter in 1 Petrus nie gebruik as uitdrukking van iemand se gesindheid en optrede teenoor mense (base) nie, maar wel teenoor God (vgl 1 Petrus 1:17, 2:17; 3:2,6,14,16).

Wanneer 1 Petrus 2:19 ook in ag geneem word, *ἢ τοῦτο γὰρ χάρις εἶ διὰ συνείδησιν θεοῦ (Dit is immers genade as iemand ter wille van die gewete voor God ...)*, bevestig dit die vertikale dimensie. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat die geadresseerdes opgeroep word om hulle aan hulle werkgewers te onderwerp, nie uit vrees vir hulle base nie, maar uit ontsag vir God, omdat hulle in hulle gewete voor God staan en eerbied het vir sy ordening, omdat hulle moet rekening hou met God (Bolkenstein 1977:108; Michaels 1988:138,140; Davids 1990:106; Donelson 2010:81).

Die New International Version bied 'n goeie vertaling hiervan: *Slaves, in reverant fear of God submit yourselves to your masters ...*

Dit korreleer met Romeine 13:4-5: *want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf. ⁵Daarom moet jy jou onderwerp, nie net omdat jy vir straf bang is nie, maar ook omdat dit 'n gewetensaak is.*

3.5.4.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting

Die opdrag aan werknemers om hulle aan hulle base te onderwerp, kom ook in ander Skrifdele voor. In 1 Petrus 2:18-25 word die verhouding tussen huisbediendes en base aangespreek, terwyl dit by hierdie ander Skrifdele oor die verhouding tussen slawe in die algemeen en hulle eienaars gaan.

- Efesiërs 6:5-8: ⁵ Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is. ⁶ Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. ⁷ Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. ⁸ Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.
- Kolossense 3:22-25: ²² Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here. ²³ Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, ²⁴ omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan. ²⁵ Wie onreg doen, sal gestraf word oor die onreg wat hy gedoen het; die Here trek niemand voor nie.
- 1 Timoteus 6:1-2: ¹ Gelowiges wat as slawe onder 'n juk staan, moet hulle eienaars met alle eerbied bejeën, sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie. ² Slawe wat gelowige eienaars het, moet aan hulle nie minder eerbied betoon omdat hulle saam broers is nie. Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle werk voordeel trek, met hulle een is in geloof en liefde. Hierdie dinge moet jy aan die mense leer en dit by hulle inskerp.
- Titus 2:9-10: ⁹ Die slawe moet in alles aan hulle eienaars onderdanig wees en hulle tevrede stel. Hulle moenie teëpraat ¹⁰ of iets vat nie; hulle moet bewys dat hulle in alles betroubaar is. So sal hulle in alles wat hulle doen, die aansien van die leer van God ons Verlosser verhoog.

'n Opvallende verskil is dat daar in 1 Petrus 2:18-25, anders as in Efesiërs 6:9 en Kolossense 4:1 geen opdragte aan die eienaars/base gegee word nie. In 1 Petrus 2:18-25. word slegs met die huisbediendes gepraat. Waarskynlik was dit die geval, omdat daar in hierdie gemeentes (nog) geen gelowige eienaars/werkgewers was nie (Bolkenstein 1977:106; Michaels 1988:138). Hierdie weglating van opdragte aan eienaars/base versterk die opdrag aan die geadresseerdes om hulle te onderwerp aan goedhartige en vriendelike sowel as aan onredelike base.

'n Verdere opvallende verskil met die ander Skrifdele is dat die oproep in 1 Petrus 2:18 eksplisiet onderwerping vra – ongeag of die werkgewer goedhartig en vriendelik is of onredelik. Hieruit blyk dit dat die geadresseerdes in 1 Petrus gelyk het onder onredelike base.

1 Petrus 2 is ook die enigste van die genoemde Skrifdele waarin die oproep aan die geadresseerdes gemotiveer word deur die feit dat hulle daarvoor geroep is (²¹εἰς τοῦτο γὰρ ἐκλήθητε) om onregverdig te ly. Hierdie roeping wys op hulle bekering uit die heidendom met sy natuurlike sinlike begeertes tot gehoorsaamheid aan God (vgl verklaring van 1 Petrus 2:11-12 hierbo by 5.2.4.). Hierby word ook, anders as in die ander Skrifdele, Christus se lyding ter wille van hulle as voorbeeld vir hulle voorgehou. Sodoende word hulle nie net daarop gewys dat hulle in sy krag die lyding kan dra nie, maar ook aangemoedig om in sy spore te trap in hulle reaksie op veronregting. Verder word hulle getroos deur die opsomming van sy middelaarswerk as Verlosser en as die Bewaker van hulle lewe (1 Pet 2:24-25).

3.5.4.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektief uit 1 Petrus 2:18-25 as reaksie op veronregting

Die Here gee hier opdrag aan huisbediendes wat geen burgerlike beskerming geniet het nie en boonop uit die laagste sosio-ekonomiese klas gekom het, oor hoe om op te tree teenoor onredelike eienaars/werkgewers. Hulle moet hulle aan hulle base onderwerp, ongeag of hulle goedhartig en vriendelik is, of onredelik. En dit moet 'n gewetenssaak vir hulle wees,

uit ontsag vir God. Hierin het Christus hulle voorgedaan, nie net as voorbeeld nie, maar ook ter wille van hulle.

Hierdie Skrifperspektief kan soos volg saamgevat word:

Onderwerp jou óók aan jou onredelike base, uit eerbied vir God, in die voetspore van Christus, en weet dat jy jou so bevind binne die sfeer van beskerming van ons Herder en Bewaker.

3.5.5. Gerigte eksegeese van 1 Petrus 3:1-7: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die huweliksmaat

3.5.5.1. Die grondteks van 1 Petrus 3:1-7

Slegs een variante lesing in die tekskritiese apparaat van die UBS teks (Fourth Revised Edition) word in 1 Petrus 3:7 voorgestel, *nl συνκληρονόμοις* in plaas van *συγκληρονόμοις*. Die UBS (Fourth Revised Edition) se keuse vir *συγκληρονόμοις* word behou aangesien dit ondersteun word deur die betroubaarste manuskripte en eintlik berus op 'n morfologiese verskil.

3.5.5.2. Die vertaling van 1 Petrus 3:1-7

UBS (4th Revised Edition)	1983 Afrikaanse vertaling	'n Eie vertaling
<p>Ὅμοίως [αἱ] γυναῖκες, ὑποτασσόμεναι τοῖς ἰδίοις ἀνδράσιν, ἵνα καὶ εἴ τινας ἀπειθοῦσιν τῷ λόγῳ, διὰ τῆς τῶν γυναικῶν ἀναστροφῆς ἄνευ λόγου κερδηθήσονται,</p> <p>²ἐποπτεύσαντες τὴν ἐν φόβῳ ἀγνὴν ἀναστροφήν ὑμῶν.</p> <p>³ὣν ἔστω οὐχ ὁ ἕξωθεν ἐμπλοκῆς τριχῶν καὶ περιθέσεως χρυσίων ἢ ἐνδύσεως ἱματίων κόσμος</p> <p>⁴ἀλλ' ὁ κρυπτὸς τῆς καρδίας ἄνθρωπος ἐν τῷ ἀφάρτῳ τοῦ πρᾶεως καὶ ἡσυχίου πνεύματος, ὃ ἐστὶν ἐνώπιον τοῦ θεοῦ πολυτελής. ⁵οὕτως γὰρ ποτε καὶ αἱ ἅγαι γυναῖκες αἱ ἐλπίζουσαι εἰς θεὸν ἐκόσμουν ἑαυτὰς ὑποτασσόμεναι τοῖς ἰδίοις ἀνδράσιν, ⁶ὡς Σάρρα ὑπήκουσεν τῷ Ἀβραάμ κύριον αὐτὸν καλοῦσα, ἧς ἐγενήθητε τέκνα ἀγαθοποιοῦσαι καὶ μὴ</p>	<p>Vroue, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vroue. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.</p> <p>³Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. ⁴Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde. ⁵In die ou dae het die gelowige vroue wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig. ⁶Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat</p>	<p>Net so, vroue, moet julle aan julle eie mans onderdanig wees, sodat selfs indien sommige nie die woord glo nie, hulle sonder 'n woord deur die lewenswyse van die vroue gewen kan word. ² omdat hulle julle godvresende en voorbeeldige leefwyse raaksien.</p> <p>³Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. ⁴Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde. ⁵Want so het ook die gelowige vroue wat op God gehoop het destyds hulle ook versier: hulle was aan hulle eie mans onderdanig. ⁶Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en</p>

<p>φοβούμεναι μηδεμίαν πτόησιν.</p> <p>⁷Οἱ ἄνδρες ὁμοίως, συνοικοῦντες κατὰ γνώσιν ὡς ἀσθενεστέρῳ σκεύει τῷ γυναικείῳ, ἀπονέμοντες τιμὴν ὡς καὶ συγκληρονόμοις χάριτος ζωῆς εἰς τὸ μὴ ἐγκόπτεσθαι τὰς προσευχὰς ὑμῶν.</p>	<p>goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters.</p> <p>⁷Mans, julle moet verstandig met julle vroue saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.</p>	<p>het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters.</p> <p>⁷ Net so, mans, moet julle verstandig met julle vroue saamleef, omdat hulle die swakker geslag is. Bewys eer aan hulle, omdat hulle saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.</p>
--	---	---

Motivering vir die veranderinge aan die 1983 Afrikaanse Vertaling

3:1 en 3:7: In die Grieks is daar by die opdragte in 3:1 en 3:7 telkens ὁμοίως ‘net so’ ingevoeg. Daarom word die vertaling *Net so, vroue, moet julle ... en: Net so, mans, moet julle ...* verkies. Hiermee word die verband met die voorafgaande perikoop duidelik aangetoon.

3:1: In die 1983 Afrikaanse vertaling word die kwalifikasie ἰδίῳ (eie) by τοῖς ἀνδράσιν (mans) bloot vertaal met ‘Vroue, julle moet aan julle mans onderdanig wees’ Ter wille van duidelikheid word die volgende vertaling ‘Vroue, julle moet aan julle eie mans onderdanig wees...’ aangebied.

In **3:2** word ’n meer letterlike vertaling verkies om die gevolg konstruksie ingelui deur ἵνα καὶ εἴ τινες ἀπειθοῦσιν τῷ λόγῳ, διὰ τῆς τῶν γυναικῶν ἀναστροφῆς ἄνευ λόγου **κερδηθήσονται** (*sodat selfs indien sommige nie die woord glo nie, hulle sonder ’n woord deur die godvresende lewenswyse van hulle vroue gewen kan word*), aan te dui.

3:7: Die 1983 Afrikaanse vertaling verbind ὡς ἀσθενεστέρῳ σκεύει (*as die swakker geslag*) sintakties aan ‘Bewys eer aan hulle’. Volgens die Griekse sintaksis hoort die frase verbind te wees aan ‘Julle moet verstandig met julle vroue saamleef’. Daarom word die volgende vertaling verkies: ⁷*Net so, mans, moet julle verstandig met julle vroue saamleef, omdat hulle die swakker geslag is.*

3:7: Die 1983 Afrikaanse vertaling verbind die frase ὡς καὶ συγκληρονόμοις χάριτος ζωῆς (*wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe*) sintakties as byvoeglike bysin aan *swakker geslag*, terwyl dit vanuit die Grieks bywoordelik by *bewys eer aan hulle* hoort. Daarom word die eie vertaling soos volg aangebied: *Net so, mans, moet julle verstandig met julle vroue saamleef, omdat hulle die swakker geslag is. Bewys eer aan hulle, omdat hulle saam met julle deel in die lewe as genadegawe.*

3.5.5.3. Die gedagte opbou van 1 Petrus 3:1-7

Die vierde oproep (1 Pet 3:1-7) volg eweneens, neweskikkend met die derde oproep (1 Pet 2:18-25), uit die basiese opdrag van 1 Petrus 2:11-12. Die oproepe in 1 Petrus 3:1-7 gee riglyne aan die geadresseerdes vir hulle verhouding met hulle huweliksmaats, as nadere spesifisering van die ‘goeie lewenswyse onder die heidene’ (1 Pet 2:12) (Davids 1990:115).

Anders as die vorige twee oproepe waarin daar opdragte slegs aan die een party gegee word (in die tweede oproep slegs aan die παροῖκοι καὶ παρεπιδήμοι (1 Pet 2:13-17), en nie aan die owerhede nie, en in die derde oproep slegs aan die οἰκέται en nie aan die werkgewers

nie – 1 Pet 2:18-25), word in 1 Petrus 3:1-7 (die vierde oproep) ook aan die ander party, die mans, opdragte vir hulle optrede gegee. Dus, hier word nie slegs aan die *veronregtes* opdragte gegee nie, maar ook aan die wat tradisioneel (vanuit sosio-politieke konteks) die *veronregters*, wat duidelik in 1 Petrus 3:1-7 die mans binne hulle huweliksverhoudings, was.

Die opbou van 1 Petrus 3:1-7 volg, soos dié van 1 Petrus 2:18-25, min of meer dieselfde patroon as die oproep teenoor politieke owerhede in 1 Petrus 2:13-17, nl:

- Die oproep om te onderwerp (1 Pet 3:1-2)
- 'n verdere vermaning ten opsigte van die oproep aan vroue (1 Pet 3:3-4)
- 'n spesifieke Bybelse voorbeeld vir die vroue se optrede (1 Pet 3:5-6)

By hierdie opdrag is daar egter 'n afwyking van die patroon, aangesien hier ook aan die mans 'n opdrag vir hulle optrede teenoor hulle vroue gegee word (1 Pet 3:7, Michaels 1988:155).

Soos in 1 Petrus 2:18-25 word die oproep in 1 Petrus 3:1 nie in 'n imperatiewe werkwoordsvorm gegee nie, maar as 'n partisipium ὑποτασσόμενοι (Praesens, nominatief, vroulik, meervoud). Dit koppel sintakties aan die imperatief ὑποτάγητε in 1 Petrus 2:13 en verteenwoordig 'n verdere uitbreiding van die opdrag aan die geadresseerdes, hier spesifiek gerig aan [αἱ] γυναῖκες, hoe om goed te doen, nl om onderdanig te wees aan hulle eie mans. Die bywoord ὁμοίως (net so) waarmee die oproep vir die vroue en die mans ingelei word, plaas die oproepe sintakties op dieselfde vlak as die tweede oproep in 1 Petrus 2:13-17 en die derde oproep in 1 Petrus 2:18-25.


Vroue kry hierdie opdrag om aan hulle eie mans, waarvan sommige *nie die Woord glo nie* (dus, nie-Christene) en hulle boonop gedreig het (1 Pet 3:6), onderdanig te wees. Hierdie onderdanigheid manifesteer in 'n rein en eerbiedige leefwyse (1 Pet 3:2). Dit is 'n skoonheid wat nie berus op uiterlike vertoon nie, maar op innerlike waardes, nl die onverganklike skoonheid van 'n saggearde en rustige gees wat by God groot waarde het (1 Pet 3:3-5). Só het Sara teenoor Abraham opgetree en hulle sal haar 'dogters' wees as hulle haar voorbeeld volg.

Die gevolg hiervan is dat hulle mans, deur hul vroue se voorbeeldige lewe, gewen kan word vir Christus (ἵνα ... κερδηθήσονται) – sonder om 'n woord te sê. Hierdie vroue se gedrag sal hulle mans oortuig (1 Pet 3:1b).


Die mans wat in 1 Petrus 3:7 aangespreek word, is uiteraard Christenmans. Hulle opdrag is om verstandig (κατὰ γνώσιν) met hulle vroue saam te leef en hulle met respek te behandel (ἀπονέμοντες τιμὴν) – al druis dit in teen die samelewing se gebruik. Die grond van sy opdrag is dat vroue, soos hulle ook, mede-erfgename van die gawe van die lewe is (ὡς καὶ συγκληρονόμοις χάριτος ζωῆς). Die gevolg, indien die mans die opdrag uitvoer, is dat hulle gebede nie verhinder word nie.

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:63):

Die basiese opdrag aan die vrou, as toepassing van die beginsel in 2:11-12



Die basiese opdrag aan die mans, as toepassing van die beginsel in 2:11-12



3.5.5.4. Woordstudie van ter saaklike kernbegrippe in 1 Petrus 3:1-7

- **ὑποτασσόμεναι** (onderdanig wees) is reeds verklar (sien 3.5.3.4 hierbo). Hierdie onderdanigheid impliseer nie dat vroue as mense minderwaardig in vergelyking met mans (in die algemeen) moet wees nie, maar binne die sfeer van die huwelik is dit haar opdrag as vrou teenoor haar man (Walls & Stibbs 1968:123; Grudem 1990:137) – selfs wanneer haar man onredelik en ongelowig is. Die feit dat eksplisiet in 1 Petrus 3:7b gesê word dat vroue saam met hulle mans deel in die lewe as genadegawe, bevestig die gelykheid tussen manne en vroue.

Dit is egter opvallend dat, wanneer Sara as voorbeeld van *onderdanigheid* voorgelê word, ὑπήκουσεν (gehoorsaam) gebruik word wat 'n primêre radikale verpligting vra (Michaels 1988:124; Grudem 1990:135; Marshall 1991:99; Van Rensburg 2004:250,255-256).

- **ἐν φόβῳ ἀγνῆν ἀναστροφὴν ὑμῶν** (*julle godvresende met eerbied leefwyse*). Volgens Louw & Nida (1989:746) wys ἀγνός, ἢ, ὄν op "pertaining to being without moral defect of blemish and hence pure". Die herhaling van die woord ἀναστροφὴ in 1 Petrus 3:1,2 dui inderdaad op 'n morele leefwyse in teenstelling met 'n lewe wat uit mense se natuurlike (sondige) geaardheid voortkom (vgl 3.5.2.4. by die verklaring van 1 Petrus 2:11-12).

Verder word hierdie optrede van die vroue geïnspireer en bepaal, nie uit eerbied vir hulle mans nie, maar uit eerbied vir God (vgl die verklaring van die ἐν φόβῳ konstruksie in 1 Petrus 2:18 by 3.5.4.4).

- **κατὰ γνῶσιν** (3:7) wys nie op 'n verstandelike kennis nie, maar op begrip wat verkry is deur waarneming en deur inligting wat aangeleer word, nl om te weet hoe om met hulle saam te leef (Louw & Nida 1989:382; Michaels 1988:168). Die byvoeging by κατὰ γνῶσιν, nl ὡς ἀσθενεστέρω σκεύει τῷ γυναικείῳ (as die swakker geslag) bring verdere verheldering: Die mans moet hulle vroue met begrip en insig ten opsigte van hulle vrouwees en hulle besondere behoeftes behandel en sodoende hulle respekteer (Smit 1990:65).

3.5.5.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting

Die oproep vir die verhouding tussen mans en vroue in hulle huwelik word ook elders in die Bybel aangetref:

- Kolossense 3:18-19: *Vroue, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo. Mans, julle moet julle vroue liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie.*
- Efesiërs 5: ²¹Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. ²²Vroue, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. ²⁵Mans, julle moet julle vroue liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

'n Opvallende verskil in die onderdanighedsopdrag in 1 Petrus 3:1-7 en bogenoemde Skrifdele is dat daar slegs aan die vroue opdrag gegee word om hulle aan hulle mans te onderwerp (en nie 'aan mekaar' soos in Efesiërs 5:21 nie). 'n Verdere verskil is dat die mans in beide die ander Skrifdele opdrag kry om hulle vroue lief te hê, terwyl die opdrag in 1 Petrus 3:7 is om verstandig en met respek teenoor hulle vroue saam te leef, wat ietwat 'n 'ligter' opdrag blyk te wees as wat in Efesiërs 5:25 gegee word.

Anders as in die bogenoemde Skrifdele bied 1 Petrus 3:1-4 'n uitbreiding oor die betekenis van wat onderdanigheid prakties beteken, nl 'n rein en eerbiedige leefwyse van hulle vroue

en die *skoonheid van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees* (1 Pet 3:4).

Die ooreenkoms in al drie Skrifdele is dat die onderdanighedsopdrag aan die vroue gemotiveer en geïnspireer word vanuit hulle geloof in Christus en nie deur dreigemente afgedwing word nie.

Die effek van die vroue se optrede op hulle (ongelowige) mans (*As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vroue*) vind 'n parallel in Romeine 12:21: *Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.*

3.5.5.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektiewe uit 1 Petrus 3:1-7 se reaksie op veronregting

In 1 Petrus 3:1-7 word die gelowige vrou opgeroep om haar aan haar man te onderwerp, ook as hy ongelowig is en onredelik teenoor haar optree binne hulle huweliksverhouding. Hierdie opdrag gaan eweneens teen die natuurlike geaardheid van die mens in wat eerder sou wou maak dat sy haar (ongelowige en onredelike) man ignoreer of haar nuwe vryheid in Christus as rede gebruik waarom sy nie aan hom onderdanig hoef te wees nie. Die doel vir hierdie onderdanighedsopdrag is nie omdat dit goeie orde in die samelewing sou handhaaf nie (soos wat die owerheid destyds van (nuwe) godsdiensgroeperings verwag het nie), maar is evangelies van aard (Donelson 2010:89; Davids 1990:116). Sodanige optrede teenoor haar man kan ewigheidswaarde vir hom inhou – hy kan vir Christus gewen word, selfs sonder dat sy 'n woord sê.

Die opdrag aan die gelowige man om met begrip en respek saam met sy vrou te leef, het teen die orde van die samelewing van destyds ingegaan. Vroue was geensins as gelyke van hulle mans geag en behandel nie. Deur haar egter met begrip en respek te behandel wys hy dat hy erken dat sy as sy gelyke saam met hom deel in die lewe as genadegawe. Sy optrede teenoor sy vrou het eweneens 'n ryke geestelike gevolg – hy sal dan ongehinderd kan bid.

Hierdie Skrifperspektief kan soos volg saamgevat word:

In 'n samelewing waarin vroue deur hulle mans veronreg word, rus die plig op die vrou om selfs aan haar ongelowige man onderdanig te wees en hom met haar godvresende leefwyse te wen. Vir die mans geld dieselfde beginsel: in 'n samelewing waar dit aanvaarbaar is dat mans teen hulle vroue diskrimineer, moet die gelowige mans hulle vroue, omdat hulle hulle gelyke voor God is, met begrip en eerbied behandel.

3.5.6. Gerigte eksegeese van 1 Petrus 3:8-12: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die verhouding met die naaste in die algemeen

3.5.6.1. Die grondteks van 1 Petrus 3:8-12

Daar is geen variante lesings vir die grondteks van hierdie perikoop in die tekstkritiese apparaat van die UBS (Fourth Revised Edition) nie.

3.5.6.2. Die vertaling van 1 Petrus 3:8-12

UBS 4th Revised Edition	1983 Afrikaanse Vertaling	'n Eie vertaling
<p>⁸Τὸ δὲ τέλος πάντες ὁμόφρονες, συμπαθεῖς, φιλάδελφοι, εὐσπλαγχοὶ, ταπεινόφρονες, ⁹μὴ ἀποδιδόντες κακὸν ἀντὶ κακοῦ ἢ λοιδορίαν ἀντὶ λοιδορίας, τουναντίον δὲ εὐλογοῦντες ὅτι εἰς τοῦτο ἐκλήθητε ἵνα εὐλογίαν κληρονομήσητε.</p> <p>¹⁰ὁ γὰρ θέλων ζῶην ἀγαπᾶν καὶ ἰδεῖν ἡμέρας ἀγαθὰς παυσάτω τὴν γλῶσσαν ἀπὸ κακοῦ καὶ χεῖλη τοῦ μὴ λαλῆσαι δόλον,</p> <p>¹¹ἐκκλινάτω δὲ ἀπὸ κακοῦ καὶ ποιησάτω ἀγαθόν, ζητησάτω εἰρήνην καὶ διωξάτω αὐτήν·</p> <p>¹²ὅτι ὀφθαλμοὶ κυρίου ἐπὶ δικαίους καὶ ὦτα αὐτοῦ εἰς δέησιν αὐτῶν, πρόσωπον δὲ κυρίου ἐπὶ ποιοῦντας κακά.</p>	<p>⁸Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. ⁹Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.</p> <p>¹⁰Daar staan geskrywe: "As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.</p> <p>¹¹Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!</p> <p>¹²Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen."</p>	<p>⁸Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. ⁹Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie, maar seën eerder, omdat julle hiertoe geroep is, sodat julle die seën kan beërwe.</p> <p>¹⁰ Immers, "Dié een wat die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.</p> <p>¹¹ en hy moet ophou met die kwaad en die goeie doen. Hy moet die vrede soek dit najaag!</p> <p>¹² Want die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen."</p>

Motivering vir die veranderinge aan die 1983 Afrikaanse Vertaling

In 3:9 word die meer letterlike vertaling van κληρονομήσητε (*seën beërwe*) verkies in plaas van *seën verkry* soos in die 1983 Afrikaanse Vertaling. Behalwe dat die gekose vertaling die betekenis van die Griekse woord beter weergee, skakel die vertaling ook die moontlike misverstand uit dat die ontvangs van die seën 'n verdienstelike gevolg van die geadresseerdes se optrede is. Die seën is iets wat geërf word.

3:10 word deur die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal met *as iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer* Daarmee word die partisipium (Praesens, nominatief, manlik enkelvoud) in die Griekse teks nie duidelik uitgelig nie. Die konstruksie (ὁ γὰρ θέλων ...) dui nie op 'n bywoordelike bysin (voorwaardelik) soos dit vertaal is nie, maar as 'n byvoeglike bysin. Ook die woord θέλων (*wil*) is uit die vertaling weggelaat. Daarom word 'n eie vertaling voorgestel, nl *die een wat die lewe wil liefhê ...*)

3:12 word ingelei met die redegewende partikel ὅτι (*want*) wat die rede aandui vir die voorafgaande opdragte in 1 Petrus 3:11. Hierdie partikel is in die 1983 Afrikaanse Vertaling weggelaat. Daarom word 'n eie vertaling wat soos volg lees, voorgestel: *Want die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep*

3.5.6.3. Die gedagte opbou van 1 Petrus 3:8-12

Die vyfde oproep (1 Pet 3:8-12) volg eweneens, neweskikkend met die vierde oproep (1 Pet 3:1-7), uit die basiese opdrag van 1 Petrus 2:11-12. Die opdragte in 1 Petrus 3:8-12 beskryf vervolgens hoe die geadresseerdes 'n goeie lewenswyse moet handhaaf (1 Pet 2:12) – in hulle verhouding teenoor hulle medemens in die algemeen, wat mede-gelowiges sowel as ongelowiges insluit.

Hierdie oproep word ingelei met τὸ δὲ τέλος (*ten slotte*) wat aandui dat hierdie perikoop 'n afsluiting en 'n samevatting is van die oproepe wat vanaf 1 Petrus 2:11 strek. Geen werkwoordsvorme word in die oproepe van 3:8-9 gegee nie, en dit sluit sintakties aan by die eerste opdrag in 1 Petrus 2:11-12 (Greijdanus 1929:129).


Vervolgens word vyf opdragte gegee hoe die geadresseerdes teenoor almal moet optree (1 Pet 3:8) en daarna in 1 Petrus 3:9 'n verdere drie oproepe hoe hulle spesifiek teenoor veronregting moet reageer.

Hierdie oproepe word in 1 Petrus 3:10-12 gemotiveer deur 'n aanhaling van Psalm 34:13-17, ingelei deur die redegewende partikel γὰρ en word soos volg vertaal: *Immers, wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil beleef...*

Die motivering word in die vorm van imperatiewe gegee waardeur die geadresseerdes aangesê word wat hulle moet doen om die lewe te wil liefhê en goeie dae te wil beleef: hy moet sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens, en hy moet ophou met die kwaad en die goed doen. Hy moet die vrede soek en dit najaag.

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:67):

Algemene gedragskode vir die verhouding met die naaste in die algemeen



3.5.6.4. Woordstudie van ter saaklike kernbegrippe in 1 Petrus 3:8-12

Elkeen van die opdragte in hierdie oproep is kernbegrippe en gevolglik belangrik vir die verstaan van die riglyne vir die geadresseerdes se optrede teenoor hulle naaste in die algemeen.

- **Ὁμόφρονες**, wat met *eensgesind* vertaal kan word, beteken om dieselfde mening toegedaan te wees as die ander. Gelowiges moet een wees ten opsigte van hulle siening, uitkyk en hantering van sake. Hulle moet dus dieselfde dink en doen, en nie verdeeld wees nie (Walls & Stibbs 1968:128). Hierdie eensgesindheid word geskoei op die Christus-gesindheid waarvan Filippense 2:2-5 skryf: *maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.* ³*Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.* ⁴*Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.* ⁵*Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was.*

Dit is dus nie 'n eenheid wat van buite af geforseer word, soos bv deur 'n eksterne leerstelling nie, maar interne hartsgesindheid gevorm deur te fokus op Jesus, die Christus (Davids 1990:124).

- **Συμπαθεῖς** kan vertaal word met *saam ly*. Die woorde van Romeine 12:15 bied 'n praktiese verduideliking hiervan: *Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur*. Walls & Stibbs (1968:129) maak 'n interessante en geldige byvoeging as hy συμπαθεῖς in samehang met die vorige beskrywing ὁμόφρονες verklaar. Hy sien dit soos volg: Wie verenig is en dieselfde geestelike siening en gedagtes het, en wat dus eensgesind is, behoort sensitief te wees vir die belewing van onreg, behoort eie gewin opsy te skuif en behoort gevolglik medelye teenoor ander te openbaar (Bolkenstein 1977:126; Marshall 1991:106).
- **Φιλᾶδελφοί** in sy kernbetekenis dui op *liefde vir broers, vir medegelowiges*. Tot hierdie broerliefde is die geadresseerdes al in vorige gedeeltes van 1 Petrus aangespoor. In 1 Petrus 1:22 word hierdie broerliefde beveel as noodwendige gevolg van die reiniging van sonde wat gelowiges in Christus ontvang het (1 Pet 1:13-21): *Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê*.
Broerliefde is wesenlik van die verhouding tussen mede-gelowiges. Hulle het immers deel aan dieselfde geloofsgemeenskap wat deur Christus losgekoop is (1 Pet 1:18-19).
Dit kom dus nie op uit 'n natuurlike aangetrokkenheid of oppervlakkige simpatie nie. Daarom word dit ook nie deur natuurlike antipatie tot niet gemaak nie. Dit berus nie op wat van 'n mede-gelowige gesien of geweet word nie, maar wat van hom of haar geglo word (Bolkenstein 1977:127). Dit is gebaseer op 'n verbintenis in geloof in Christus (Walls & Stibbs 1968:128).
- **Εὔσπλαγχοι** se vertaling is *goedhartig*, dit is: om goed van hart te wees, om goed te wees vanuit die innerlike mens, wat oordragtelik beteken om sensitief te wees vir ander se nood en graag liefde en omgee te bewys (1983- Afrikaanse Vertaling; Afrikaanse Standaard Vertaling).
- **Ταπεινόφρονες** beteken *nederigheid*. Dit kom uit 'n besef van iemand se geringheid en afhanklikheid voor God en manifesteer in 'n gesindheid van ootmoed. Nederiges verag nie ander mense nie, voel nie gekrenk (seergemaak) as gevolg van ander se optrede teenoor hulle nie en soek beslis nie wraak oor onreg wat hulle aangedoen is nie (Grijdanus 1929:129; Marshall 1991:107-108). Romeine 12:3 verwoord die inhoud soos volg: *Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liever daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het*.
- **Μὴ ἀποδιδόντες κακὸν ἀντὶ κακοῦ** kan soos volg vertaal word: *Moenie kwaad in die plek van kwaad teruggee nie*. Dus, *moenie kwaad met kwaad vergeld nie*. Die aard van die kwaad waarna hier verwys word, is duidelik die verbale aggressie, soos beskimping, intimidasie, beswadding, kritiek, afsydigheid, diskriminasie, verwerping, beledigings, vernederings, valse beskuldigings, verdagmakery waaronder die geadresseerdes moes ly (sien.2.3.2.2).
- **Λοιδορίαν ἀντὶ λοιδορίας** wys spesifiek op die verbale lyding, soos beledigings en vernederings waaronder hulle gebuk moes gaan. Volgens Louw & Nida (1989:433) beteken λοιδορία *to speak in a highly insulting manner, to slander, to insult strongly*.

- **Τουναντίον δὲ εὐλογοῦντες ὅτι εἰς τοῦτο ἐκλήθητε** (*maar, inteedeel, seën omdat julle daartoe geroep is*). Om mense te wees wat seën beteken nie net om iets goeds van iemand te sê of iets goeds aan iemand te doen nie. Dit beteken ook om tot God te bid vir mense, en veral om te vra dat Hy goddelike genade en goedheid aan hulle bewys (Walls & Stibbs 1968:130; Louw & Nida 1989:442).

Oor die geadresseerdes se *roeping daartoe* is reeds gehandel 1 Petrus 2:21 (sien 5.4.5 hierbo). Daar was dit binne die konteks van onregverdige lyding wanneer hulle goed doen. Hier, in 1 Petrus 3:9, handel die roeping om God se genade na 'n ongelowige wêreld te bring – deur te seën.

3.5.6.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting

Die oproepe in 1 Petrus 3:8-12 is 'n herhaling en bevestiging van ander soortgelyke oproepe in die Skrif. Addisioneel tot die Skrifdele waarna reeds hierbo by 3.5.6.4 verwys is, is daar ook nog die volgende:

- 1 Petrus 3:9 is bykans 'n woordelike herhaling van Jesus se uitspraak in Lukas 6:27-28 oor hoe om teenoor jou vyande op te tree:

²⁷*Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; ²⁸seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word.*

- Dieselfde opdragte as in 1 Petrus 3:8-12 word ook gevind in Paulus se uitspraak in Romeine 12:14,16-20, nl hoe om teenoor medegelowiges én teenoor vervolgers en vyande op te tree. Selfs die troosgedagte in 1 Petrus 3:12, nl dat die Here die regverdige se korrekte optrede sien én ook teen onreg is, word in Romeine 12:19b verwoord:

¹⁴*Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie.*

¹⁶*Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. ¹⁷Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. ¹⁸As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. ¹⁹Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die Here. ²⁰"As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.*

- In Jakobus 1:26 word 'n weerklank gehoor van 1 Petrus 3:10: *As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdien is waardeloos.*
- Die opdrag in 1 Petrus 3:11 nl om vrede na te jaag word ook gevind in Jak 3:17-18: ¹⁷*Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. ¹⁸Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.*

3.5.6.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektiewe uit 1 Petrus 3:8-12 se reaksie op veronregting

In 1 Petrus 3:8-12 word 'n verdere konkretisering van oproep 1 nl om nie aan julle natuurlike geaardheid toe te gee nie (1 Pet 2:11), gemaak. In hierdie oproep word daar eerstens 'n

samevatting gegee van hoe gelowiges teenoor mense in die algemeen (veral teenoor medegelowiges) moet optree (1 Pet 3:8). Hiermee saam en in die tweede plek word gefokus op gelowiges se wyse van optrede wanneer hulle veronreg word (1 Pet 3:9).

Hierdie Skrifperspektief kan soos volg saamgevat word:

Gelowiges moenie kwaad met kwaad vergeld en belediging met belediging nie, maar hulle moet met 'n seënswens reageer, die goeie bly doen en vrede najaag. Hierdie optrede bewys dat hulle die lewe liefhet en 'n lang lewe wil hê om die goeie te geniet.

3.5.7. Gerigte eksegese van 1 Petrus 3:13 – 4:19: Die algemene beginsel van 2:11-12 toegepas op die houding teenoor- en reaksie op veronregting

Met die vyfde oproep (1 Pet 3:8-12) is die opdragte aan die geadresseerdes vir hulle optrede in verskillende verhoudings aangespreek en afgehandel. Met die opdragte in 1 Petrus 3:17-4:19 verskuif die opdragte van inter-persoonlike verhoudings na die gelowiges se houding teenoor- en reaksie op veronregting.

In breë kan die struktuur van die gedagte-eenheid soos volg voorgestel word (vgl 3.4.2 hierbo; die pyle dui die perikope aan wat vir hierdie studie tersaaklik is):

3:13 – 4:19: Houding teenoor en reaksie op veronregting

- ➡ 3:13-17: Vertrekpunt: met aanhou goeddoen moet jy wys dat Christus Baas is in jou lewe
- 3:18-22: Motivering: dit hou geen risiko in om net Christus as Baas te erken nie
- ➡ 4:1-7a: Gevolgtrekking: Wapen julleself teen die onafwendbare van onverdiende lyding
- 4:7b-11: Die gelowige se plan van aksie tot die einde van alle dinge
- ➡ 4:12-19: Samevattende oproep oor houding teenoor en reaksie op veronregting

Voordat elke perikoop individueel ontleed word om die relevante opdragte daaruit te filtreer, word die gedagte-opbou van 1 Petrus 3:13 – 4:19 bespreek.

3.5.7.1. Die gedagte-opbou van 1 Petrus 3:13 – 4:19

1 Petrus 3:13 begin met 'n basiese vraagstelling ingelei deur die neweskikkende relasie partikel καὶ wat aandui dat 3:13 ekwivalent is aan die vorige perikoop (1 Pet 3:8-12) (Louw & Nida 1989:789; Van Rensburg 1992:33-34). Met hierdie vraagstelling bring Petrus 'n 'nuwe' verbesondering van die opdrag in 1 Petrus 2:11-12 na vore, nl riglyne vir hulle houding en gesindheid wanneer hulle sou ly terwyl hulle goed doen. Hulle moenie hulle dan deur mense laat afskrik van hulle voorneme en ontsteld raak nie. Hulle moet eerder Christus in hulle harte heilig, in ander woorde, Hom erken en gehoorsaam as κύριος, as hulle Here (Baas). Wanneer die geadresseerdes aanhou goed doen, ten spyte van onregverdige lyding, sal dit vir hulle die geleentheid bied om die hoop waaruit hierdie goeie optrede voortspruit, te verduidelik.

1 Petrus 3:18-22 bied die motivering vir die voorgeskrewe reaksie op onverdiende lyding, gemerk deur die redegewende partikel ὅτι: Christus het een maal onregverdig gely ter wille

van die onregverdiges. Hy sit nou aan die regterhand van God, met die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp. Die geadresseerdes word dus aangemoedig om onregverdige lyding te vat, soos Christus – aangesien dit, ter wille van Christus, geen risiko vir hulle inhou nie omdat Hy die heelal beheer.

Vanaf 1 Petrus 4:1-11 word 'n gevolgtrekking gemaak op grond van die voorafgaande perikoop, gemerk deur die relasiepartikel οὐν.

Die eerste gevolgtrekking op grond van Christus se liggaamlike lyding word gevind in 1 Petrus 4:1-6, nl dat hulle hulleself met die gedagte moet bewapen dat dié een wat liggaamlik gely het, nie meer deur die sonde beheers word nie.

1 Petrus 4:7 word ingelei deur die neweskikkende relasiepartikel δε, wat die oorgaan na 'n volgende tema aandui. Dit sluit aan by 1 Petrus 4:5-6 waar oor die dag van rekenskap gewaarsku word vir dié wat vasgevang gebly het in die greep van hulle goddelose leefstyl en boonop van die geadresseerdes wat tot geloof gekom het, begin sleg praat het. 1 Petrus 4:7b word ingelei deur die gevolgtrekkende partikel οὐν.

Op grond van die feit dat *die einde naby (is), en per implikasie die tyd vir oordeel* (1 Pet 4:17), word die geadresseerdes gevolglik (οὐν) aangemoedig om in diens van die Here te bly leef. Hulle moet selfbeheersd en nugter wees, met 'n innige liefde teenoor mekaar, gasvry en met hulle gawes mekaar dien.

Die opdragte in hierdie perikope word in 1 Petrus 4:12-19 afgesluit met 'n samevattende opdrag vir hulle houding en reaksie wanneer hulle onregverdig ly: *Moenie verbaas wees oor die pynlike lyding asof dit iets vreemds is nie, maar wees bly* (1 Pet 4:12-13). As hulle ly omdat hulle Christene is, moet hulle hulle nie skaam nie, maar God eerder verheerlik omdat hulle die naam *Christene* dra (1 Pet 4:16). Die finale opdrag word in 1 Petrus 4:19 gegee, nl dat hulle hul lewe aan die getroue Skepper moet toevertrou en moet aanhou goed doen.

Die gedagte opbou van 1 Petrus 3:13 – 4:19 kan soos volg grafies voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:71):

Die basiese stelling

3:13-17: Selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou.
Erken net Christus as Here (Baas).

Rede waarom n t Christus as Baas erken moet word

3:18-22: Ook Christus (heeltemaal onskuldig) het eenmaal vir die sondes gely. Hy is egter nou aan die regterhand van die Vader, met die engele, magte en kragte aan Hom onderworpe.

Gevolgtrekking op grond van Christus se oorwinning deur liggaamlike lyding heen

4:1-7a: Wapen julle met die gedagte dat wie liggaamlik gely het, het met die sondeafgereken, omdat Christus gely het. Christus staan klaar om ook oor die dooies te oordeel. Die einde van alles is immers naby.

Die implikasie van die feit dat die einde van alles naby is

4:7b-11: Volg dus teenoor medegelowiges God se aksieprogram.

Samevattende opdrag ivm houding teenoor en reaksie op veronregting

4:12-19: Houding: Moenie verbaas wees asof iets vreemds met julle gebeur nie. Wees liewer bly.
Reaksie: Vertrou julle lewe toe aan die getroue Skepper en hou aan goed doen.

3.5.7.2. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 3:13-17

3.5.7.2.1. Die grondteks van 1 Petrus 3:13-17

In die tekskritiese apparaat van die UBS (Fourth Revised Edition) word vir 1 Petrus 3:15 'n variante lesing aangedui in die plek van τὸν Χριστὸν, nl τὸν θεὸν sowel as 'n weglating van die frase. Die bestaande lesing in die teks word egter behou om die volgende redes: (a) Die manuskripte wat die τὸν Χριστὸν lesing ondersteun, is baie betroubaar. (b) Die samestellers van die teks klassifiseer hierdie lesing met 'n {B} simbool wat slegs 'n geringe mate van onsekerheid aandui.

Verskeie variante lesings word vir καταλαβῆσθε in 1 Petrus 3:16 voorgestel. Aangesien die voorstelle nie die wese van die betekenis verander nie (beide variante stel 'n byvoeging voor nl kwaadpraat *asof julle kwaaddoeners*, die laaste met morfologiese veranderinge), die betroubaarste manuskripte die bestaande teks ondersteun, en die samestellers 'n {B} simbool aan die bestaande lesing toeken, word die bestaande teks behou.

3.5.7.2.2. Die vertaling van 1 Petrus 3:13-17

UBS (4th Revised Edition)	1983 Afrikaanse Vertaling	'n Eie vertaling
<p>¹³Καὶ τίς ὁ κακῶσων ὑμᾶς ἔαν τοῦ ἀγαθοῦ ζηλωταὶ γένησθε;</p> <p>¹⁴ἀλλ' εἰ καὶ πάσχοιτε διὰ δικαιοσύνην, μακάριοι. τὸν δὲ φόβον αὐτῶν μὴ φοβηθῆτε μηδὲ παραχθῆτε,</p> <p>¹⁵κύριον δὲ τὸν Χριστὸν ἀγιάσατε ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν, ἔτοιμοι αἰεὶ πρὸς ἀπολογίαν παντὶ ὡς αἰτοῦντι ὑμᾶς λόγον περὶ τῆς ἐν ὑμῖν ἐλπίδος,</p> <p>¹⁶ἀλλὰ μετὰ πραΰτητος καὶ φόβου, συνείδησιν ἔχοντες ἀγαθὴν, ἵνα ἐν ᾧ καταλαλεῖσθε καταισχυθῶσιν οἱ ἐπηρεάζοντες ὑμῶν τὴν ἀγαθὴν ἐν Χριστῷ ἀναστροφῆν.</p> <p>¹⁷κρεῖττον γὰρ ἀγαθοποιούοντας, εἰ θέλοι τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ, πάσχειν ἢ κακοποιούοντας.</p>	<p>¹³Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is?</p> <p>¹⁴Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. ¹⁵In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. ¹⁶Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het.</p> <p>¹⁷As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen.</p>	<p>¹³En wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is?</p> <p>¹⁴Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, geseënd is julle. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.</p> <p>¹⁵Inteendeel, in julle harte moet daar 'n heilige eerbied nét vir Christus die Here wees. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.</p> <p>¹⁶Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het.</p> <p>¹⁷ As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen.</p>

Motivering vir die veranderinge aan die 1983 Afrikaanse vertaling

1 Petrus 3:15 word ingelei deur die partikel δέ wat 'n teenstelling met die voorafgaande sin aandui. Daar word in die vertaling *Inteendeel* ingevoeg om die teentelling te beklemtoon: *Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.* ¹⁵*Inteendeel, in julle harte moet daar heilige eerbied wees net vir ...*

Die eerste sin van 1 Petrus 3:15 word in die 1983 Afrikaanse Vertaling soos volg vertaal: *In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here.* Die posisie van die *net* skep die indruk dat daar net heilige eerbied (en niks anders nie) vir Christus moet wees. Die woordorde in die Griekse teks plaas besondere klem op *Christus as Here*. Daarom die alternatief: *In julle harte moet daar heilige eerbied nét vir Christus die Here wees (en vir niemand anders nie).*


3.5.7.2.3. Die gedagte opbou van 1 Petrus 3:13-17

1 Petrus 3:13 lei die perikoop in met 'n basiese stelling in die vorm van 'n vraag: *Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is?* Hierop volg 'n teëpool vir die basiese stelling in vers 14a. Twee teenoorstaande opdragte vloei voort uit die basiese stelling as imperatiewe (Aoristus, 2 de persoon, meervoud). Die eerste in vers 14b: τὸν δὲ φόβον αὐτῶν

μη φοβηθῆτε μηδὲ παραχθῆτε (*Maar julle moet hulle nie met 'n vrees vrees (letterlik) nie en moenie ontsteld wees nie*). Die teenpool van dié opdrag in vers 14b word in vers 15 ingelei met δὲ (*intendeel*): ¹⁵κύριον τὸν Χριστὸν ἀγιάσατε ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν (*Intendeel, net Christus moet julle as Here heilig in julle harte*)

Uit die opdrag om net Christus as Here te erken volg twee praktiese implikasies (3:15b-16a en 3:16b), wat verder uitgebrei word met 'n doelsin, ἵνα ἐν ᾧ καταλαεῖσθε καταισχυθῶσιν (*sodat wanneer van julle kwaad gepraat word ...*) en afgesluit met 'n motivering in 3:17 κρείττον γὰρ ἀγαθοποιούντας ... (*Want dit is beter ...*)

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:72):



3.5.7.2.4. Woordstudie van ter saaklike kernbegrippe in 1 Petrus 3:13-17

Die volgende kernbegrippe vereis nadere verklarings vir die verstaan van die reaksie op veronregting:

- **1 Petrus 3:13:** die begrip *goeie* in *as julle julle beywer wat vir wat goed is* (ἐὰν τοῦ ἀγαθοῦ ζηλωταὶ γένησθε) is reeds verklaar in 1 Petrus 2:15 (vgl 5.2.4 en 5.3.4 hierbo).

- **1 Petrus 3:14:** die begrip *bang wees* in die verbod om *nie bang te wees wanneer julle ly ter wille van wat reg is* nie (τὸν δὲ φόβον αὐτῶν μὴ φοβηθῆτε).

Hierdie begrip is reeds hanteer in die verklarings van kernbegrippe van 1 Petrus 2:18 (vgl 5.4.4 hierbo).

- **1 Petrus 3:15:** die begrip *heilig* Christus as Here in julle harte (κύριον δὲ τὸν Χριστὸν ἀγιάσατε ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν).

In plaas daarvan dat Christene vir hulle veronregters bang is (in die sin van aan hulle in praktyk seggenskap oor hulle lewens verleen), moet hulle Christus as Here heilig. Om Christus as Here te heilig, beteken meer as 'n kultiese aksie, nl om in 'n erediens of in aanbidding Hom te heilig. Die feit dat hier 'in julle harte' bygevoeg word, impliseer in die lig van die Bybelse bedoeling met hart (vgl Spreuke 4:23), dat die opdrag die totale lewe van die gelowiges raak en beïnvloed. Om Christus as Here te heilig, beteken om Hom te erken as Here (Koning) wat alleen-seggenskap oor jou doen en late en jou swyg en praat het (Louw & Nida 1989:538; Afrikaanse Standaard Vertaling; Bolkenstein 1977:134; Davids 1990:131; Marshall 1991:115).

3.5.7.2.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting

- Die opdrag om te ly ter wille van wat reg is en die gevolglike belofte van seën is 'n herhaling van Jesus Christus se woorde in die Bergpreek, Matteus 5:10: ¹⁰*Geseënd is dié wat vervolgd word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*
- Om nie vir mense bang te wees nie het die Here al in Jesaja 51:12 verbied: ¹²*Ek is die Here, Ek bring uitkoms vir julle. Hoe is dit dan dat jy bang is vir 'n sterflike mens, vir 'n mens wat so maklik vergaan soos gras?*
- Om die Here te heilig, word ook gevind in Jesaja 8:12-13: ¹²*Julle moenie alles 'n sameswering noem wat hierdie volk 'n sameswering noem nie. Julle moenie bang wees en skrik vir die dinge waarvoor hulle bang is nie.* ¹³*Julle moet die Here die Almagtige eer as die Heilige. Vir Hom moet julle vrees en vir Hóm moet julle bang wees.*
- Jesus herhaal dieselfde opdrag aan sy dissipels in Matteus 10:28: ²⁸*Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.*
- En die apostels getuig rondom daarvan voor die Joodse Raad in Handeling 5:29, toe hulle vervolging (lyding) in die gesig gestaar het as gevolg van hulle gehoorsaamheid aan die Here: ²⁹*Petrus en die ander apostels het geantwoord: 'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!*

3.5.7.2.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektiewe uit 1 Petrus 3:13-17 as vertrekpunt vir hulle houding en reaksie op veronregting

Die beginsel in 1 Petrus 2:11-12 word in 3:13-17 toegepas op Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting. Wanneer Christene ly omdat hulle doen wat reg is, is hulle geseënd deur God. Daarom moet hulle nie toegee aan hulle natuurlike geaardheid om, uit vrees vir die veronregters, op te hou om goed te doen nie. Hulle moet net Christus as Here erken en hulle gedrag slegs deur hom laat bepaal. Hieruit volg twee implikasies: die eerste is dat dit vir hulle die geleentheid sal skep om te getuig oor hulle hoop. Hierdie verduideliking moet in nederigheid en met eerbied vir God gedoen word. Die tweede implikasie is dat hulle moet sorg dat hulle gewete skoon bly.

Die Skrifperspektief vanuit 1 Petrus 3:13-17 dien as vertrekpunt vir hulle houding en reaksie op veronregting en kan soos volg saamgevat word:

Erken en gehoorsaam nêr Christus as Here (Baas) van jou lewe; die oomblik wat jy toelaat dat slegte mense jou gedrag bepaal, het jy hulle baas laat word oor jou lewe, in plaas van Christus!

3.5.7.3. Gerigte eksegeese van 1 Petrus 4:1-7a

3.5.7.3.1. Die grondteks van 1 Petrus 4:1-7a

In die tekskritiese apparaat van 1 Petrus 4:1 word twee variante lesings voorgestel:

- In die plek van παθόντος word παθόντος ὑπὲρ ἡμῶν (*gely het ter wille van julle*) bygevoeg met verskillende woordorde variasies. Aangesien die betroubaarste manuskripte die tekslesing ondersteun en die gevolglike {B} klassifikasie daaraan toegeken word, word die bestaande lesing behou.
- In die plek van ἀμαρτίας word ἀμαρτίας en ἀπὸ ἀμαρτίας aangegee. Aangesien die betroubaarste manuskripte die tekslesing ondersteun en die gevolglike {B} klassifikasie daaraan toegeken word, word die bestaande lesing behou.

3.5.7.3.2. Die vertaling van 1 Petrus 4:1-7a

UBS (4th Revised Edition)	1983 Afrikaanse vertaling	'n Eie vertaling
<p>Χριστοῦ οὖν παθόντος σαρκὶ καὶ ὑμεῖς τὴν αὐτὴν ἔννοιαν ὀπλίσασθε, ὅτι ὁ παθὼν σαρκὶ πέπταται ἀμαρτίας ²εἰς τὸ μηκέτι ἀνθρώπων ἐπιθυμίαις ἀλλὰ θελήματι θεοῦ τὸν ἐπίλοιπον ἐν σαρκὶ βιώσαι χρόνον.</p> <p>³ἀρκετὸς γὰρ ὁ παρεληλυθὼς χρόνος τὸ βούλημα τῶν ἐθνῶν κατειργάσθαι πεπορευμένους ἐν ἀσελγείαις, ἐπιθυμίαις, οἴνοφλυγίαις, κώμοις, πότοις καὶ ἀθεμίτοις</p>	<p>Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het: ²vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God. ³In die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg en drinkpartye en afskuwelike afgodery. ⁴Nou vind die</p>	<p>Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het: ²vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God. ³Immers, in die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg en drinkpartye en afskuwelike afgodery. ⁴Nou</p>

<p>εἰδωλολατρίαις. ⁴ἐν ᾧ ξενίζονται μὴ συντρεχόντων ὑμῶν εἰς τὴν αὐτὴν τῆς ἀσωτίας ἀνάχυσιν βλασφημοῦντες, ⁵οἱ ἀποδώσουσιν λόγον τῷ ἐτοίμως ἔχοντι κρίναι ζῶντας καὶ νεκρούς.</p> <p>⁶εἰς τοῦτο γὰρ καὶ νεκροῖς εὐηγγελίσθη, ἵνα κριθῶσι μὲν κατὰ ἀνθρώπους σαρκὶ ζῶσι δὲ κατὰ θεὸν πνεύματι.</p> <p>⁷Πάντων δὲ τὸ τέλος ἤγγικεν.</p>	<p>heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle. ⁵Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel. ⁶Daarom is die evangelie immers ook verkondig aan dié wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe. ⁷Die einde van alles is naby.</p>	<p>vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle. ⁵Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel. ⁶Daarom is die evangelie immers ook verkondig aan dié wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe. ⁷Immers die einde van alles is naby.</p>
---	--	--

Motivering vir die verandering aan die 1983 Afrikaanse vertaling

In 1 Petrus 4:3 word die redegewende voegwoord γάρ (*immers*) in die 1983 Afrikaanse Vertaling nie eksplisiet vertaal nie. Vers 3 word egter met hierdie relasiepartikel as motivering vir die vorige verse gemerk. Daarom word die verhouding tussen 1 Petrus 4:1-2 met 4:3 deur *immers* verwoord: *Immers, in die verlede, toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers...*

In 1 Petrus 4:7 word die relasiepartikel δέ geïnterpreteer as 'n kontinuering van die gedagte van 4:6. Dit motiveer dus die stelling dat Christus gereed staan om te oordeel (1 Pet 4:5).

3.5.7.3.3. Die gedagte opbou van 1 Petrus 4:1-7a

1 Petrus 4:1-7a bied 'n gevolgtrekking aan, gemerk deur οὖν, op grond van Christus se oorwinning deur liggaamlike lyding heen, soos in 1 Petrus 3:18-22 beskryf (vgl 3.5.7.1. hierbo: Die gedagte-opbou van 1 Petrus 3:13 – 4:19).

Hierdie gevolgtrekking word verwoord by wyse van 'n opdrag: οὖν ... ὑμεῖς τὴν αὐτὴν ἔννοιαν **ὀπλίσασθε** (Aoristus Imperatief medium, 2 de persoon meervoud. (*Daarom ... moet julle julle met dieselfe gedagte bewapen*). Die opdrag word gemotiveer deur Χριστοῦ οὖν παθόντος σαρκὶ (*aangesien Christus dan liggaamlik gely het*), 'n Genitivus Absolutus-konstruksie.

Hierop volg die inhoud van die opdrag, nl om *julle gedagtes te bewapen* ingelei deur 'n epekegetiese ὅτι in 1 Petrus 4:1c-3. Vanaf 1 Petrus 4:4-6 word die gevolg daarvan op die heidene en hulle reaksie op die optrede van die Christene verduidelik. 1 Petrus 4:7a bied dan die motivering op 1 Petrus 4:4-6, nl waarom Christus klaar staan om te oordeel, ingelei deur die relasiepartikel δέ.

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2006:487-488):

Rede vir die opdrag *julle moet julle wapen*

4:1a: **Omdat Christus liggaamlik gely het**

Die opdrag

4:1b: **moet ook julle julle met dieselfde gedagte wapen**

Die inhoud van *die gedagte*

4:1c: **dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het**

Wat die *afrekening met die sonde* inhou, eers negatief, dan positief

4:2: **Vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe**

- Negatief: **nie meer beheers deur menslike begeertes nie**
- Positief: **maar beheers deur die wil van God**

Die rede hoekom dit die inhoud van die afrekening met die sonde is

4:3a: **Immers, in die verlede, toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes**

Waar in die heidense begeertes uitmond

- 4:3b: • **losbandigheid** • **swelgpartye**
• **wellus** • **drinkpartye**
• **dronkenskap** • **afskuwelike afgodery**

Die gevolg as jou lewe nie meer deur heidense begeertes oorheers word nie

4:4: **Die heidene vind dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle**

Die uiteindelige posisie van die heidene

4:5: **Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel**

Motivering waarom ook die dooies geoordeel word

4:6: **Immers, juis met die oog hierop is die evangelie ook aan dié wat nou dood is, verkondig**

Die doel van die evangelieverkondiging aan dié wat nou dood is

4:6: **Na die liggaam was hulle geoordeel om soos mense te sterf**
Na die gees sou hulle lewe soos God lewe

Motivering vir die stelling dat Christus klaar staan om te oordeel

4:7a: **Immers, die einde van alles is naby**

3.5.7.3.4. Woordstudie van ter saaklike kernbegrippe in 1 Petrus 4:1-7a

Die imperatief **ὀπλίσασθε** in die opdrag van 1 Petrus 4:1 *ἡμεῖς τὴν αὐτὴν ἔννοιαν ὀπλίσασθε* (*julle moet julle met dieselfde gedagte bewapen*) verg nadere verklarings om te verstaan wat die Christene se houding teenoor- en reaksie op veronregting beteken.

Die woord ὀπλιζω (*om te bewapen*) kom slegs een keer in die Nuwe Testament voor en moet figuurlik verstaan word as 'n proses om hulleself gereed te maak en toe te rus vir 'n 'stryd' wat voorlê. Die opdrag aan die geadresseerdes is dus nie 'n fisiese bewapening om oorlog te maak teen 'vyande' nie, maar om hulleself met dieselfde denkwysse te bemagtig dat iemand wat liggaamlik gely het met die sonde klaarspeel – omdat Christus ook liggaamlik gely het (Louw & Nida 1989:684; Moulten & Geden 1978:700). In aansluiting by 1 Petrus 3:17-18 beteken dit dat iemand wat ly omdat hy doen wat reg is en steeds voortgaan om goed te doen, al bring dit steeds meer lyding, daarmee wys dat hy met die daad van sonde gebreek het (Grudem 1990:166-167; Davids 1990:148-149). Immers, Christus het ook liggaamlik gely. In die lig van 1 Petrus 3:18 het Hy eens en vir altyd vir die sonde gely, sodat Hy gelowiges na God kon lei. Deur Hom is dit moontlik om met die sonde klaar te speel. Daarmee moet hulle hulle gedagtes bewapen.

3.5.7.3.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 4:1-7a

Die opdrag aan Christene om hulle gedagtes te bewapen met Christus se lyding ter wille van hulle sonde en die gevolglike aanmoediging (vermaning) om nie terug te val in hulle ou heidense leefwyses nie, vind sy weerklank in die volgende Skrifdele. Trouens, al hierdie Skrifdele versterk die gedagte dat dit nie net moontlik is om met die sonde af te reken nie, maar inderdaad ondenkbaar is dat Christene nog sal toelaat dat hulle hulle lewe deur hulle menslike begeertes sal laat beheers – juis op grond van hulle geloofsverbondenheid met Christus:

- Romeine 6:2: *Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?*
- Romeine 6:6: *Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.*
- Romeine 6:13: *Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.*

3.5.7.3.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektiewe uit 1 Petrus 4:1-7a vir hulle reaksie op veronregting

In 1 Petrus 4:1-6 (veral in 4:1) word die Christene opgeroep om hulle gedagtes te bewapen met die waarheid dat Christus ook eenmaal liggaamlik gely het vir sonde, boonop om hulle te bevry van sonde. Daarom moet hulle hulleself innerlik toerus met die sekerheid dat wie liggaamlik ly omdat hulle goed doen, wys dat hulle met die sonde afgereken het. Hiermee word konkreet uiting gegee aan die beginseluitgangspunt in 1 Petrus 2:11-12, nl om nie aan hulle sondige geaardheid toe te gee deur op te hou om goed te doen nie, maar aan te hou, al praat die heidene kwaad van hulle. Die verdere troos is dat Christus klaarstaan om die veronregters hulle verdiende loon te gee, want die einde van alles is naby.

Die Skrifperspektief uit 1 Petrus 4:1-7a dien as gevolgtrekking vir hulle houding en reaksie op veronregting en kan soos volg saamgevat word:

Wanneer jy (onafwendbaar) ly omdat jy aanhou goed doen, oortuig jou innerlik daarvan dat jy met die sonde afgereken het – om Christus ontwil, en dat Christus – in die lig van die nabyheid van die einde van alles – klaarstaan om die veronregters hulle verdiende loon te gee.

3.5.7.4. Gerigte eksegesi van 1 Petrus 4:7b-11

3.5.7.4.1. Die grondteks van 1 Petrus 4:7b-11

Volgens die tekskritiese apparaat van die UBS (Fourth Revised Edition) word geen variante lesings in hierdie perkoop voorgestel nie.

3.5.7.4.2. Die vertaling van 1 Petrus 4:7b-11

UBS (4 th Revised Edition)	1983 Afrikaanse Vertaling	'n Eie vertaling
<p>^{7b}σωφρονήσατε οὖν καὶ νήπατε εἰς προσευχάς·</p> <p>⁸πρὸ πάντων τὴν εἰς ἑαυτοὺς ἀγάπην ἐκτενή ἔχοντες, ὅτι ἀγάπη καλύπτει πληθὸς ἁμαρτιῶν.</p> <p>⁹φιλόξενοι εἰς ἀλλήλους ἄνευ γογγυσμοῦ,</p> <p>¹⁰ἕκαστος καθὼς ἔλαβεν χάρισμα εἰς ἑαυτοὺς αὐτὸ διακονοῦντες ὡς καλοὶ οἰκονόμοι ποικίλης χάριτος θεοῦ. ¹¹εἴ τις λαλεῖ, ὡς λόγια θεοῦ· εἴ τις διακονεῖ, ὡς ἐξ ἰσχύος ἢς χορηγεῖ ὁ θεός, ἵνα ἐν πᾶσιν δοξάζεται ὁ θεὸς διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ, ᾧ ἐστὶν ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων, ἀμήν.</p>	<p>^{7b}Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid.</p> <p>⁸Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.</p> <p>⁹Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.</p> <p>¹⁰As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. ¹¹As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.</p>	<p>^{7b}Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid.</p> <p>⁸Bo alles moet julle mekaar onuitputlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.</p> <p>⁹Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.</p> <p>¹⁰As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. ¹¹As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.</p>

Motivering vir afwyking van die 1983 Afrikaanse vertaling

Die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal die frase in 1 Petrus 4:8 τὴν εἰς ἑαυτοὺς ἀγάπην ἐκτενή ἔχοντες met *julle moet mekaar hartlik liefhê*. Die bywoordelike frase wat met *hartlik* vertaal word, gee nie die diepte van ἐκτενή ἔχοντες weer nie. Dit beteken nie *hartlik* in die sin van 'n gevoelstipe liefde nie, maar eerder 'n onuitputlike daadliefde. Op grond van die Griekse teks word die volgende vertaling verkies: *Bo alles moet julle mekaar onuitputlik liefhê*.


3.5.7.4.3. Die gedagte opbou van 1 Petrus 4:7b-11

1 Petrus 4:7b-11 word ingelei deur die gevolgtrekkende partikel οὖν. Die vorige perikoop (4:1-7a) het geëindig met die stelling dat die einde van alles naby is, wanneer Christus gaan oordeel (1 Pet 4:5). Die implikasie van die nabye einde word vanaf 4:7b aangedui: *Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees*. In 1 Petrus 4:7c word die gevolg van selfbeheersing en nugterheid uitgedruk, en daarop volg die praktiese inhoud van selfbeheersing en

nugterheid in 1 Petrus 4:8-11a. Die perikoop sluit af met die uiteindelijke gevolg van selfbeheersing en nugterheid in 1 Petrus 4:11b, gemerk deur ἵνα ... δοξάζεται ὁ θεός.

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2006:487-488):

Die implikasie van die feit dat die einde van alles naby is



3.5.7.4.4. Woordstudie van ter saaklike kernbegrippe in 1 Petrus 4:7b-11

Die volgende kernbegrippe vereis nadere verklarings om die Skrifperspektief te verstaan:

- In 1 Petrus 4:7 word die woorde **σωφρονήσατε οὖν καὶ νήψατε** εἰς προσευχάς (wees selfbeheers en nugter) gebruik.

Σωφρονήσατε beteken *selfbeheers* wees en word ook so deur die volgende vertalings verstaan, Afrikaanse Standaard Vertaling (2014), 1983 Afrikaanse Vertaling en 'n Direkte Vertaling in Afrikaans (2014). Letterlik beteken **σωφρονήσατε** om *gesond van verstand te wees*. Dieselfde woord word gebruik in Markus 5:15 om die duiwelbestene van Gadara wat by sy *volle verstand* was

na sy genesing deur Jesus, te beskryf. Iemand wat 'n gesonde (suiwere) verstand gehad het, was iemand wat op 'n geestelik volwasse manier situasies bedink en beoordeel het en gevolglik eties reg kon optree, volgens Louw & Nida (1989:384) *to have sound judgement, to use good sense* (Grudem 1990:173; Donelson 2010:128).

Νήψατε wat in hierdie opdrag saam gebruik word, word ook in 1 Petrus 1:13 en 5:8 aangetref wat *nugter wees* beteken. In 'n figuurlike sin dui dit op 'n helderheid en waaksaamheid, ontdaan van geestelike bedwelming (Davids 1990:156. Louw & Nida (1989:353) vat die betekenis, in die lig van die voorafgaande, tereg soos volg saam: om *in beheer te wees van jou denkprosesse en nie gevaar te loop om irrasioneel te dink nie*.

Met die twee woorde saam gebruik word die geadresseerdes beveel om helder insig en oordeel aan die dag te lê, sodat hulle verstand (innerlike) self nie verwar sal word nie en dat invloed van buite (soos onverdiende lyding) nie hulle denke sal vertroebel nie (Greijdanus 1929:164; Grudem 1990:76).

3.5.7.4.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 4:7b-11

Die opdrag om verstandelik en geestelik waaksaam te wees in die lig van die nabyheid van die einde van alle dinge (die terugkeer van Jesus Christus) word ook gevind in die volgende Skrifdele. In hierdie Skrifdele word Christene veral attent gemaak op hulle verantwoordelikheid tot geestelike weerbaarheid in die lig van die naderende einde wanneer Jesus Christus weer gaan kom:

- 1 Pet 1:13: *Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.*
- 1 Petrus 5:8: *Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.*
- 1 Tessalonisense 5:6: *Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees.*

3.5.7.4.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektiewe uit 1 Petrus 7b-11 as hulle plan van aksie vir hulle houding en reaksie op veronregting

In 1 Petrus 4:5 is die veronregtes gerusgestel dat hulle verontregters rekenskap sal gee aan die Here wat gereed is om te oordeel. Waarskynlik het die geadresseerdes begin moedeloos word aangesien die dag van afrekening nog nie aangebreek het nie. In die lig hiervan word aan hulle bevestig in 1 Petrus 4:7a dat die einde van alle dinge naby is.

In 4:7b-11 word die gevolglike plan van aksie uitgespel: Hulle moenie verward en bedwelmd raak nie – enersyds om te dink dat die dag nie sal kom nie, andersyds om moontlik terug te val in die vroeëre heidense lewe wat in 1 Petrus 4:3-4 beskryf word. Hulle word opgeroep om selfbeheers en nugter te wees. Die gevolg hiervan is dat hulle sal kan bid. Die selfbeheersing en nugterheid word prakties uitgespel in drie planne van aksie: (1) hulle moet mekaar liefhê, (2) hulle moet gasvry wees, en (3) hulle moet mekaar met hulle gawes dien. Op hierdie manier sal hulle God in alles verheerlik.

Die Skrifperspektief uit 1 Petrus 4:7b-11 bied 'n plan van aksie vir hulle houding en reaksie op veronregting en kan soos volg saamgevat word:

In die moeilike (en onsekere) tyd van afwagting op die dag van afrekening moet Christene heldere insig en nugtere onderskeidingsvermoë aan die dag lê deur mekaar lief te hê, gasvryheid te betoon en mekaar met hulle gawes te dien.

3.5.7.5. Gerigte ekesegetiese van 1 Petrus 4:12-19

3.5.7.5.1. Die grondteks van 1 Petrus 4:12-19

Volgens die tekskritiese apparaat van 1 Petrus 4:12-19 in die UBS (Fourth Revised Edition) word twee variante lesing voorgestel in 1 Petrus 4:14:

- In die plek van τὸ τῆς δόξης καὶ τὸ word volgens die een lesing slegs δόξης en volgens 'n ander lesing δόξης καὶ δυνάμεως, en nog 'n verdere lesing δόξης καὶ δυνάμεως καὶ τὸ voorgestel. Aangesien die betroubaarste manuskripte die tekslesing ondersteun en die tekssamestellers gevolglik 'n {B} klassifikasie van sekerheid daaraan toeken, word die bestaande lesing behou.
- Verskillende variasies van ἀναπαύεται word voorgestel. Dit bring nie wesenlike veranderinge aan die betekenis te weeg nie. In die lig van die {A} klassifikasie wat die tekssamestellers gevolglik aan die die bestaande teks toeken, word dit behou as die betroubaarste lesing.

3.5.7.5.2. Die vertaling van 1 Petrus 4:12-19

UBS (4 th Revised Edition)	1983 Afrikaanse Vertaling	'n Eie vertaling
<p>¹²Ἀγαπητοί, μὴ ξενίζεσθε τῇ ἐν ὑμῖν πυρώσει πρὸς πειρασμὸν ὑμῖν γινομένη ὡς ξένου ὑμῖν συμβαίνοντος,</p> <p>¹³ἀλλὰ καθὸ κοινωνεῖτε τοῖς τοῦ Χριστοῦ παθήμασιν χαίρετε, ἵνα καὶ ἐν τῇ ἀποκαλύψει τῆς δόξης αὐτοῦ χαρηῆτε ἀγαλλιώμενοι.</p> <p>¹⁴εἰ ὀνειδίξεσθε ἐν ὀνόματι Χριστοῦ, μακάριοι, ὅτι τὸ τῆς δόξης καὶ τοῦ θεοῦ πνεῦμα ἐφ' ὑμᾶς ἀναπαύεται.</p> <p>¹⁵μὴ γὰρ τις ὑμῶν πασχέτω ὡς φονεὺς ἢ κλέπτης ἢ κακοποιὸς ἢ ὡς ἄλλοτριεπίσκοπος.</p> <p>¹⁶εἰ δὲ ὡς Χριστιανός, μὴ αἰσχυνέσθω, δοξαζέτω</p>	<p>¹²Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie.</p> <p>¹³Wees liever bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlijkheid.</p> <p>¹⁴Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlijkheid behoort, die Gees van God, op julle bly.</p> <p>¹⁵As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie.</p> <p>¹⁶Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is,</p>	<p>¹²Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie.</p> <p>¹³Wees liever bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlijkheid. ¹⁴Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlijkheid behoort, die Gees van God, op julle bly. ¹⁵As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie.</p> <p>¹⁶Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n</p>

<p>δὲ τὸν θεὸν ἐν τῷ ὀνόματι τούτῳ.</p> <p>¹⁷ὅτι [ὁ] καιρὸς τοῦ ἄρξασθαι τὸ κρίμα ἀπὸ τοῦ οἴκου τοῦ θεοῦ εἰ δὲ πρῶτον ἀφ' ἡμῶν, τί τὸ τέλος τῶν ἀπειθούντων τῷ τοῦ θεοῦ εὐαγγελίῳ;</p> <p>¹⁸καὶ εἰ ὁ δίκαιος μόλις σώζεται, ὁ ἀσεβὴς καὶ ἀμαρτωλὸς πού φανεῖται;</p> <p>¹⁹ὥστε καὶ οἱ πάσχοντες κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ πιστῶ κτίστη παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν ἐν ἀγαθοποιίᾳ.</p>	<p>moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.</p> <p>¹⁷Die tyd vir die oordeel het aangebreek; dit begin by die huis van God. En as ook ons geoordeel word, en dit is nog maar die begin, wat sal die uiteinde dan wees van hulle wat nie na die evangelie van God wou luister nie?</p> <p>¹⁸“As ’n gelowige beswaarlik gered word, wat word dan van ’n goddelose en ’n sondaar?”</p> <p>¹⁹Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.</p>	<p>Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.</p> <p>¹⁷Die tyd vir die oordeel het aangebreek; dit begin by die huis van God. En as ook ons geoordeel word, en dit is nog maar die begin, wat sal die uiteinde dan wees van hulle wat nie na die evangelie van God wou luister nie?</p> <p>¹⁸“As ’n gelowige beswaarlik gered word, wat word dan van ’n goddelose en ’n sondaar?”</p> <p>¹⁹Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, deur goed te doen.</p>
---	---	--

Motivering vir afwykings van die 1983 Afrikaanse vertaling

ἐν ἀγαθοποιίᾳ in 1 Petrus 4:19 word in die 1983 Afrikaanse Vertaling vertaal met *en aanhou goed doen* asof dit ’n tweede opdrag is naas die opdrag om hulle lewe aan God toe te vertrou (παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν). Dit doen nie reg aan die Griekse konstruksie wat die frase ἐν ἀγαθοποιίᾳ as ’n bywoordelike frase aan παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν koppel nie. Daarom word die vertaling verkies: ¹⁹*Daarom moet ... hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, deur goed te doen.*

3.5.7.5.3. Die gedagte opbou van 1 Petrus 4:12-19

Volgens die gedagtestruktuur van 1 Petrus 3:13 – 4:19 (vgl 3.5.7.2 hierbo) bied 1 Petrus 4:12-19 ’n samevattende opdrag in verband met die houding teenoor en reaksie op veronregting. Die perikoop word nie met enige verbindingspartikel aan die voorafgaande perikoop gebind nie.

1 Petrus 4:12 begin met ’n opdrag wat opgevolg word met die teenpool van die eerste opdrag ingelei deur ἀλλά (*maar*) 4:13a. Hierop volg die gevolge van die *Bly-wees* opdrag in 4:13b gemerk deur ἵνα καὶ ... χαρῆτε.

1 Petrus 4:14 bied die rede aan waarom hulle bly kan wees met verdere motiverings en verduidelikings waarom hulle geseënd is in 4:15-18.

1 Petrus 4:19 sluit af met ’n samevattende konklusie oor hulle houding teenoor- en reaksie op veronregting, gemerk deur ὥστε ... ρατιθέσθωσαν (Greidanus 1929:178).

Hierdie interpretasie van die gedagteopbou kan op makrovlak soos volg voorgestel word (vgl Van Rensburg 2002:88):

Negatiewe opdrag in verband met die houding teenoor die vuurproef

4:12a: Moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie

Motivering vir *verbaasdheid*

4:12b: asof iets vreemds met julle gebeur

Positiewe opdrag in verband met die houding teenoor die vuurproef

4:13a: Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel

Gevolg van die uitvoering van die “Bly wees”-opdrag

4:13b: Dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy terugkeer in heerlijkheid

Rede hoekom jy kan bly wees as jy in die lyding van Christus deel

4:14a: Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus

Rede vir die feit dat julle geseënd is

4:14b: omdat (dit ‘n bewys is dat) die Gees van heerlijkheid, die Gees van God op julle bly

Opdrag 1 as motivering vir die stelling dat net persone wat ter wille van die Naam van Christus ly, geseënd is

4:15: Immers, niemand van julle moet ly omdat hy ‘n moordenaar of ‘n dief of ‘n misdadiger of ‘n kwaadstoker is nie

Opdrag 2 as motivering vir die stelling dat net persone wat ter wille van die Naam van Christus ly, geseënd is

4:16a: Wanneer iemand ly omdat hy ‘n Christen is

- Negatief: 4:16b: **moet hy hom nie daarvoor skaam nie**
- Positief: 4:16c: **Inteendeel, hy moet God verheerlik in daardie Naam**

Motivering vir die twee opdragte

4:17a: omdat die tyd dat die oordeel begin, aangebreek het, naamlik bydie huis van God

Twee verdere motiverings, voortbouend op die eerste

- 4:17b: **En as dit by ons die begin is, wat sal die uiteinde dan wees van hulle wat nie na die evangelie van God wou luister nie?**
- 4:18: **En as ‘n gelowige beswaarlik gered word, wat word dan van ‘n goddelose en ‘n sondaar?**

Samevattende opdrag in verband met die houding teenoor en reaksie op verontregting

4:19: Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper deur goed te doen!

3.5.7.5.4. Woordstudie van ter saaklike kernbegrippe in 1 Petrus 4:12-19

- ξενίζεσθε in 1 Petrus 4:12

Hierdie woord is 'n sterk uitdrukking wat die geadresseerdes voorberei op hoe hulle houding teenoor lyding moet wees: hulle moet dit hoegenaamd nie as iets vreemds sien nie. Hulle moet dus nie verbaas (dronkgeslaan) daaroor wees nie (Walls & Stibbs 1968:159; Donelson 2010:133).

- ἀλλὰ ... χαίρετε in 1 Petrus 4:13

In plaas van verdwaas wees, moet hulle eerder bly wees. Hierdie oproep tot blydschap is nie blydschap oor die lyding as sulks nie, maar blydschap omdat die deel hê aan Christus se lyding die verwagting wakker maak dat hulle deel sal hê aan sy heerlikheid (Walls & Stibbs 1968:159; Grudem 1990:178-179).

- πιστῶ κτίστη παρατιθέσθωσαν τὰς ψυχὰς αὐτῶν in 1 Petrus 4:19

Die werkwoord is 'n oproep om jousef aan die sorg van iemand oor te gee. Aan die basis van παρατιθέσθωσαν lê die gesindheid van vertrou hê op iemand – hier op die Getroue Skepper (Davids 1990:173).

- ἐν ἀγαθοποιίᾳ in 1 Petrus 4:19

Hierdie begrip is reeds verklaar (vgl 3.5.3.4).

3.5.7.5.5. Die openbaringshistoriese verband van die riglyne vir reaksie op veronregting in 1 Petrus 4:12-19

Die opdrag om bly te wees wanneer jy ly omdat jy goed doen in 1 Petrus 4:13 is deur Jesus Christus verwoord, volgens Matteus 5:

¹⁰Geseënd is dié wat vervolgd word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

¹¹Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolgd en valslik al wat sleg is van julle sê. ¹²Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolgd.

Die opdrag om jousef aan die Here toe te vertrou, word ook in die volgende Skrifdele aangetref. Hiermee saam word, soos in 1 Petrus 4:13-14, ook beloftes gegee vir hulle wat hulleself aan die Here toevertrou – weliswaar in ander Bybelse begrippe:

Ps 31:5-6: *Bevry my uit die vangnet wat hulle vir my gestel het, want U is my toevlug.* ⁶*In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak.*

Jes 54:17: ¹⁷*Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie; elkeen wat vals teen jou getuig, sal gestraf word. Dit is hoe Ek, die Here, vir my dienaars sorg. Ek laat geregtigheid aan hulle geskied, sê die Here.*

Rom 2:6-7: *Hy sal elkeen vergeld volgens sy dade:* ⁷*aan dié wat in goeddoen volhard en op dié manier soek na ewige heerlikheid, eer en onverganklikheid, gee Hy die ewige lewe.*

3.5.7.5.6. Gevolgtrekking: Skrifperspektiewe uit 1 Petrus 4:12-19 as samevattende oproep vir hulle houding en reaksie op veronregting

Hierdie slotakkoorde in 1 Petrus 4:12-19 dien as samevatting vir die geadresseerdes se houding teenoor en reaksie op veronregting. Nogeens word die aard van die lyding gestel, nl dit is lyding ter wille van Christus. Hieroor moet hulle nie verdwaas wees nie, maar hulle eerder verheug. Hierdie is opnuut 'n oproep om die basiese beginsel in 1 Petrus 2:11-12, nl om nie toe te gee aan jou natuurlike geaardheid nie, na te kom. Wie van stryk gebring word deur onverdiende lyding en toegee aan sy natuurlike geaardheid om veronregting te vergeld, verwoes net sy eie lewe (1 Pet 2:11b). Hierteenoor moet 'n Christen homself aan die troue Skepper oorgee deur hom daarop toe te lê om aan te hou goed doen.

Die Skrifperspektief uit 1 Petrus 4:12-19 dien as samevattende oproep en kan soos volg saamgevat word:

Moenie skrik as jy onverdiend ly ter wille van Christus nie; moenie tot vergelding gedring word nie, maar vertrou jou lewe toe aan die getroue Skepper, en wys dat jy dit gedoen het deur aan te hou goed doen.

3.5.8. 'n Samevatting van Skrifperspektiewe as reaksie op veronregting in 1 Petrus

Die volgende Skrifperspektiewe in 1 Petrus as reaksie op veronregting is in hierdie hoofstuk geïdentifiseer en verklaar:

- 1 Petrus 2:11-12: Die basiese beginsel vir mense wat veronreg word, is nie om vanuit jou natuurlike (sondige) geaardheid te reageer nie, maar om aan te hou goed doen.
- 1 Petrus 2:13-17: Onderwerp jou, as slaaf van God wat in sy diens staan, aan die landsowerheid, in al sy gestaltes, al word jy nie as landsburger erken en/of sodanig behandel nie.
- 1 Petrus 2:18-25: Onderwerp jou óók aan jou onredelike base, uit eerbied vir God, in die voetspore van Christus, en weet dat jy jou so bevind binne die sfeer van beskerming van ons Herder en Bewaker.
- 1 Petrus 3:1-7: In 'n samelewing waarin vroue deur hulle mans veronreg word, rus die plig op die vrou om selfs aan haar ongelowige man onderdanig te wees en hom met haar godvresende leefwyse te wen. Vir die mans geld dieselfde beginsel: in 'n samelewing waar dit aanvaarbaar is dat mans teen hulle vroue diskrimineer, moet die gelowige mans hulle vroue, omdat hulle hulle gelyke voor God is, met begrip en eerbied behandel.
- 1 Petrus 3:8-12: Gelowiges moenie kwaad met kwaad vergeld en belediging met belediging nie, maar hulle moet met 'n seënwens reageer, die goeie bly doen en vrede najaag. Hierdie optrede bewys dat hulle die lewe liefhet en 'n lang lewe wil hê om die goeie te geniet.
- 1 Petrus 3:13-17: Erken en gehoorsaam nét Christus as Here (Baas) van jou lewe; die oomblik wat jy toelaat dat slegte mense jou gedrag bepaal, het jy hulle baas laat word oor jou lewe, in plaas van Christus.
- 1 Petrus 4:1-7a: Wanneer jy (onafwendbaar) ly omdat jy aanhou goed doen, oortuig jou innerlik daarvan dat jy met die sonde afgereken het – om Christus ontwil, en dat Christus – in die lig van die nabyheid van die einde van alles – klaarstaan om die veronregters hulle verdiende loon te gee.

- 1 Petrus 4:7b-11: In die moeilike (en onsekere) tyd van afwagting op die dag van afrekening moet Christene heldere insig en nugtere onderskeidingsvermoë aan dag lê deur mekaar lief te hê, gasvryheid te betoon en mekaar met hulle gawes te dien.
- 1 Petrus 4:12-19: Moenie skrik as jy onverdiend ly ter wille van Christus nie; moenie tot vergelding gedring word nie, maar vertrou jou lewe toe aan die getroue Skepper, en wys dat jy dit gedoen het deur aan te hou goed doen.

3.6. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die vraag watter Skrifperspektiewe 1 Petrus bied aan die eerste lesers/hoorders wat veronregting en diskriminasie moes verduur, beantwoord. Dit blyk dat 1 Petrus 2:11-12, nl die opdrag om nie aan hulle sondige geaardheid toe te gee deur te wil vergeld nie, die basiese Skrifperspektief uitmaak. Al die ander Skrifperspektiewe, vanaf 1 Petrus 2:13 tot 4:19, is verskillende praktiese toepassings van hierdie basiese opdrag.

Skrifperspektiewe is vanuit elk van die volgende perikope geformuleer:

- 2:11-12: Die basiese oproep
- 2:13-17: In verhouding met politieke owerhede
- 2:18-25: In verhouding met werkgewers
- 3:1-7: In verhouding met huweliksmaat
- 3:8-12: In verhouding met naaste in algemeen
- 3:13 – 4:19: Houding teenoor en reaksie op veronregting

Die laaste Skrifperspektief (in 1 Petrus 4:12-19) vorm 'n logiese en samevattende afsluiting van al die vorige perspektiewe, aangesien al die hoofmomente van hulle reaksie op veronregting hierin verwoord is, nl om nie tot vergelding gedwing te word wanneer hulle ter wille van Christus onreg ly nie, maar hulle lewe aan die Here toe te vertrou en aan te hou om goed te doen.

HOOFSTUK 4

Prinsipiële riglyne vanuit 1 Petrus vir Christene wat veronregting ervaar in post-1994 Suid-Afrika

4.1. Inleiding

In hoofstuk 4 word die resultaat van die Skrifperspektiewe wat verkry is uit 1 Petrus (soos hierbo in hoofstuk 3 geformuleer) toegepas in die praktyk van Christene wat veronregting in post-1994 Suid-Afrika ervaar. Dit word gedoen deur hermeneuse (Breed, Van Rensburg en Jordaan 2008:42-43). Hermeneuse berus op die hermeneutiese uitgangspunt dat die Skrif tydgerig is. Dit wil sê: die Skrif is nie in die eerste plek geskryf vir 21ste eeuse lesers nie. Dit beteken egter nie dat die Skrif gebonde is aan die tyd waarbinne dit ontstaan het nie en alleen betekenis vir die historiese situasie en omstandighede van die eerste lesers het nie, maar breek deur die tyd om te praat met mense van alle tye, binne hulle eie konteks. Deur hermeneuse word die boodskap vir die huidige tyd bepaal.

Hermeneuse is dus die proses waarin die resultaat van die hele eksegetiese proses, waarin ondersoek is wat God in die betrokke Skrifdeel vir die eerste lesers/hoorders openbaar, oorgebring word na die leser/hoorder van vandag in sy/haar konteks (Van Rensburg, *et al* 2011:249).

Om die prinsipiële riglyne vanuit 1 Petrus vir Christene wat veronregting ervaar in die post-1994 Suid-Afrika te formuleer, word die volgende stappe geneem:

- 'n Breë tipering van die konteks van die post-1994 Christen in Suid-Afrika word gemaak. Hiervoor word nie van 'n empiriese navorsingsmetode gebruik gemaak nie. Die tipering word gebaseer op die algemene waarneming van mense en die feit dat die 'nuwe' (demokratiese) Suid-Afrika aangebreek het met die algemene verkiesing op 27 April 1994. Die geldigheid van die beleving van veronregting van Christene word nie beoordeel nie, maar slegs genoem en kortliks beskryf.
- Die betekenis en ewig-geldende boodskap van 1 Petrus en die implikasies daarvan word deur die proses van hermeneuse geïdentifiseer.
- Daarna word die prinsipiële riglyne sodanig geformuleer dat Christene in Suid-Afrika vandag die implikasie vir hulle van die boodskap aan die eerste lesers van 1 Petrus kan hoor.
- Die hoofstuk word afgesluit met 'n samevattende gevolgtrekking.

4.2. 'n Tipering van die konteks van post-1994 Christene in Suid-Afrika

Die Suid-Afrika waarin Christene vandag leef, is nie die Suid-Afrika van voor 1994 nie. Sedert 1994 is 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika aanvaar, met onder andere sy fokus op fundamentele regte. In hoofstuk 2 van die Handves van Fundamentele Regte van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996*, word verskillende individuele regte en vryhede verskans. Elke individu en regs persoon kan aanspraak maak op, onder andere, die volgende tipes grondwetlike beskerming: gelykheid (artikel 9); menswaardigheid (artikel 10); vryheid van godsdienst, oortuiging en mening (artikel 15); reg op eiendom (artikel 25); onderwys (artikel 29); taal en kultuur (artikel 30) (Janse van Rensburg & Pienaar 2005:39-40).

Met die aanvaarding van die grondwet is daar 'n keuse gemaak oor die reëls waarvolgens burgers van Suid-Afrika moet optree en watter tipe optrede hulle teenoor hulleself kan eis. Tog blyk dit dat die Grondwet nie altyd die antwoord en uitkoms bied wat verwag word nie.

Dit beteken nie dat die Grondwet opsigself die probleem is nie. Dit bied immers die ruimte en grondwetlike beskerming vir Christene én nie-Christene, minderhede- én meerderheidsgroeperings (ongeaag hoe die groeperings gedefinieer word).

Daar is veral drie redes waarom die grondwet met sy fokus op fundamentele regte nie altyd vir die persoon-op-straat die sekuriteit en beskerming laat beleef waarna gesoek word nie.

- Eerstens, nie een van die regte geld 'absoluut en onbeperk' nie. 'Die een mens se regte word deur die ander se soortgelyke of ander regte beperk en 'n afweging van belange vind gedurig plaas om te bepaal wie se regte voorkeur sal geniet' (Janse van Rensburg & Pienaar 2005:40).
- Tweedens, hoewel fundamentele regte Bybels gemotiveer kan word, word dit dikwels só toegepas dat die ideaal van die beskerming van mense se regte belemmer word. Inderdaad kan elke mens self besluit wat vir hom/haar reg is; wanneer hierdie eie oortuiging egter op ander afgedwing word of hulle daardeur benadeel word, is dit nie meer Bybels nie.
- 'n Derde belemmerende faktor is die feit dat menseregte grootliks fokus op dit wat werk (pragmatisme) en nie op dit wat moreel reg is nie. Pragmatisme vra nie na die beginsel nie, maar na dit wat vir die individue die beste lyk en die beste uitkoms (voordeel) bied. Die uitvloeisel hiervan is dikwels 'n disrespek vir gesag van enige aard.

Vervolgens word na enkele belewenisse verwys waarin veronregting in post-1994 Suid-Afrika ervaar word:

- Die regerende party (ANC) se aandrang op demografiese verteenwoordiging, regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging in die werkplek en openbare instellings (staatsdiens), nl. 80% swart, 9% bruin, 9% wit en 2% Indiër. My eie ervaring in my pastorale werk wys dat die meeste (wit) Suid-Afrikaners (die gemeentes wat ek tot dusver bedien het en tans bedien) saamstem dat die een of ander vorm van regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging noodsaaklik is (vgl ook Van Wyk, 2001:451-455; Eloff, 2016:53, 67-73). Tog bring die onverantwoordelike (afdwingende) uitvoering daarvan mee dat baie persone dit as diskriminerend beleef – veral omdat in baie gevalle aanstellings gemaak word wat meriete ignoreer.
- Wat die gevoel van veronregting verdiep, is wanneer bekwames oor die hoof gesien word vir bevordering en/of vir bepaalde poste wat dan jare lank ongevol bly, aangesien die 'regte' kandidaat onder die 80-9-9-2 uitgangspunt nie gevind kan word nie. Dikwels word werknemers wat in die pad staan van die uitvoering van die 80-9-9-2 uitgangspunt onder soveel druk in die werkplek geplaas dat dit onmoontlik word om aan te bly by 'n instansie. Hoewel die wet dit as konstruktiewe ontslag definieer, sien min werknemers kans vir die lang uitgerekte (en duur) regspad om dit te bewys.
- Die afgelope aantal jare is verskeie wit Suid-Afrikaners (tereg) skuldig bevind aan rassistiese uitsprake en vorme van haatspraak, terwyl die persepsie bestaan dat swart Suid-Afrikaners hulle aan dieselfde misdrywe skuldig maak sonder dat daar enige gevolge vir hulle is.

4.3. Prinsipiële riglyne vir post-1994 Christene in Suid-Afrika

4.3.1. Inleidend

Alvorens die prinsipiële riglyne vanuit 1 Petrus vir post-1994 Christene in Suid-Afrika geformuleer kan word, moet 'n belangrike verskil tussen die kontekste van die eerste lesers

van 1 Petrus en die lesers van vandag in ag geneem word. In 2.3.3.1 (hierbo) is reeds aangetoon dat die eerste lesers, op grond van hulle sosio-politieke status as uitlanders, veral die παρεπιδήμιοι, geen wetlike beskerming van die Romeinse howe en geen politieke regte geniet het nie, terwyl παποίκοι beperkte regte gehad het. Hierteenoor geniet alle burgers in Suid-Afrika, vanselfsprekend ook Christene en selfs uitlanders, die beskerming van die konstitusie van Suid-Afrika.

Die praktiese implikasie hiervan vir burgers (Christene) in Suid-Afrika is dat hulle hulle kan beroep op die grondwet indien daar enige onreg teen hulle gepleeg sou word. Daarom mag (moet) elke burger wat onreg (diskriminasie, beswadding of uitsluiting) beleef sy/haar konstitusionele reg gebruik.

Wat 1 Petrus egter uitwys, is dat die besit van grondwetlike beskerming al dan nie, of die uitkoms van sodanige verhoor aan die hand van die konstitusie, nie Christene se verantwoordelikheid wegneem om Christelik op te tree nie.

4.3.2. 1 Petrus 2:11-12: Die basiese prinsipiële riglyn

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer (3.5.2.6):

Die basiese beginsel vir mense wat veronreg word, is nie om vanuit jou natuurlike (sondige) geaardheid te reageer nie, maar om aan te hou goed doen.

Die eerste prinsipiële riglyn kan soos volg beskryf word:

Christene word hier ernstig vermaan teen die verkeerde en heel natuurlike wyse om veronregting te hanteer, nl om toe te gee aan jou ou sondige geneigdheid om te wil vergeld. Dit beteken dat hulle nie, wanneer onreg deur wie ook al en van watter aard ook al, teenoor hulle gepleeg word, moet doen wat mens se sondige geaardheid so graag wil doen, nl om te vergeld, bv deur terug te beledig, terug te beswadder of terug te slaan nie. Christene moet dus begelei word om te besef dat die eerste 'gevegslinie' nie die veronregters is nie, maar 'n geestelike stryd teen hulle eie natuurlike geaardheid, wat natuurlik oorwin kan en moet word deur die opstandingskrag van Jesus Christus.

Daar is nog 'n manier hoe Christene in post-1994 Suid-Afrika (wie se demokratiese regte in die konstitusie verskans is), kan toegee aan hulle natuurlike geaardheid, nl om te assimileer met 'n ongelowige samelewing, kompromieë met die 'wêreld' aan te gaan deur terug te val op 'n 'vroeëre heidense' lewenswyse (vgl 1 Pet 4:3-4; Smit 1990:32-34; Van Rensburg 1998:580). Nie soseer omdat Christene uit vrees vir veronregting as gevolg van hulle Christelike leefwyse daartoe gedryf word nie, maar omdat die Christelike geloof skynbaar geen hoop meer vir Christene wat veronregting verduur, sou inhou nie.

Die opdragte in 1 Petrus 1:13-16 wys in hierdie rigting:

¹³Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. ¹⁴As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. ¹⁵Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. ¹⁶Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig." (1983 Afrikaanse Vertaling).

Teen hierdie vorm van toegee aan hulle natuurlike geaardheid moet Christene gewaarsku word.

Wie se gedrag deur sy/haar natuurlike geaardheid beheer word, verval in 'n destruktiewe siklus wat net verwoesting veroorsaak, met nadelige gevolge vir almal – veral wanneer die veronregte hom/haar bevind in 'n samelewing waar diskriminasie teen hulle aanvaarbaar is.

Hierdie destruktiewe siklus word nie verbreek deur aggressiewe reaksie nie, maar deur aan te hou om goed te doen.

Om goed te doen wys hier op die teenpool van optrede vanuit mens se sondige geaardheid. Die klem val op Christene se optrede wat moreel aanvaarbaar is – selfs vir nie-Christene. Dit is dus gedrag volgens die goeie waardes van 'n samelewing (in soverre dit nie bots met Bybelse beginsels nie) en wat opbouend sal wees vir almal in die samelewing (Jobes 2005:171). Dit is hoe Christene hulle roeping as lig vir die wêreld sal uitleef (Mat 5:14-16). Christene moet aanhou met hulle voorbeeldige lewe, te midde van en ten spyte van veronregting, in die wete dat reg sal geskied – al is dit eers op die dag van afrekening.

Hoe hierdie 'goed-doen' in ons daaglikse (praktiese) lewe uitspeel, word in die volgende prinsipiële riglyne – telkens afgelei uit die betrokke perikoop – aangetoon.

4.3.3. 1 Petrus 2:13-17: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met die politieke owerheid

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer in 3.5.3.6:

Onderwerp jou, as slaaf van God wat in sy diens staan, aan die landsowerheid, in al sy gestaltes, al word jy nie as landsburger erken en/of sodanig behandel nie.

Die prinsipiële riglyne wat hier aan Christene voorgeskryf word, kan soos volg omskryf word:

Onderwerp jou aan die owerhede in al sy gestaltes (bv polisiebeamptes, ministers, landdroste, munisipale owerheid). Al is die owerheid (die regering) nie die party vir wie jy gestem het nie, en al doen hulle nie altyd moreel reg volgens Bybelse waardes nie, en al word jy nie altyd as 'n landsburger met grondwetlike beskerming behandel nie, moet jy jou aan hulle gesag onderwerp. Om jou aan die owerheid te onderwerp, beteken dat jy hulle sal respekteer deur hulle nie te beswadder en af te kraak nie, prakties, dat jy die landswette wat hulle moet toepas, sal nakom en o.a. belastings sal betaal.

Vir baie wit Christene wat in die post-1994 Suid-Afrika leef, is dit moeilik gesien in die lig van die tipering hierbo (4.2 hierbo). Daarom is dit nodig dat hulle begelei moet word om:

- Te erken dat die owerheid, soos met die nie-Christelike staatsbestel van die Romeinse Ryk, 'n goddelike skepping is, en nie 'n menslike instelling nie.
- Te bely dat dit die wil van God is dat hulle hulle aan die gesag van die owerheid moet onderwerp en dat hulle sodoende eintlik vir God dien. Hulle vryheid beteken juis om as slaaf van God Hom te dien deur hulle aan die owerhede in al sy gestaltes te onderwerp.
- Te besef dat dit *nie* die wil van God is dat hulle die kwaad wat die owerheid aan hulle mag doen, met kwaad (ongehoorsaamheid en opstand/anargie) beantwoord nie. Inteendeel, dit is die wil van God dat hulle sal aanhou goed doen, want daardeur sal hulle 'n einde maak aan die kwaad wat dwase mense van hulle as Christene en van hulle diens aan God, praat. In hierdie verband beteken goed-doen inderdaad onderwerping aan en respek vir die owerheid.

- Te verstaan dat onderwerping aan die owerheid nie onbeperkte onderwerping beteken nie, maar respek – uit- en op grond van slaaf-wees van die Here. Met ander woorde, wanneer onderwerping aan die owerheid sou beteken dat aan God ongehoorsaam moet wees, word jy gedwing om aan God meer gehoorsaam te wees.

Hoewel hier nie pertinente prinsipiële voorskrifte aan die owerhede gegee word nie, word dit tog implisiet gestel in die woorde dat hulle *dié wat kwaad doen moet straf en dié wat goed doen, moet prys*. Waaroor dit egter in hierdie Skrifdeel gaan, is dat – indien die owerheid dit nie getrou doen nie – dit nie aan die onderdane 'n groenlig gee om hulle gesag te ondermyn nie. Die owerhede, soos ook die onderdane, sal voor die Here verantwoording doen vir hulle optrede.

Christene in post-1994 Suid-Afrika sal dus begelei moet word om te besef dat daar nie 'n spanning is tussen die opdrag om God as slaaf te dien en die owerheid te eer asof eersgenoemde laasgenoemde sou uitsluit nie – selfs nie eers wanneer die owerhede hulle onreg aandoen nie. Trouens, deur die owerhede te eer, bewys hulle dat hulle vir God eerbied het.

4.3.4. 1 Petrus 2:18-25: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met hulle werkgewers

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer in 3.5.4.6:

Onderwerp jou óók aan jou onredelike base, uit eerbied vir God, in die voetspore van Christus, en weet dat jy jou só bevind binne die sfeer van beskerming van die Herder en Bewaker van hulle lewe.

Hierdie Skrifperspektief was vir die huisbediendes onder die eerste lesers/hoorders van 1 Petrus slegs van toepassing op hulle verhouding met hulle huisbase. Die prinsipiële riglyn wat hier aan Christene wat in (post-1994) Suid-Afrika leef, voorgehou word, sou vir alle ander gesagskringe geld – nie net jou baas by die werk nie, maar ook jou onderwyser, of die spankaptein, of die voorsitter van 'n direksie.

Die prinsipiële riglyn kan soos volg verwoord word:

Skik jou in jou optrede, as ondergeskikte, volgens jou gesagsdraer se opdrag – ongeag of hy/sy goedgehartig en vriendelik is, of onredelik. Dit is die inhoud van “goed doen” waarna in 1 Petrus 2:20b verwys.

Hierdie prinsipiële riglyne gaan eweneens teen ons natuurlike geaardheid wat wil vergeld, in. Vanuit ons sondige geaardheid is dit reeds al moeilik om gesag te aanvaar. Soveel erger as die gesagsdraer onregverdig en onredelik is.

Christene moet hulle egter skik na die opdragte óók van onbillike gesagsdraers:

- Nie omdat hulle bang is vir hulle base nie, maar uit ontsag vir God, omdat hulle in hulle gewete voor God staan en eerbied het vir Hom en sy ordening.
- Omdat hulle weet dat onverdiende lyding genade by God is. Wanneer 'n Christen toelaat dat 'n onredelike gesagsdraer hom/haar dwing om in opstand te kom en nie sy/haar opdragte uitvoer nie, of erger, iets skadeliks aan die gesagsdraer doen, is die lyding wat so iemand op die lyf loop, verdiende lyding. Iemand wat egter aanhou goed doen ten spyte van veronregting, wys daarmee dat hy/sy uit die genade van God leef en ontvang genade by God.
- Omdat hulle daartoe geroep is om onregverdig te ly. Hierdie roeping wys op hulle bekering tot gehoorsaamheid aan God uit die heidendom waar dit aanvaarbaar is dat elkeen vrye teuels gee aan hulle natuurlike geaardheid se begeertes.

- Omdat 'n Christen in die voetspore van Christus moet loop, wat self onverdiende lyding verduur het. Sodoende word hulle nie net daarop gewys dat hulle in sy verlossingskrag die onverdiende lyding kan dra nie, maar ook binne die sfeer van sy beskerming as Herder en Bewaker veilig is.

Hierdie prinsipiële riglyn beteken egter nie dat jy onreg teen jou moet verdra en in die proses vermeende onreg moet laat gedy nie. Immers, die Here is self teen onreg. Wat hierdie riglyn in praktyk beteken, is dat jy onreg wat teen jou gepleeg word, moet hanteer – sonder om te wil vergeld op enige manier. Binne die konteks van post-1994 Suid-Afrika is Christene so begenadig dat hulle, anders as die eerste lesers/hoorders van 1 Petrus, hulle kan beroep op die Grondwet wanneer hulle veronreg word deur enige gesagsdraer, hetsy hulle die slagoffer van onbillike arbeidspraktyk word of daar teen hulle gediskrimineer word.

Christene moet egter alle wettige en wetlike prosedures volg om onreg teen hulle reg te stel. Indien die uitkoms van die prosedures steeds onregverdig blyk te wees, is die prinsipiële riglyn: Skik jou na jou gesagsdraer se opdragte – al beteken dit dat jy, soos Christus, ook onskuldig ly. Werk steeds met 'n opregte hart uit ontsag vir die Here (Kol 3:22).

4.3.5. 1 Petrus 3:1-7: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met hulle huweliksmaats

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer in 3.5.5.6:

In 'n samelewing waarin dit aanvaarbaar is dat vroue deur hulle mans veronreg word, rus die plig op die vrou om selfs aan haar ongelowige man onderdanig te wees en hom met haar godvresende leefwyse te wen. Vir die mans geld dieselfde beginsel: in 'n samelewing waar dit aanvaarbaar is dat mans teen hulle vroue diskrimineer, moet die gelowige mans hulle vroue, omdat hulle hulle gelykes voor God is, met begrip en eerbied behandel.

Anders as die konteks van die eerste lesers/hoorders van 1 Petrus leef ons in 'n land waar alle burgers se gelykheid deur die grondwet beskerm word. Daar mag in geen opsig teen enigiemand gediskrimineer word nie, ook nie op grond van geslag nie. Die gelykheid tussen geslagte word al in 1 Petrus duidelik gestel, ook in die huwelik. Die feit dat eksplisiet in 1 Petrus 3:7b gesê word dat mans in gedagte moet hou dat hulle vroue saam met hulle deel in die lewe as genadegawe, bevestig die gelykheid tussen geslagte. God het mans én vroue verkies tot die ewige lewe en daarom mag Christenmans nie oor hulle vroue baas speel nie (en noodwendig ook omgekeerd).

Hoewel gelykheid die Bybelse ideaal is, leef ons tans nog in 'n gebroke samelewing (*simul justi et peccatores* (tegelykertyd geregverdigdes en sondiges)).

In die lig hiervan moet die Skrifperspektief verstaan word.

Die vraag is dan hoe hierdie Skrifperspektief binne die Suid-Afrikaanse samelewing toegepas moet word? Veral aangesien vroue selfs vandag nog as mans se mindere behandel word.

Die eerste saak wat in ag geneem moet word, is dat hierdie Skrifperspektief nie algemene prinsipiële riglyne vir alle huwelike van alle tye gee nie, maar spesifiek vir 'n gelowige vrou se optrede wanneer haar ongelowige man onredelik teenoor haar sou optree en dit in 'n samelewing waar hierdie geslagsdiskriminasie aanvaarbaar is (Marshall 1991:99). Die opdrag bly steeds: sy moet aan haar man onderdanig wees.

'n Prinsipiële riglyn vir vroue se optrede kan soos volg vanuit 1 Petrus verwoord word:

Die opdrag aan vroue om aan hulle mans onderdanig te wees, word nie gekanselleer deur die feit dat haar man teen haar diskrimineer nie. Indien haar diskriminerende man 'n gelowige is, kan sy 'n appél op hom maak op grond van die Skrif. Indien hy 'n ongelowige is en die Skrif dus vir hom geen gesag dra nie, moet sy hom wen deur haar godvresende en voorbeeldige leefwyse.

Hierdie prinsipiële riglyn vir haar onderdanigheid beteken nie 'n slaafse onderwerping nie, ook nie dat sy die onreg teen haar as korrek aanvaar nie, maar dat sy volhard met 'n moreel rein en eerbiedige leefwyse. Prakties hou dit in dat sy teen haar eie natuurlike geaardheid ingaan wat sulke optrede sou wou vergeld en dat sy teenoor 'n ongelowige man nie sal aandring op haar gelykheid in Christus nie. Uit eerbied vir God moet sy getrou aan haar man bly en hom as mens respekteer. Hieruit moet 'n onredelike man agterkom dat sy, as gelowige vrou, juis 'n beter huweliksmaat vir hom is.

Met hierdie prinsipiële riglyn word 'n hoër geestelike gevolg vir haar optrede in die vooruitsig gestel, nl dat haar ongelowige man (vir Christus) gewen kan word, sonder dat sy 'n woord sê. Sy moet poog om haar man se houding en optrede blywend te verander. Dit is iets wat nie met uiterlike versiering reggekry sal word nie, maar deur haar voorbeeldige gedrag, wat na vore kom uit 'n verborge wedergebore hart, en bestaan uit onverganklike skoonheid, nl 'n saggeaarde en rustige gees.

Wat die mans betref: anders as in bv Efesiërs 5:21 waarin vroue én mans vermaan word om aan mekaar onderdanig te wees, word mans in 1 Petrus slegs aangesê om hulle vroue met begrip en eerbied te behandel. 'n Prinsipiële riglyn vir mans se optrede kan soos volg vanuit 1 Petrus verwoord word:

Christenmans moet hulle vroue se uniekheid as 'swakker geslag', wat nie fisies of emosioneel haar man se mindere hoof te beteken nie, maar wel haar vrou-wees, haar behoeftes, leer verstaan en daarvolgens behandel. Uiteraard verdwyn natuurlik geskape verskille tussen mans en vroue nie in die huwelik nie. Dit vra gewoon dat mans nie hulle vroue verkleineer en afknou op gebiede waar hy die sterkere mag wees nie.

Christenmans moet begelei word om te verstaan dat, as 'n vrou in God se oë soveel respek en liefde waardig is dat Hy haar 'n erfgenaam van die ewige lewe gemaak het, mag geen man haar met minder respek behandel nie. Hulle moet besef dat, indien daar 'n kortsluiting in hulle gebedsverhouding met die Here beleef word, 'n goeie plek om te begin soek vir die fout, juis by hulle huweliksverhouding is.

4.3.6. 1 Petrus 3:8-12: Die prinsipiële riglyn vir Christene se verhouding met hulle naaste in die algemeen

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer 3.5.6.6:

Gelowiges moenie kwaad met kwaad vergeld en belediging met belediging nie, maar hulle moet met 'n seënswens reageer, die goeie bly doen en vrede najaag. Hierdie optrede bewys dat hulle die lewe liefhet en 'n lang lewe wil hê om die goeie te geniet.

Mense, gelowiges te meer, het 'n natuurlike affiniteit vir die lewe en wil graag lank leef om die goeie wat die lewe bied, te kan geniet.

Met hierdie Skrifperspektief word vir gelowiges op 'n praktiese wyse voorgeskryf hoe om dit reg te kry om die lewe te geniet in 'n samelewing waar daar oënskynlik min rede vir optimisme (hoop) bestaan – soos baie die samelewing van post-1994 Suid-Afrika ervaar.

Die opvallende van hierdie voorskrifte is dat dit presies die teenoorgestelde is as wat van nature verwag sou word om sodanige lewe te skep. Dit is baie beslis nie voorskrifte wat

gemik is op selfhandhawing en eie oorlewing en voordeel nie. En, dit is nie net advies nie, maar hiertoe word Christene geroep!

Die oorkoepelende prinsipiële riglyn is: fokus op jou veronregtende medemens se beswil en wees voorbereid daarop dat dit teen jou natuurlike (sondige) geaardheid mag indruis om nie te vergeld nie. In die praktyk val hierdie prinsipiële riglyn soos volg uiteen:

- Wees eensgesind. Jou natuurlike ingesteldheid om heelyd van ander te verskil, te kritiseer en daaroor te stry moet plek maak vir 'n gesindheid om dieselfde as jou medegelowiges te dink en die uitdagings van die lewe dieselfde te hanteer.
- Wees medelydend. Wie eensgesind is, behoort sensitief te wees vir die beleving van onreg, behoort eie gewin opsy te skuif en behoort gevolglik medelye met ander te ervaar. Jy verplaas jou in die skoene van ander (ook van veronregters) asof die goeie of slegte dinge met jouself gebeur en huil saam met dié wat ly en is bly saam met dié wat bly is.
- Betoon broerliefde. Dit is gebaseer op 'n verbintenis tussen mekaar op grond van gemeenskaplike kinskap van God. Hierdie liefde is 'n onvoorwaardelike omgee en goed doen aan jou medemens as self ook "kind van God".
- Wees goedhartig. Goedhartigheid sluit aan by die broerliefde, maar wys op die oorsprong van jou goed doen, nl om van harte goed te wees, om sensitief te wees vir ander se nood en met graagte liefde en omgee te bewys.
- Wees nederig. Nederiges verag nie ander mense nie, voel nie seergemaak as gevolg van ander se optrede teenoor hulle nie en soek beslis nie wraak oor onreg wat hulle aangedoen is nie. Nederiges besef hulle geringheid voor God.

Praktiese toepassings wat uit hierdie prinsipiële riglyne afgelei kan word wanneer jy sou ly onder veronregting van jou medemens se kant – veral onder erge verbale aggressie, verdagmakery en verwerping is soos volg:

- Moenie kwaad met kwaad vergeld nie, maar antwoord met 'n seënwens. Konkreet beteken dit dat jy nie vir jou veronregter dieselfde kwaad toewens en aandoen as wat hy vir jou aandoen nie, maar die goeie van God toewens.
- Soek vrede met so iemand, wat nie beteken om iemand te vermy ter wille van die 'lieuwe vrede' nie, maar om aktief pogings aan te wend om 'n goeie verhouding met so iemand te bewerkstelling. Soek saam met so iemand om die oorsaak en oplossings vir die onvrede te vind.

Die rede waarom Christene dit kan bekostig om so selfloos en selfontledigend op te tree, is omdat hulle kan weet dat die Here sorg vir die opregtes en dat Hy sal optree teen die kwaaddoeners.

Wie hierdie voorskrifte nakom, sal daaraan meewerk om die samelewing waarin haat en lyding en aggressie leef, te genees en 'n lewe te realiseer wat jy kan liefhet en geniet.

4.3.7. 1 Petrus 3:13-17: Die prinsipiële riglyn as vertrekpunt vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer in 3.5.7.2.6:

Erken en gehoorsaam nét Christus as Here (Baas) van jou lewe; die oomblik wat jy toelaat dat slegte mense jou gedrag bepaal, het jy hulle baas laat word oor jou lewe, in die plek van Christus.

Mens se verwagting is dat niemand jou kwaad sal aandoen as jy jou beywer vir goeie dinge nie, veral optrede wat jou medemens geen skade aandoen nie. Tog, binne 'n onregverdige samelewing is dit nie vanselfsprekend nie. Petrus se eerste lesers en so ook baie in post-

1994 Suid-Afrika ervaar dat mens se goeie daade en motiewe nie altyd die gewenste uitwerking het nie. Mense word veronreg (onregverdig behandel) selfs al doen hulle wat reg is! Dit laat Christene met 'n morele dilemma. Hoe moet hulle hierop reageer?

Die prinsipiële riglyn vir hulle gedrag, is soos volg:

Erken net vir Christus as Here (Baas) van jou lewe; net vir Hom het jy eerbied. Prakties beteken dit nie dat Christene met 'n hoog-heilige arrogansie teenoor hulle veronregters sal optree en hulle veroordelend ignoreer nie. Eerbied net vir Christus beteken wel dat hulle Hom alleen bly gehoorsaam deur aan te hou goed doen en hulle nie deur hulle veronregters sal laat verlei om met kwaad-doen te reageer nie. Wanneer Christene toelaat dat hulle veronregters hulle dwing om met kwaad-doen te vergeld, maak hulle vir alle praktiese doeleindes hierdie mense hulle base wat hulle lewens dikteer. Dan is Christus nie meer die Here van hulle lewe nie, die Een wat alleen-seggenskap het nie.

4.3.8. 1 Petrus 4:1-7a: Die prinsipiële riglyn vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer in 3.5.7.3.6:

Wanneer jy onafwendbaar ly omdat jy aanhou goed doen, oortuig jou innerlik daarvan dat jy met die sonde afgereken het – om Christus ontwil, en dat Christus – in die lig van die nabyheid van die einde van alles – klaarstaan om die veronregters hulle verdiende loon te gee.

Lyding, veroorsaak deur kwaadpraat en laster, wanneer jy goed doen, bly vir Christene 'n moeilik hanteerbare saak. Dit kan hulle gedagtes (denkwyse) verwar en daartoe aanleiding gee dat hulle wil terugval in ou sondige lewenspatrone, soos losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg en drinkpartye en afskuwelike afgodery, soos voordat hulle Christene geword het. In die geval van Christene wat vir alle teoretiese doeleindes hulle lewe lank Christene is, bestaan die gevaar om te assimileer met die sondige samelewing wanneer hulle veronregting verduur omdat hulle nie meedoen aan die leefwyse van goddeloses (nie Christene) nie. Christene sou dan verlei word om óf reg in eie hande te neem (volgens hulle sondige geaardheid op te tree), óf om maar (weer) saam met die goddelose stroom te spoel, eerder as om beswadding en diskriminasie of selfs werksverlies te verduur.

Die prinsipiële riglyn wat uit hierdie Skrifperspektief afgelei kan word, is soos volg:

Moenie ontstem raak of in vertwyfeling kom as jy veronreg word omdat jy nie deel neem aan die goddelose lewe nie maar aanhou doen wat God wil. Oortuig julleself innerlik met die volgende waarhede:

- Die feit dat jy ly, is 'n bewys dat jy met die sonde klaargemaak het. Dit is 'n heerlike bevestiging dat die sonde nie meer baas van jou lewe is nie. Indien dit nie die geval was nie, sou jy nie veronregting hoef deurgemaak het nie.
- Christus het ook liggaamlik gely ten spyte van die feit dat Hy God se wil gedoen het. Hiermee het Hy nie net 'n voorbeeld vir ons gestel nie, maar veral daardeur die mag van die sonde oor ons gebreek. Ons is dus, in sy verlossingskrag, in staat om met die sonde klaar te speel.
- Die veronregters kan nie onbepaald voortgaan om gelowiges te teister nie. Hulle sal aan God rekenskap moet gee. Christus staan klaar om hulle hulle verdiende loon te gee, want die einde van alles is naby.

4.3.9. 1 Petrus 4:7b-11: Die prinsipiële riglyn as plan van aksie vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer in 3.5.7.4.6:

In die moeilike (en onsekere) tyd van afwagting op die dag van afrekening moet Christene heldere insig en nugtere onderskeidingsvermoë aan dag lê deur mekaar lief te hê, gasvryheid te betoon en mekaar met hulle gawes te dien.

Hoewel Christene wat voortdurend onreg verduur, weet dat die Here uiteindelik sal kom om onreg te vergeld, kan hulle ongeduldig raak vanweë die gewag. Die effek daarvan is dat hulle moed kan opgee en dan verward (bedwelm) raak omdat hulle dink dat die dag nie gaan kom nie. Hulle kan ook, ter wille van 'n onreg-vrye lewe, assimileer met die ongelowige samelewing en terugval in ou sondige lewenspatrone. 'n Verdere gevaar is dat Christene, uit ontnugtering met die stand van sake, die geloofsgemeenskap verwaarloos en nie meer na mekaar omsien en in die geloof opbou nie.

Die prinsipiële riglyne wat uit hierdie Skrifperspektief afgelei kan word, is soos volg:

- Wees selfbeheers en waaksaam. Tree volgens jou gesonde oordeel op soos iemand wat op 'n geestelik volwasse manier situasies bedink en beoordeel het en gevolglik eties reg kan besluit en optree. Kortom, bedink en laat jou lei deur dit wat God in die Bybel openbaar, nl dat die dag van afrekening vir seker kom en dat jy, in die lig daarvan, nie aan jou sondige geaardheid mag vrye teuels gee nie.
- Moenie jou geloofsgemeenskap loslaat nie.

Die Here gee vir Christene 'n aksieprogram om selfbeheers en waaksaam staande te bly met die oog op die naderende einde. Die aksieprogram is soos volg:

- Wees voortdurend daarop uit om jou medegelowige lief te hê. Dit is 'n onuitputlike liefde wat jou hele hart vra en waarvoor nie moed opgegee mag word nie. Hierdie liefde is 'n liefde wat jou medegelowige se voordeel en belange voorop stel, al vra dit selfopoffering. Dit is 'n liefde wat ruimte skep vir ander om hulle sonde te kan bely sonder om veroordeel te word en wat kan help genees.
- As 'n verdere praktiese uitvloeisel van liefde, wees gasvry teenoor jou medegelowiges al is hulle nie aan jou bekend nie. Prakties sou dit vra dat jy uitreik na iemand in die geloofsgemeenskap wat vir jou onbekend mag wees, eenkant-mense en nuwelinge; dat jy doelbewus bewus raak van ander se behoeftes en hulp verleen.
- Besef watter genadegawes die Here aan jou gegee het om die geloofsgemeenskap te dien en gebruik dit daartoe. Genadegawes is gegee met die oog op die opbou van die geloofsgemeenskap en nie vir eie persoonlike gewin nie. Sodoende sal God verheerlik word – ook in 'n ongelowige samelewing.

4.3.10.1 Petrus 4:12-19: Die samevattende prinsipiële riglyn vir Christene se houding teenoor en reaksie op veronregting

Hierdie Skrifperspektief is soos volg geformuleer 3.5.7.5.6:

Moenie skrik as jy onverdiend ly ter wille van Christus nie; moenie tot vergelding gedring word nie, maar vertrou jou lewe toe aan die getroue Skepper, en wys dat jy dit gedoen het deur aan te hou goed doen.

Hierdie slotakkoorde in 1 Petrus 4:12-19 dien as samevatting en opsomming vir die geadresseerdes se houding teenoor en reaksie op veronregting.

Die volgende prinsipiële riglyne kan uit hierdie Skrifperspektief afgelei word:

'n Christen moet voor alles seker maak dat die veronregting wat hy ervaar, om die regte redes is. Dit moet lyding ter wille van Christus wees, met ander woorde, omdat jy Hom gehoorsaam en nie omdat jy 'n moordenaar, dief, 'n misdadiger of 'n kwaadstoker is nie.

Daarom moet Christene nie deur lyding van stryk gebring word nie, maar eerder sulke onverdiende lyding verwag en wanneer dit jou oorkom, moet jy bly wees. Lyding ter wille van Christus bied 'n uitsig op jou deel-hê aan sy heerlikheid. Trouens, Christene is geseënd wanneer hulle ter wille van Hom onreg verduur. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlikheid behoort, ook op hulle is – die waarborg van hulle heerlikheid.

Laastens, wanneer jy ly, moet jy nie fanaties jou regverdige behandeling en jou voortbestaan met vergelding probeer verseker nie, maar vertrou jou lewe in vertrou en aan jou Skepper toe. Hy is almagtig en getrou en sal jou nooit in die steek laat nie.

In praktyk beteken dit: hou aan goed doen. Dit vra dat jy nie sal toegee aan jou sondige geaardheid en vergeld nie, maar dat jy in elke situasie en teenoor elke persoon/instansie (ook die veronregters) onbesproke sal bly optree.

4.4. Samevatting

Uit algemene waarneming is bevind dat post-1994 Christene in Suid-Afrika vorms van veronregting beleef ondanks die feit dat hulle burgers is wat beskerming van die Grondwet geniet. Enersyds is hulle bevoorreg en moet hulle hulle op die Grondwet beroep indien hulle in enige opsig veronreg word. Andersyds waarborg die grondwet nie noodwendig die beskerming wat verwag word nie.

Op grond van die Skrifperspektiewe uit 1 Petrus vir Christene se reaksie op veronregting is prinsipiële riglyne vir post-1994 Christene in Suid-Afrika afgelei. Hierdie prinsipiële riglyne bly geldig vir hulle optrede ongeag of Christene in die breë grondwetlike beskerming geniet al dan nie.

Die wese van die prinsipiële riglyne waartoe Christene in die post-1994 Suid-Afrika geroep word wanneer hulle veronregting ly, is om te stry, nie teen hulle veronregters nie, maar teen hulle natuurlike geaardheid wat eerder wil vergeld as goed doen. Die praktyk van hierdie prinsipiële riglyn word in die volgende verhoudings waarin Christene staan, uitgewerk en verduidelik:

- 2:13-17: In verhouding met politieke owerhede in al sy gestaltes
- 2:18-25: In verhouding met werkgewers wat alle gesagskringe insluit waarbinne Christene leef
- 3:1-7: In verhouding met huweliksmaat
- 3:8-12: In verhouding met naaste in algemeen
- 3:13 – 4:19: In hulle houding teenoor en reaksie op veronregting

Die prinsipiële riglyn vir Christene se houding wat uit 1 Petrus 4:12-19 afgelei word, vorm 'n logiese en samevattende afsluiting, aangesien al die hoofmomente van die prinsipiële riglyne hierin verwoord is, nl om nie tot vergelding gedwing te word wanneer hulle ter wille van Christus onreg ly nie, maar om hulle lewe aan die Here toe te vertrou en aan te hou om goed te doen.

HOOFSTUK 5

Samevatting en gevolgtrekking

5.1. Onderstaande bevat 'n samevatting van die studie:

5.1.1. Oriëntasie en probleemstelling (hoofstuk 1)

In hoofstuk 1 is die probleemstelling soos volg geformuleer: Hoe behoort Christene, volgens 1 Petrus, op te tree wanneer hulle onder veronregting ly?

Om hierdie sentrale navorsingsvraag te beantwoord, het die studie in die volgende hoofstukke uiteengeval:

- In hoofstuk 2 is die tersaaklike sosio-historiese konteks van die geadresseerdes van 1 Petrus waarbinne hulle veronregting gely het, gekonstrueer.
- In hoofstuk 3 is die Skrifperspektiewe in 1 Petrus vir Christene se reaksie op veronregting geformuleer.
- In hoofstuk 4 is die implikasies van hierdie Skrifperspektiewe vir die Christen wat in post-1994 Suid-Afrika woon, bepaal. Deur middel van die proses van hermeneuse is prinsipiële riglyne op grond van die Skrifperspektiewe geformuleer.

5.1.2. Die tersaaklike sosio-historiese konteks (hoofstuk 2).

In hoofstuk 2 is 'n konstruksie gemaak van die sosio-historiese konteks waarbinne die eerste lesers van 1 Petrus geleef het.

- Eerstens is die status en lewensomstandighede van die eerste lesers gekonstrueer. Die bevinding is soos volg saamgevat (2.2.5):

Die geadresseerdes van 1 Petrus was uitlanders, maar nie bloot in 'n figuurlik-geestelike sin nie. Dit was hulle werklike sosio-politieke status – selfs voordat hulle Christene geword het. Hulle het polities as uitlanders geleef, sonder die regte wat burgers geniet het. Sommige van die uitlanders was gevestigde uitlanders, terwyl ander besoekende uitlanders was. In beide gevalle het hierdie sosio-politieke status hulle van regte en voorregte van burgerskap ontnem, hoewel die gevestigde uitlanders bietjie hoër status geniet het as die besoekende uitlanders. Beide die παροίκοι en die παρεπιδήμοι is blootgestel aan sosiale en politieke uitbuiting, laasgenoemde meer as eersgenoemde. Dit blyk dat die huisbediendes wat in 1 Petrus 2:18 aangespreek word, hoofsaaklik uit die kategorie van παρεπιδήμοι, die laer sosiale klas, gekom het.

- Vervolgens is die redes vir hulle veronregting, die aard van hulle lyding en die effek wat die veronregting op hulle gehad het, ondersoek. Die bevinding is soos volg saamgevat (2.3.4):

Behalwe dat die geadresseerdes, vanweë hulle politieke status, lyding verduur het, is hierdie veronregting vererger nadat hulle hulle tot die Christelike godsdiens bekeer het. Dit blyk uit die brief self dat die vorms van lyding waaraan hulle onderwerp is, (nog) grootliks verbale aggressie, soos beskimping, intimidasie, beswadding, kritiek, afsydigheid, verwerping, beledigings, vernederings, vals beskuldigings, en verdagmakery behels het. In die brief is daar egter ook aanduidings dat die veronregting oorgegaan het in fisiese geweld teen hulle. Die veronregting en gepaardgaande lyding was nog nie as gevolg

van amptelike vervolging deur die Romeinse owerheid nie, maar het meer “informeel” in die huishoudings en breër samelewing voorgekom.

Hierdie lyding het tweërlei uitwerking op die geadresseerdes gehad: Enersyds ’n juridies-politieke uitwerking, aangesien hulle bykans geen (of min) wetlike beskerming geniet het. Andersyds, ’n geestelik-politieke uitwerking, om óf in sekere opsigte met die Grieks-Romeinse samelewing te konformeer (akkulturasie), óf om hulle te onttrek uit die samelewing in die οἶκος (sosiale afskeiding).

5.1.3. Die bepaling van Skrifperspektiewe in 1 Petrus (hoofstuk 3)

In hoofstuk 3 is bepaal watter Skrifperspektiewe 1 Petrus bied aan die eerste lesers/hoorders wat veronregting en diskriminasie moes verduur. Hiermee is aangetoon dat 1 Petrus 2:11-12, nl om nie aan hulle sondige geaardheid toe te gee deur te wil vergeld nie, die basiese Skrifperspektief is. Al die ander Skrifperspektiewe, vanaf 1 Petrus 2:13 tot 4:19, is verskillende praktiese toepassings van die basiese opdrag.

Skrifperspektiewe is vanuit elk van die volgende perikope geformuleer:

- 2:11-12: Die basiese oproep
- 2:13-17: In verhouding met politieke owerhede
- 2:18-25: In verhouding met werkgewers
- 3:1-7: In verhouding met huweliksmaat
- 3:8-12: In verhouding met naaste in algemeen
- 3:13 – 4:19: In die houding teenoor en reaksie op veronregting

Die laaste Skrifperspektief wat in 1 Petrus 4:12-19 gegee word, vorm ’n logiese en samevattende afsluiting van al die voriges, aangesien al die hoofmomente van hulle reaksie op veronregting hierin verwoord is, nl om nie tot vergelding gedwing te word wanneer hulle ter wille van Christus onreg ly nie, maar om hulle lewe aan die Here toe te vertrou en aan te hou goed doen.

5.1.4. Die prinsipiële riglyne (hoofstuk 4)

In hoofstuk 4 is die resultaat van die Skrifperspektiewe wat verkry is uit 1 Petrus, toegepas in die praktyk van Christene wat veronregting in post-1994 Suid-Afrika ervaar.

Alvorens die prinsipiële riglyne vanuit 1 Petrus vir post-1994 Christene in Suid-Afrika geformuleer kon word, is die verskil tussen die kontekste van die eerste lesers/hoorders van 1 Petrus en die lesers van vandag aangetoon. In 2.3.3.1 is beredeneer dat die eerste lesers, op grond van hulle sosio-politieke status as uitlanders, veral die παρεπιδήμιοι, geen wetlike beskerming van die Romeinse howe en geen politieke regte geniet het nie, terwyl παροῖκοι beperkte regte gehad het. Hierteenoor geniet alle burgers in Suid-Afrika, vanselfsprekend ook Christene en selfs uitlanders, die beskerming van die Konstitusie van Suid-Afrika.

Uit algemene waarneming is verder aangetoon dat post-1994 Christene in Suid-Afrika vorms van veronregting beleef ondanks die feit dat hulle burgers is wat beskerming van die grondwet geniet. Enersyds is hulle bevoorreg en moet hulle hulle op die Grondwet beroep indien hulle enige vorm van veronregting ly. Andersyds waarborg die grondwet nie noodwendig die beskerming wat verwag word nie.

Wat uit hierdie studie duidelik geword het, is dat die prinsipiële riglyne geldig bly vir die optrede van Christene in post-1994 Suid-Afrika, ongeag of hulle effektief grondwetlike beskerming geniet al dan nie.

Die wese van die prinsipiële riglyne waartoe Christene in die post-1994 Suid-Afrika geroep word wanneer hulle veronregting ly, is om te stry, nie teen hulle veronregters nie, maar teen hulle natuurlike geaardheid wat eerder wil vergeld as aanhou goed doen. Die praktyk van

hierdie prinsipiële riglyn is in die volgende verhoudings waarin Christene staan, uitgewerk en verduidelik:

- 2:13-17: In verhouding met politieke owerhede in al sy gestaltes
- 2:18-25: In verhouding met werkgewers wat alle gesagskringe insluit
waarbinne Christene leef
- 3:1-7: In verhouding met huweliksmaat
- 3:8-12: In verhouding met naaste in algemeen
- 3:13 – 4:19: In die houding teenoor en reaksie op veronregting

Die prinsipiële riglyn vir Christene se houding wat uit 1 Petrus 4:12-19 afgelei word, vorm 'n logiese en samevattende afsluiting, aangesien al die hoofmomente van die prinsipiële riglyne hierin verwoord is, nl om nie tot vergelding gedwing te word wanneer hulle ter wille van Christus onreg ly nie, maar hulle lewe aan die Here toe te vertrou en aan te hou goed doen.

5.2. Gevolgtrekking

Uit die voorgaande studie het dit duidelik geword dat nóg akkulturasie (Balch) nóg *social separation* (Elliott) tot in hulle volle konsekwensies in 1 Petrus deurgevoer word. Hierdie brief bevat opdragte wat dui op akkulturasie (bv 1 Pet 2:13 – 3:7), nl hoe om in die Grieks-Romeinse samelewing in te pas, sowel as opdragte wat die eiesoortige karakter en identiteit van die Christelike gemeenskap versterk (bv 1 Pet 2:4-5; 1 Pet 4:7-11). Die antwoord op die debat tussen Balch en Elliott moet nie gesien word as teenoorstaande standpunte nie (vgl Goede 2010:208-210; Jobes 2005:182).

Myns insiens moet Christene, ook in post-1994 Suid-Afrika, daarop fokus om hulle Christelike identiteit te behou en as sodanig in die samelewing hulle Godgegewe roeping na te kom – deur goed te doen. Christene is immers in die wêreld maar nie van die wêreld nie soos Jesus Christus vir sy kerk bid:

Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid (Joh 17).

5.3. Moontlike onderwerpe vir verdere studie

- 5.3.1. 'n Vergelykende studie van al die huistafels in die Nuwe Testament om die opdrag aan Christene binne verskillende sosio-historiese kontekste vas te stel – 'n Eksegeties-hermeneutiese studie
- 5.3.2. 'n Genesingsproses vir veronregtes en vir die samelewing op grond van die Skrifperspektiewe in 1 Petrus vir Christene wat veronregting ervaar – 'n Bibliologies-sosiologiese studie.

Bibliografie

- BALCH, DL. 1981. Let wives be submissive: The domestic code in 1 Peter. Atlanta: Scholars Press. (Society of Biblical Literature Monograph Series, 26).
- BALCH, DL. 1986. Hellenization/acclturation in 1 Peter. (*In*: Talbert, C H. ed. Perspectives on First Peter. Macon: Mercer University Press. p.79-101. (NABPR Special Studies Series, Number 9)).
- BARKHUIZEN, JH & STANDER, HF & SWART, GJ. *reds. Hupomnema*. Feesbundel opgedra aan prof. J.P. Louw. Departement Grieks, Universiteit van Pretoria: Pretoria. p. 283-306.
- BARTCHY, SS. 1992. Slavery (New Testament). (*In* Freedman, D.N. ed. The Anchor Bible W. Vol. VI:65-73. New York: Doubleday).
- BAUERS, W. 1979. A Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian Literature. The University of Chicago Press. Chicago and London.
- BERGER, A. 1953d. *Peregrinus* (*In* Encyclopedic Dictionary of Roman Law. Vol.64, part. 2.: Philadelphia: The American Philosophical Society.
- BERGER, A. 1953e. *Servus* (*In* Encyclopedic Dictionary of Roman Law. Vol.64, part.2:704). Philadelphia: The American Philosophical Society.
- BLASS, F & DEBRUNNER. 1961. A Greek Grammar of the New Testament and other Early Christian Literature. Chicago and London: The University of Chicago Press..
- BOLKENSTEIN, M.H 1977. De Brieven van Petrus en Judas. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach.
- BREED, DOUW G; VAN RENSBURG, FIKA J; JORDAAN, GERT JC. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- BREED, G. 2014, 'The diakonia of Practical Theology to the alienated in South Africa in the light of 1 Peter', *Verbum et Ecclesia* 35(1), Art. #847, 9 pages.
- BROWN, COLIN. 1980. The New International Dictionary of New Testament Theology. Volumes 1,2 & 3. Exeter: The Paternoster Press.
- BYBEL. 1954. Die Bybel in Afrikaans. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYBEL. 2001. Die Bybel Nuwe Vertaling (met herformulerings).11 de druk. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYBEL. 1993. Greek Bible with dictionary. 4th revised ed. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft and Bible Societies.
- BYBEL. 2014. Die Bybel – Afrikaanse Standaard Vertaling en Nuwe Lewende Vertaling (Parallel Nuwe Testament). Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy.
- BYBEL. 2013. Parallel Nuwe Lewende Vertaling & New International Version. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy.
- BYBEL. 2014. Nuwe Testament en Psalms. 'n Direkte Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CAMPBELL, DN & VAN RENSBURG FIKA J. 2008. A History of the interpretation of 1 Peter 3:18-22. *Acta Patristica et Byzantina* (19).

- DAVIDS, PETER H. 1990. *The First Epistle of Peter*. Grand Rapids: William Eerdmans Publishing Company.
- DONELSON, LEWIS R. 2010. *1 & 2 Peter and Jude. A Commentary*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.
- DOUGLAS, JD *et al.* 1962. *New Bible Dictionary sec.ed.* Leicester: Inter-varsity Press.
- ELLIOTT, JH. 1981. *A home for the homeless: A sociological exegesis of 1 Peter, its situation and strategy*. Philadelphia: Fortress Press.
- ELLIOTT, JH. 1986. *1 Peter, its situation and strategy: A discussion with David Balch*. (In: Talbert, C H. *Perspectives on First Peter*. Macon: Mercer University Press. p.61-78. (NABPR Special Studies Series, Number 9)).
- ELLIOTT, JH 1990. *A home for the homeless: A social-scientific criticism of 1 Peter, its situation and strategy*. Philadelphia: Fortress.
- ELOFF, THEUNS. 2016. *Wat nou, Suid-Afrika? Kaapstad: Tafelberg*.
- FLOOR, L. 1979. *Hy wat met die Heilige Gees doop*. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.
- FLOOR, L. 1986. *'n Lamp vir almal in die huis. Christelike leefreëls vir huwelik, gesin en samelewing*. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.
- GOEDE, H. 2010. *The exhortations to slave-owners in the New Testament: A philological study*. PhD Thesis. Potchefstroom.
- GREIJANUS, S. 1929. *De Brieven van de Apostelen Petrus en Johannes, en de Brief van Judas*: Amsterdam – H.A. van Bottenburg.
- GRÖNUM, N & VAN RENSBURG, FIKA J. 2004. *Die Gereformeerde Skrifbeskouing en die verrekening van sosio-historiese konteks in eksegesi*. *In die Skriflig* 38(4):579-592.
- GRUDEM, WAYNE A. 1988. *The First Epistle of Peter. An introduction and Commentary*. Leicester: Inter-Varsity Press.
- GUTHRIE, BD *et al.* 1982. *New Bible Commentary*. Leicester: Inter-varsity Press
- HORELL, DAVID G. 2008. *1 Peter*. New York: T & T Clark.
- HOWE, BONNIE. 2006. *Because You Bear His Name. Conceptual Metaphor and Moral Meaning of 1 Peter*. Leiden. Boston: Brill..
- JANSE VAN RENSBURG, FIKA. 2011. *Constructing the economic-historic context of 1 Peter: Exploring a methodology*. *HTS Teologiese Studies Theological Studies* 67(1), Art. #939, 11 pages. DOI: 10.4102/hts.v67i1.939.
- JANSE VAN RENSBURG, F. 2013. *Ransomed by God into his household: Interpreting the ransome imagery in 1 Peter within the economic context of its author and addressees*. *Acta Theologica* 33(2):239-259.
- JOSEPH, ABSON PRÉDESTIN. 2012. *A Narratological Reading of 1 Peter*. London: T & T Clark International
- JOBES, KAREN H. 2005. *1 Peter. Baker Exegetical Commentary of the New Testament*. Grand Rapids: Baker Academic.
- KELLER, TIMOTHY.2012. *Center Church. United States of America: Zondervan*.
- KISTEMAKER, SIMON J. 1990. *New Testament Commentary. Exposition of the Epistles of Peter and of the Epistle of Jude*. USA: Baker Book House Company.
- LOUW, JP & Nida, EA. 1989. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic domains. Volumes 1 & 2*. Cape Town: United Bible Societas

- MALHERBE, AJ 1983. (2nd enlarged ed.) Social aspects of early Christianity. Philadelphia: Fortress Press.
- MARSHALL, I HOWARD. 1991. 1 Peter. The IVP New Testament Commentary Series. Illinois USA: InterVarsity Press. Downers Grove.
- MATTHEW HENRY'S COMMENTARY ON THE WHOLE BIBLE. 1996. Acts to Revelation. Volume 6. United States of America: Hendrickson Publishers Inc.
- MEEKS, WA. 1986. The moral world of the first Christians. Philadelphia: Westminster.
- METZGER, BM. 1975. A Textual Commentary on the Greek New Testament. London: United Bible Societies.
- MICHAELS, J RAMSEY. 1988. Word Biblical Commentary Volume 49. 1 Peter. Waco Texas: Word Books Publisher.
- MOULTON, HK & GEDEN, S. 1978. A Concordance to the Greek Testament. Edinburgh: T & T Clark
- NIEBUHR, H RICHARD. 1951. Christ and culture. USA: Harper & Row, Publishers, Incorporated, Printed in the USA.
- SELWYN, EG. 1947. The First Epistle of St. Peter. 2nd ed. London: Macmillan.
- SMIT, DIRKIE. 1988. Hoop in lewe en lyding. Oordenkings en Bybelstudies uit 1 Petrus. Kaapstad: Lux Verbi
- STIBB, AM. & WALLS, AF. 1968. The First Epistle General of Peter. London: The Tyndale Press.
- TALBERT, CHARLES H. 1986. Perspectives on 1 Peter. Macon, Georgia: Mercer University Press (NABPR Special Studies Series 90)
- VAN DER WALT, T. 2007. Die Messias het gekom! 'n Gids vir die Evangelies vir toegewyde Bybel-studente. 2^{de} hersiene uitgawe. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VAN DER WATT, JAN. 2000. Die Christen, die Bybel en die Toekoms. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- VAN DER WATT, JAN. red. 2003. Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- VAN DER WATT, JAN & TOLMIE, FRANCOIS. 2014. Ontdek die boodskap van die Nuwe Testament. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- VAN RENSBURG, FIKA J. Indikatief en paraklese in 1 Petrus en die implikasie daarvan vir die kerklik prediking vandag. *In die Skriflig* 24:71-101
- VAN RENSBURG, FJJ. 1992b. Vreemdelingskap in 1 Petrus: Voorlopige definiëring van die betekenis van die betrokke Griekse woorde. (*In* Barkhuizen, J.H., Stander, H.F. & Swart)
- VAN RENSBURG, FIKA J. 2002. Verklaring en eietydse toepassing van 1 Petrus. (Handleiding soos gebruik vir Vereeniging Bybelskool).
- VAN RENSBURG, FIKA J & PIENAAR, GERRIT. 2005. Vreemdeling in jou eie land! Teologiese riglyne vanuit 1 Petrus, met 'n juridiese begroning. *In die Skriflig* 39(1):27-52. [Stranger in one's own country! Theological guidelines from 1 Peter with a juridical foundation.]
- VAN RENSBURG, FIKA J. 1992. The outline of 1 Peter: A reconsideration. *Ekklesiastikos Pharos* 74/1 (NS3): 26-41.

- VAN RENSBURG, FIKA J. 1998. Christians as 'resident and visiting aliens'. Implications of the exhortations to the 'paroikoi' and 'parepidemoi' in 1 Peter for the church in South Africa. *Neotestamentica* 32(3):573-584
- VAN RENSBURG, FIKA J. 2000. Dékor of Konteks? Die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in die interpretasie vir die prediking en pastoraat van 'n Nuwe Testamentteks, geïllustreer aan die hand van die 1 Petrus-brief. *Skrif en Kerk* 21(3):564-582.
- VAN RENSBURG, FIKA J. 2004. Sarah's submissiveness to Abraham: A socio-historic interpretation of the exhortation to wives in 1 Peter 3:5-6 to take Sarah as example of submissiveness. *HTS* 60(1 & 2).
- VAN RENSBURG, FIKA J. 2006. A code of conduct for children of God who suffer unjustly: Identity, Ethics and Ethos in 1 Peter. *Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der älteren Kirche* 141:473-510."
- VAN RENSBURG, FIKA J. 2009. No Retaliation! An ethical analysis of the exhortation in 1 Peter 3:6. Not to repay evil with evil. (In Fitzgerald, John.T, van Rensburg, Fika J. 2009., reds. Animosity, the Bible, and us. Some European, North American and South African Perspectives. Atlanta: Society of Biblical Literature. p.199-230
- VAN RENSBURG, FIKA J. 2010. Die eskatologie van 1 Petrus: hoop en vindikasie vir tydelike en permanente uitlanders. *In die Skriflig* 44(1). p. 201-228
- VAN RENSBURG. FIKA J. et.al. 2011. Preekgeboorte. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies
- VAN UNNIK, WC. 1980a. The redemption in 1 Peter i 18-19 and the problem of the first epistle of Peter. (In Barrett, C.K., ed. *Sparsa collecta: the collected essays of W.C. van Unnik*. Vol. 2. Leiden: Brill. p. 3-82.)
- VAN UNNIK, WC. 1956 [1980b]. Christianity according to 1 Peter (In C.K Barret (ed.), *Sparsa collecta: The collected essays of W.C. van Unnik*, part 2, pp.111-120), Brill, Leiden
- VAN WYK, GJ & VAN RENSBURG, FIKA J. 1997. *Oiketai* (huisbediendes) in die eerste-eeuse Grieks-Romeinse samelewing. 'n Sosio-historiese konstruksie vir die interpretasie van 1 Petrus 2:18. *In die Skriflig* 31(3):229-249.
- VAN WYK, JH. 2001. Etiek en Eksistensie in Koninkryksperpektief. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VINSON, RICHARD. B & WILSON, RICHARD. F & WATSON, MILLS.2010. Smyth & Helwys Bible Commentary: 1 & 2 Peter. Smyth & Helwys Publishing
- VOSLOO, WILL & VAN RENSBURG, FIKA J. 1999. Die Bybellennium Een volume Kommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.